# GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN DIE STEDELIKE AGTERBUURT: 'n SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

Lukas Johannes Pieterse

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Artium in die Departement
Sosiologie aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof J E Kruger

Potchefstroom
Desember 1982

## DANKBETUIGING

Ek wil my opregte dank en waardering uitspreek teenoor prof. J.E. Kruger vir sy bekwame leiding en hulp met die beplanning, skryf en voltooiing van hierdie studie.

Aan my ouers my innige dank vir die liefdevolle wyse waarop hulle my in alle opsigte ondersteun en aangemoedig het tot op hierdie stadium van my studieloopbaan. Baie dankie dat u my van jongs af 'n lewenswyse ingeskerp het wat so treffend deur Bismarck verwoord is: "Aan die jeug het ek slegs drie woorde van raad - werk, werk, werk".

'n Besondere woord van dank aan Isa Schoeman, Eunice van Tonder, Guzette Fouché en my sus Chrisna vir die tikwerk, en ook aan Terry de Vos wat die taalkundige versorging behartig het.

Aan my vriende en kollegas: baie dankie vir die onderskraging.

Hiermee word erkenning verleen aan die Raad vir Geestesweten=skaplike Navorsing vir die gewaardeerde studiebeurs wat aan my toegeken is.

Aan my Skepper die hoogste dank en lof: Hy was altyd daar, ook en veral tydens die lang nagte van eensame studie.

Lukie Pieterse

# GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN DIE STEDELIKE AGTERBUURT: 'n SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

## INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD


1. Inleiding 1

2. Doel van die studie 3

3. Metode van ondersoek 5

HOOFSTUK 1: DIE STEDELIKE AGTERBUURT VANUIT HISTORIES-SOSIO= LOGIESE PERSPEKTIEF

1. Inleiding 7

2. Die sosiologie en die industriële stad: 'n historiese agtergrondsketS 8

   2.1 Die invloed van industrieel-stedelike ontwikkeling 9

   2.2 Ferdinand Tönnies 11

   2.3 Emile Durkheim 13

   2.4 Georg Simmel 15

3. Die Chicago-skool en die stedelike sosiologie 17

   3.1 Historiese agtergrond 17

   3.2 Aspekte van die stedelike sosiologie van die Chicago-skool 18

4. Die ontstaan en aard van die vroeë stedelike agterbuurt 23

   4.1 Die pre-industriële stad 24

   4.2 Die ontstaan van industriële agterbuurte 25

   4.3 Die aard van fisiese omstandighede 26

   4.4 Maatskaplike wantoestande 28

5. Eerste pogings tot maatskaplike hervorming 30

   5.1 Die ontwikkeling van maatskaplike sorg 31

   5.2 Die ontwikkeling van stedelike beplanning 33

6. Die invloed van industrialisasie en verstedeliking in Suid-Afrika 36

6.1 Die histories-maatskaplike agtergrond van Soweto 37

6.2 Die Armblankevraagstuk 39

6.3 Die ontwikkeling van die sosiologie in Suid-Afrika 41

6.4 Stedelike hernuwing in Suid-Afrika 42

7. Samevatting

HOOFSTUK 2: DIE STEDELIKE AGTERBUURT: TEORIEë, KENMERKE EN ENKELE OPLOSSINGSBENADERINGS

1. Inleiding 46

2. Enkele definisies van die stedelike agterbuurt 47

2.1 Agterbuurte en behuising 47

2.2 Agterbuurte en lae huur gebiede 49

2.3 Agterbuurte en onvoldoende gemeenskapsfunksies 51

2.4 Die agterbuurt en maatskaplike wanfunksionering 52

3. Teorieë omtrent die stedelike agterbuurt 55

3.1 'n Sosio-ekologiese tipologie van agterbuurte 55

3.2 'n Sosio-funksionele tipologie van agterbuurte 57

3.3 'n Psigo-sosiale tipologie van agterbuurtbewoners 59

3.3.1 Die permanente behoeftiges 59

3.3.2 Die tydelike behoeftiges 60

3.3.3 Die permanente opportuniste 61

3.3.4 Die tydelike opportuniste 62

4. Fisiese kenmerke van die stedelike agterbuurt 63

4.1 Behuising 64

4.2 Oorbewoning 67

4.3 Sanitasie 69

4.4 Gemeenskapsfasiliteite 70

5. Maatskaplike kenmerke van die stedelike agterbuurt 71

5.1 Elemente van sosiale disorganisasie 73

5.1.1 Aard van die huwelik- en gesinslewe 74

5.1.2 Misdaad 77

5.1.3 Ander vorme van afwykende gedrag 79

5.1.4 Isolasie en aliënasie 80

5.2 Elemente van sosiale organisasie 82

5.2.1 Aspekte van sosiale kohesie 83

5.2.2 Territorialiteit in die agterbuurt 85

6. Enkele oplossingsbenaderings 88

6.1 Stedelike hernuwing 90

6.2 Maatskaplike benaderings 93

7 Samevatting 96

## HOOFSTUK 3: DIE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSBENADERING

1. Inleiding 99

2. Historiese oorsig 100

2.1 Ontwikkeling binne die Angelsaksiese wêreld 100

2.2 "Animation Rurale" 104

3. Gemeenskapsontwikkeling: 'n begrips-dilemma 107

3.1 Gemeenskapsontwikkeling as jong vakdissipline 108

3.2 Die multi-dissiplinêre aard van gemeenskapsontwik=keling 109

3.3 Ambivalensie ten opsigte van aanverwante begrippe 111

3.4 Ambivalensie betreffende die konteks van gemeen=skapsontwikkeling 113

4. Enkele definisies van gemeenskapsontwikkeling 116

4.1 Engeland 116

4.2 Die Verenigde State van Amerika 117

4.3 Indië 118

4.4 Suid-Afrika 118

5. Benaderings in gemeenskapsontwikkeling 120

5.1 Gemeenskapsontwikkeling as 'n proses 120

5.2 Gemeenskapsontwikkeling as 'n metode 124

5.3 Gemeenskapsontwikkeling as 'n program 126

5.4 Gemeenskapsontwikkeling as 'n beweging 129

6. Die rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling 132

6.1 "Gemeenskap" en gemeenskapsontwikkeling 133

6.1.1 Die gemeenskap as territoriaal-geografiese eenheid 134

6.1.2 Die gemeenskap: sosiale wisselwerking 135

6.1.3 Die gemeenskap as psigo-kulturele eenheid 136

6.2 "Ontwikkeling" en gemeenskapsontwikkeling 137

6.2.1 Ontwikkeling as ekonomiese groei 138

6.2.2 Ontwikkeling as modernisasie 140

6.2.3 Ontwikkeling as 'n gebalanseerde benadering 142

7. Die beginsels van gemeenskapsontwikkeling 145

7.1 Eerbied en agting 147

7.2 Selfbeskikking, "self-help" en eie behoeftebevre=diging 149

7.3 Solidariteit 151

8. Gemeenskapsbetrokkenheid 154

8.1 Konsensus 155

8.2 Motivering 158

9. Samevatting 161

HOOFSTUK 4: DIE BEPLANNING VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING VIR DIE STEDELIKE AGTERBUURT

1. Inleiding 164

2. <u>Situasiebepaling en inligtingversameling</u> 166

2.1 ŉ Gemeenskapstudie 166

2.2 Inhoud van ŉ gemeenskapstudie 168

2.2.1 Algemene agtergrondinligting 168

2.2.2 Die gemeenskap as ŉ samestelling van sosiale en kulturele groeperings 170

2.2.3 Die gemeenskap as ŉ samestelling van sosiale tipes 172

2.2.4 Die gemeenskap as ŉ samestelling van sosiale instellings 174

3. <u>Maatskaplike behoeftebepaling</u> 178

3.1 Omskrywing van maatskaplike behoeftes 178

3.2 Tipes maatskaplike behoeftes 179

3.2.1 Normatiewe behoeftes 180

3.2.2 Gevoelde behoeftes 182

3.2.3 Vergelykende behoeftes 184

3.2.4 Vereiste behoeftes 185

3.3 Maatskaplike behoeftekategorieë 186

4. <u>Prioriteitsbepaling</u> 190

4.1 Die Delphi-tegniek 192

4.2 Die nominale-groepproses 194

5. <u>Implementering</u> 195

5.1 Diversiteit 196

5.2 Gemeenskapsdeelname en -betrokkenheid 196

5.3 Koördinering van gemeenskapsontwikkeling 198

5.4 Aanpassing, herstrukturering en evaluering 199

6. Samevatting 204

## HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. Gevolgtrekkings 205

2. Aanbevelings 206

2.1 Die sosiologie en gemeenskapsontwikkeling 206

2.2 'n Nasionale gemeenskapsontwikkelingstrategie 210

2.3 Maatskaplike beplanning 211

2.4 'n Verstedelikingstrategie 212

BYLAE: GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN TAIWAN 214

BIBLIOGRAFIE 247

# VOORWOORD

## 1. INLEIDING

Daar kan met groot sekerheid beweer word dat die wêreld se bevolking toenemend verstedelik. Stedelikheid is van= dag meer as ooit tevore die kenmerkende lewenswyse van 'n groter getal mense. Waar die platteland 'n eeu en meer ge= lede die primêre leefwêreld van die menslike bevolking was, word dié landelike omgewing in toenemende mate die habi= tat van 'n kleinerwordende getal mense. Howton (1976, p407) beweer tereg: "Most of the developing countries today are experiencing a rush of movement of population from the hinterland to the urban centers that in sheer volume is without parallel in history".

Verstedeliking is ook in Suid-Afrika 'n realiteit wat nie geïgnoreer kan word nie. Daar kan verwag word dat ver= stedeliking in die toekoms 'n groter omvang sal hê as wat tans die geval is, veral na mate die Swart bevolking van Suid-Afrika in toenemende mate sal verstedelik. Die Swart bevolking in Suid-Afrika was teen 1980 sowat 38% verstedelik, in vergelyking met die Blankes, 88,7%, die Kleurlinge, 77,4% en die Asiërs 91,3%. Die verwagting is dat die Swart bevolking gedurende die volgende twee de= kades 'n hoër verstedelikingskoers sal handhaaf en teen die jaar 2000 ongeveer 72% van die land se totale stedelike be= volking sal verteenwoordig (sowat 25 miljoen teenoor die

huidige 7 miljoen of 38%). Van die totale bevolking van Suid-Afrika, sal daar teen die jaar 2000 sowat 35 miljoen mense in stedelike komplekse gekonsentreer wees, teenoor die huidige getal van ongeveer 14,5 miljoen mense (Tak: Maat=skaplike Beplanning, 1982, p2 e.v.).

Indien daar nie geslaag word om die verstedelikingsproses in Suid-Afrika ordelik en gekoördineerd te laat plaasvind binne die raamwerk van ŉ deeglik-beplande maatskaplik-eko=nomies-fisiese ontwikkelingstrategie nie, kan verwag word dat verstedeliking as sodanig verreikende politieke, maat=skaplike, fisies-ruimtelike en ekonomiese gevolge sal hê wat die stabiliteit en vooruitgang in Suid-Afrika ernstig sal bedreig. Een van die uitvloeisels van ŉ onbeheerde verstedelikingsproses is ŉ toename in die getal en omvang van stedelike agterbuurte. Howton (1976, p407) beskryf die gevolge waartoe ŉ skerp styging in die stedelike bevolking van ontwikkelende lande kan lei: "The result is that the capability of institutions and agencies of control and ser=vice ... has fallen farther and farther behind the need, reflecting a condition of saturation and incipient break=down. This has aggravated the already severe problem of heavy influx to the point that, in some instances, the ag=gregate absolute size of the civically and socially unin=tegrated slums is now close to the size of the city proper".

Daar kan derhalwe met reg gevra word of stede in die toe=koms in staat sal wees om die vloei van immigrante vanaf

die tradisionele hinterland sodanig te akkommodeer dat be=staande agterbuurte nie verder deterioreer om 'n nog groter maatskaplike, ekonomies-fisiese en politieke probleem te word as wat tans die geval in die meeste groot stede van Suid-Afrika en elders in die wêreld is nie.

## 2. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die onderhawige studie is om die nuttigheids=waarde van die gemeenskapsontwikkelingsbenadering vanuit sosiologiese perspektief te ondersoek teen die agtergrond van die stedelike agterbuurtprobleem.

Gemeenskapsontwikkeling geniet die afgelope paar dekades internasionale belangstelling as benadering vir die doel=matige verbetering van die sosio-ekonomiese lewensomstan=dighede en fisiese omgewing van mense en gemeenskappe. In verskeie ontwikkelende en onontwikkelde lande word ge=meenskapsontwikkeling toegepas om mense aan te moedig, te ondersteun en in die geleentheid te stel om self betrokke te raak en verantwoordelikheid te aanvaar vir die verho=ging van hulle eie lewenskwaliteit.

In Suid-Afrika is die meeste werk oor gemeenskapsontwikke=ling waarskynlik op die vakterrein van maatskaplike werk gedoen, hoewel gemeenskapsontwikkeling gereken word as 'n interdissiplinêre ontwikkelingsperspektief (vgl. du Preez, 1981, p14 en p84). Gemeenskapsontwikkeling sluit inder=

daad nóú aan by gemeenskapswerk as een van die basiese me= todes van maatskaplikewerk-praktyk. Maatskaplike gemeen= skapswerk word selfs deur sommige beskou as 'n gemeenskaps= ontwikkelingstipe (Griffiths, 1974, p90 en du Toit, 1980, p9). Daar kan dus aanvaar word dat studente in die maat= skaplike werk se opleiding voorsiening daarvoor maak dat hierdie studente oor die praktiese vernuf sal beskik om die gemeenskapsontwikkelingsbenadering met groot vaardig= heid te implementeer. Nieteenstaande die feit dat gemeen= skapsontwikkeling en gemeenskapswerk onderlinge verskille vertoon, is daar tog groot ooreenkomste tussen maatskap= like gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling (vgl. Dunham, 1970, p251 e.v.). Die sosiologie, daarenteen, het huidiglik nie 'n soortgelyke direkte konnotasie met gemeenskapsontwikkelingsteorie en -praktyk nie. Die skry= wer is van mening dat die toepaslike praktiese nuttigheids= waarde van die sosiologie vir gemeenskapsontwikkeling nog duidelik uitgespel moet word. In Suid-Afrika lewer die sosiologie weliswaar 'n bydrae tot gemeenskapsontwikkeling in terme van navorsing en komponente van beplanning, maar daar bestaan nog veel ruimte vir meer betekenisvolle inset= te wat ten opsigte hiervan gelewer kan word.

Dit is nodig dat sosioloë ook in Suid-Afrika betrokke sal raak by die praktiese implementering van gemeenskapsontwik= kelingsprojekte. Daar word egter tydens die opleiding van sosioloë in Suid-Afrika tot 'n geringe mate voorsiening ge= maak vir die inkorporering van gemeenskapsontwikkelingsteg=

nieke en -metodes in die basiese universitêre sosiologie-kursusse (vgl. Piek, 1981, p66 e.v. en Crause, 1980, p21 e.v.).

In die lig van bostaande word daar met die onderhawige studie beoog om gemeenskapsontwikkeling vanuit sosiologiese pers= pektief aan te bied as oplossingsbenadering vir die stede= like agterbuurtprobleem, deur in die besonder te let op be= planning vir die implementering van gemeenskapsontwikke= ling in die agterbuurt.

Om hierdie doelstelling te verwesenlik, word daar in hoof= stuk 1 'n uiteensetting gegee van die historiese vervlegt= heid van agterbuurttoestande, die opkoms van die sosio= logie en die vroeë oplossingsbenaderings ten aansien van die agterbuurtprobleem; in hoofstuk 2 word die aard van die stedelike agterbuurt bespreek; in hoofstuk 3 word die gemeenskapsontwikkelingsbenadering in besonderhede uiteen= gesit, terwyl daar in hoofstuk 4 gelet word op die beplan= ning van gemeenskapsontwikkeling as oplossingsbenadering vir die agterbuurtprobleem. Hoofstuk 5 behels enkele gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die onderhawige studie voortspruit.

## 3. METODE VAN ONDERSOEK

Die vernaamste metode van ondersoek wat vir die doeleindes van hierdie studie onderneem is, was 'n studie van relevan=

te literatuur.

Om die strekking van die verhandeling nie net tot 'n oor= wegend-teoretiese komponent van beplanning te beperk nie, word 'n bylae ingevoeg waarin aspekte van die praktiese im= plementering van gemeenskapsontwikkeling in stedelike ag= terbuurte in Taiwan behandel word. Die skrywer het gedu= rende Oktober en November 1981 'n studiebesoek aan Taiwan gebring om gemeenskapsontwikkelingstendense in dié land na te vors. Die resultate van hierdie waarnemingstudie is vervat in die bylae.

# DIE STEDELIKE AGTERBUURT VANUIT HISTORIES-SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

## 1. INLEIDING

Gedurende die afgelope twee eeue het twee veranderinge ge=lyktydig en wêreldwyd plaasgevind wat die geskiedenis van die mensdom meer ingrypend en vinniger sou verander as enige ver=andering ooit. Die eerste is die ongekende toename in teg=nologiese en industriële ontwikkeling. Die tweede, wat hier=mee verband hou, is die verbysterende toename van die wêreld=bevolking en daarmee saam die grootste verstedelikingsproses tot nou toe. Hierdie veranderinge is teweeggebring deur die Industriële Rewolusie wat gedurende die agttiende eeu in Engeland 'n aanvang geneem het.

Die Industriële Rewolusie het verreikende gevolge gehad. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is twee uit=vloeisels van die industrieel-stedelike veranderingsproses van belang. In die eerste plek bestaan daar 'n direkte ver=band tussen die ontwikkeling van die industriële stad en die ontstaan van die hedendaagse stedelike agterbuurt (Fried en Levin, 1968, p63 en Bergel, 1955, p412). Ten tweede kan daar 'n betekenisvolle korrelasie getref word tussen die grootskaalse samelewingsveranderinge tydens en na die in=dustrieel-stedelike ontwikkelingstydperk en die wetenskap=lik-historiese grondslae van die sosiologiese teorie (vgl. Kinloch, 1977, p20 en Nisbet, 1976, p28 e.v.).

In hierdie hoofstuk sal die historiese wortels van die so= siologie in die lig van die industrieel-stedelike tydvak in Europa, Engeland en Noord-Amerika bespreek word. Daar sal ook gelet word op die ontstaan en aard van die moderne stedelike agterbuurt gedurende hierdie tyd en die eerste po= gings wat aangewend is om hierdie onhoudbare omstandighede te verbeter. In ŉ laaste afdeling sal voorgenoemde aspek= te vanuit die Suid-Afrikaanse konteks belig word.

## 2. DIE SOSIOLOGIE EN DIE INDUSTRIëLE STAD: 'N HISTORIESE AGTERGRONDSKETS

Die ontstaan van die sosiologie as afsonderlike vakdissi= pline binne die kader van die sosiale wetenskappe, was die resultaat van ŉ verskeidenheid kulminerende intellektueel-filosofiese en sosiaal-politiese omstandigheidsfaktore ge= durende die laat agttiende en negentiende eeue. ŉ Radi= kaal-gewysigde sosiale orde is deur die impak van die Franse Rewolusie en grootskaalse industrialisasie en ver= stedeliking van dié tyd teweeggebring. ŉ Gunstige klimaat het ontstaan waarin die intellektuele kreatiwiteit van die vroeë sosioloë kon gedy.

Kinloch (1977, p20 en p35 - 36) beweer tereg dat die so= siologiese teorie ontstaan het as gevolg van ŉ besondere groep akademici se reaksie op die fisiese en maatskaplike probleme van hulle tyd. Hierdie akademici het probeer om die maatskaplike probleme van hulle tyd op te los en te

verklaar binne die raamwerk van 'n nuwe wetenskaplike dissi= pline, naamlik die sosiologie (vgl. ook Nisbet, 1976, p21).

Die stad het een van die eerste samelewingsverskynsels ge= word wat die volle aandag van die pioniers van die sosio= logie sou ontvang (Berger en Berger, 1979, p120). Die so= siologie van die stad het later ontwikkel as een van die spesialiseringsrigtings binne die breë veld van die sosio= logie.

## 2.1 Die invloed van industrieel-stedelike ontwikkeling

Tot en met die tyd van die Industriële Rewolusie is die stad nie deur sosiale denkers as 'n besondere vorm van menslike saamleef beskou nie (Swart en Lamont, 1972, p17). Die ontstaan van industriële stede het egter 'n verandering in hierdie tendens teweeggebring. Sennett (aangehaal deur Swart en Lamont, 1972, p17) skryf: "Something tangled and complex was involved in these industrial cities, something to be explored as a problem of itself, something that could not be understood by the use of a few easy labels or cate= gories".

Daar kan met sekerheid beweer word dat stedelikheid as leef= wyse en verstedeliking as migrasieproses weliswaar nie met die aanvang van die Industriële Rewolusie ontstaan het nie, maar lank reeds aan die mensdom bekend was. Die omvang, aard en radikale gevolge van industrialisasie en verstedeliking

tydens en ná die Industriële Rewolusie, het egter soveel momentum verkry dat 'n andersoortige verstedelikte samele= wing sy beslag gedurende dié tydperk in Europa, Engeland en Noord-Amerika verkry het. Die industriële stad het metter= tyd die speerpunt van gewysigde sosio-politiese en ekono= miese samelewingstendense geword wat inderdaad die gang van die geskiedenis sou bepaal (Berger, 1978, p84).

Die pioniers van die sosiologie, wat hoofsaaklik vanuit 'n Romantiek-idealistiese denkklimaat geskryf het, het die ste= delike samelewing van hulle tyd grotendeels beoordeel as synde die sentrum van gefragmenteerde en onpersoonlike mens= like verhoudinge wat sogenaamd kenmerkend van die nuwe so= siale orde sou wees. Volgens Nisbet (1976, p28) was dit die stad wat die konteks gevorm het van die meeste sosiolo= giese geskrifte wat verband gehou het met disorganisasie en psigiese isolasie, asook aliënasie van die individu.

In teenstelling hiermee is die landelike bestaan verhef tot die konkrete vergestalting van intieme,persoonlike verhou= dinge (Aronson, 1972, p293). Die landelike samelewing sou dan die sogenaamde "good society" wees. Die landelike be= staan is beskou as die verwesenliking van die "ideale ge= meenskap" - 'n vorm van harmonieuse saamleef wat deur die industriële stad vernietig is (vgl. Aronson, 1972, p294 en Nisbet, 1976, p28).

Hierdie landelik-stedelike vergelykingskontinuum het ŉ obsessie van die moderne sosiologie geword wat deur sommige skrywers as ŉ ideologiese denkrigting beskou word (vgl. Aronson, 1972, p293). Die latere pioniers van die hedendaagse stadsosiologie, by name die eksponente van die Chicago-skool, sou hierdie denkrigting voortsit.

Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die stedelik-sosiologiese opvattings van drie pioniers van die sosiologie, te wete Tönnies, Durkheim en Simmel.

## 2.2 Ferdinand Tönnies

ŉ Groot deel van Tönnies se werk word gekenmerk deur die fundamentele verskil wat hy getref het tussen die tradi= sioneel-landelike gemeenskap en die groeiende stedelike komplekse van sy tyd waarin mense bloot saam geassosieer het binne ŉ onpersoonlike atmosfeer. Op grond hiervan skep Tönnies twee ideëel-tipiese samelewingsvorme wat hy "Ge= meinschaft" (gemeenskap) en "Gesellschaft" (assosiasie; samelewing) noem. Sy tipologie word veral uiteengesit in ŉ belangrike werk "Community and society", wat in 1887 verskyn.

Die kontras tussen "Gemeinschaft" en "Gesellschaft" was vir Tönnies die kontras tussen menslike interaksiepatrone binne die stedelike en landelike kontekste. Alle vorme van intieme, eksklusiewe saamleef van mense (soos op die

platteland), word gesien as 'n lewenspatroon eie aan "Gemein= schaft". "Gesellschaft", aan die ander kant, impliseer die openbare lewe met onpersoonlike tussenmenslike verhoudinge: "it is the world itself" (Tönnies, 1976, p295).

Volgens Tönnies behoort die mens natuurlik-gesproke tot die plattelandse gemeenskap waar hy met sy verwantskapsgroep identifiseer en dié aan hom 'n bepaalde identiteitsbesef verleen ten aansien van die breër samelewingsverband. Sy begrip van die stad van sy tyd was dat mense binne dié milieu as losstaande, ankerlose indiwidue leef; deel is van die massa en feitlik nie gebonde aan die intieme kring van 'n hegte gesinsverband soos op die platteland nie (An= derson, 1971, p191). 'n "Gemeinschaft" - gemeenskap - sou dan die volheid van die lewe bied, terwyl die mens se lewe in die stedelike "Gesellschaft" gefragmenteer was.

Tönnies het die toename van "Gesellschaft" ten koste van "Gemeinschaft" as die belangrikste oorsaak van maatskaplike probleme beskou. Die toename in "Gesellschaft" het natuur= lik 'n direkte korrelasie met die toenemende verstedelikings= tendens van sy tyd getoon. Vir Tönnies was die "Gesellschaft" 'n immorele maatskaplike sisteem wat tot individuele selfsug aanleiding gegee het (vgl. Ribbens, 1979, p233).

Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid gestel word dat Tönnies se tipologie van landelik-stedelike leefwyses im= pressionisties en eensydig was. Gemeet aan die haglike

maatskaplike omstandighede in die Europese stede van sy tyd, moet sy intellektuele nostalgie betreffende ŉ ideale landelike bestaan egter nie te kras beoordeel word nie. Verder was Tönnies se werk ŉ akademiese konstruksie wat ŉ verklaring probeer bied het vir ŉ proses van maatskaplike verandering op ŉ tydstip toe hierdie proses ŉ byna onmenslike gesig in die vorm van stedelike agterbuurte gehad het.

## 2.3 Emile Durkheim

In sy boek "The Division of Labour in Society" probeer Durkheim die kohesiewe kragte in die samelewing ontrafel. Volgens Durkheim word sosiale kohesie in primitiewe same=lewings bewerkstellig deur sterk bande van die wet en gods=diens. Dié tipe solidariteit word "meganiese solidariteit" genoem wat vergestalting vind in ŉ "kollektiewe bewussyn".

Die industriële stad het egter hierdie ideale solidariteits=gevoel tussen mense sodanig verswak dat daar hoogstens van ŉ "organiese solidariteit" sprake kan wees. "Organiese solidariteit" dui daarop dat mense mekaar sien as ratte in ŉ groot masjien - elkeen het ŉ bepaalde funksie ter ver=wesenliking van die groter geheel se funksionering. As gevolg van die verdeling van arbeid tydens industriële ontwikkeling, word mense se totaliteitsbestaan gefragmen=teer tot funksionele eenhede. Met hierdie beskouing het Durkheim dan ook die begrip "anomie" ("normloosheid") ge=vestig; ŉ begrip wat later deur verskeie kritici van die

stedelike agterbuurt in die besonder en die moderne ste= delike samelewing in die algemeen, as tiperend van die menslike interaksiepatrone binne hierdie verband gebruik sou word (vgl. Ribbens, 1979, p234 e.v.).

Die toestand van anomie is deur Durkheim in direkte kousale verband gebring met die groterwordende digtheid van stede= like industriële areas. Hy het redeneer dat die toename in die getal persone met wie die indiwidu in aanraking kom en in interaksie tree, ŉ afname in die kwaliteit van persoon= like kontak sou beteken. ŉ Verhoging van numeriese digtheid as sodanig sou derhalwe ŉ maatskaplike toestand van anomie tot gevolg hê (Van den Berg, 1963, p126).

Durkheim was van oortuiging dat die samebindende en stabi= liserende kragte van die Europese samelewing van sy tyd be= sig was om onder die impak van rewolusionêre magte, indus= trialisasie, sekularisasie en modernisering te disintegreer (Nisbet, 1976, p301). Hierdie aanname was dan ook die ba= sis vir sy selfmoordteorie, omdat Durkheim die oorsake vir selfmoord verklaar het teen die agtergrond van die algemene "onrus" in die moderne samelewing. Selfmoord as sodanig was nie vir Durkheim ŉ afwykende verskynsel nie, maar die buitengewone hoë insidensie van selfmoord in die moderne samelewing was ŉ indeks van die maatskaplike verval van hierdie samelewing. Dit was dan gewis ook daardie sektore van die samelewing wat as mees "modern" en "progressief" gereken was - Protestants, stedelik, industrieel en se=

kulêr - waar selfmoordsyfers die hoogste was (Nisbet, 1976, p302).

Durkheim se reaksie op toenemende verstedeliking en industri=alisasie word derhalwe vergestalt in sy vrees dat die dis=integrasie van "meganiese solidariteit" 'n onomkeerbare same=lewingstoestand van normloosheid en norm-onsekerheid - dit wil sê anomie - teweeg sal bring met 'n gevolglike destruk=tiewe invloed op die individuele persoonlikheid.

'n Sosioloog wat in meer besonderhede aandag sou gee aan die stedelike milieu en die aard van die individuele per=soonlikheid binne hierdie konteks, was Georg Simmel.

## 2.4 <u>Georg Simmel</u>

Aronson (1972, p295) beskou die Duitse filosoof/sosio=loog, Georg Simmel, se opstel "The metropolis and mental life" (1918) as die eerste samehangende uitbeelding van die stad as arena van onpersoonlikheid, sekondêre ver=houdinge en anomie. Vir Simmel was die grootstad die speerpunt van modernisasie, terwyl die individu binne stedelike verband as 'n "vreemdeling" funksioneer: "the potential wanderer, <u>in</u> but not really <u>of</u> his society" (Nisbet, 1976, p308).

Volgens Simmel (1964, p635) is die diepste probleme van die moderne lewe gesetel in die individu se aanspraak op

die behoud van die outonomie en individualiteit van sy bestaan te midde van oorweldigende sosiale kragte, ekster= ne kulturele invloede en "the technique of life" - pro= bleme wat ontstaan en gemanifesteer word binne die stede= like konteks. Binne die enorme stedelike organisasie ver= skraal die individuele persoonlikheid tot ŉ blote "negli= gible quantity" (Simmel, 1964, p644).

Die negatiewe beeld wat Simmel skets van die psigiese in= vloed van die stedelike omgewing op die individu, word la= ter teruggevind in die geskrifte van verskeie aanhangers van die sogenaamde massasamelewingsperspektief. Simmel het ook een van die bekende studente van die stad, Louis Wirth, tot ŉ groot mate beïnvloed. Twintig jaar ná Sim= mel se "The metropolis and mental life", het Louis Wirth die analise van Simmel voortgesit in sy "Urbanism as a way of life", wat in 1938 verskyn.

Worsley (1978, p347) beskou die vroeë sosiologiese beskry= wings van die stad en stedelike leefwyse as impressionis= tiese eerder as wetenskaplike waarnemings, terwyl Aronson (1972, p295) van mening is dat hierdie studies "under the guise of factual descriptions" geskied het.

Desnieteenstaande het die grondleggers van die sosiolo= gie ŉ basis voorsien waarop dié dissipline tot ŉ volle weten= skap uitgebou sou word. Verskeie aspekte van hulle

stedelike studies is deur die latere pioniers van die stadsosiologie verder gevoer en verfyn. Die Chicago-skool sou aan die begin van die twintigste eeu 'n besondere by= drae in hierdie rigting maak.

## 3. DIE CHICAGO-SKOOL EN DIE STEDELIKE SOSIOLOGIE

Die stedelike sosiologie in Amerika het 'n bloeitydperk beleef gedurende die twintiger- en dertigerjare van hier= die eeu, veral in Chicago. Hierdie tendens was nie bloot toevallig nie. Chicago was gedurende hierdie periode waarskynlik die metropool wat die grootste bevolkingstoe= name in Amerika gehad het. In 1860 was daar ongeveer 100 000 mense in Chicago, terwyl die stad se bevolking in 1900 net meer as 1,5 miljoen getel het. In 1939 het daar meer as 3,3 miljoen mense in Chicago gewoon. Die verandering in hierdie milieu was inderdaad fenomenaal (vgl. Berger en Berger, 1979, p120 - 121).

### 3.1 Historiese agtergrond

Die Chicago-skool het sy beslag verkry aan die Universi= teit van Chicago net ná die Eerste Wêreldoorlog. Die joernalis en sosioloog, Robert Park, asook Louis Wirth en Ernest Burgess, was die grondleggers van hierdie skool (Swart en Lamont, 1972, p19). Park het as joernalis veel gedoen om deur middel van die koerantwese die agterbuurt= toestande en ander maatskaplike wantoestande te ontbloot,

maar die soeke na diepgaande analises van hierdie verskyn= sels het hom na die sosiologie gedryf (Swart en Lamont, 1972, p19). Die Chicago-skool en sy verskeie eksponente sou dan ook bekendheid verwerf vir hulle studies omtrent agterbuurte, misdaad, psigiese afwykings, selfmoord en ander verskynsels van patologiese aard binne die stedeli= ke konteks (vgl. Berger en Berger, 1979, p123).

Die meeste sosioloë van die Chicago-skool was van plat= telandse afkoms wat grootliks aangegryp is deur die para= doksale aard van die stedelike leefwyse; tot só 'n mate dat Berger en Berger (1979, p123) skryf: "Chicago hit the sociologists very much as it hit the rest of America, or more precisely, as the city hit the rest of America".

## 3.2 Aspekte van die stedelike sosiologie van die Chicago-skool

Die maatskaplike toestande in Chicago gedurende die vroeë dekades van hierdie eeu was inderdaad haglik en baie moes gedoen word om die lewensomstandighede te verbeter. Die Chicago-skool se bestudering van sosiaal-patologiese ver= skynsels het veel bygedra tot die wetenskaplike benadering van hierdie toestande. Ná die sensusopname in Chicago ge= durende 1934 het daar byvoorbeeld 'n publikasie "Mental dis= orders in urban areas" uit die penne van twee Chicago-so= sioloë verskyn (Swart en Lamont, 1972, p21).

In 1934 is daar ook in Chicago begin met een van die eerste gemeenskapsontwikkelingsprogramme in stedelike gebiede in Amerika - die sogenaamde "Chigaco Area Project" (Clinard, 1966, p121). Hierdie projek was 'n self-hulp-benadering om jeugwangedrag en ander maatskaplike probleme in agter=buurte te probeer verlig. Hieruit is dit duidelik dat die Chicago-sosioloë se preokkupasie met patologiese verskyn=sels in die stad nie so vergesog was nie, hoewel dié skool dikwels beskuldig is van 'n eensydig-patologiese benadering tot die stedelike leefwyse (vgl. Aronson, 1972, p295, en Berger en Berger, 1979, p124).

Voorgenoemde kritiek teenoor die Chicago-skool is welis=waar nie sonder rede nie. Die Chicago-sosioloë het tot 'n groot mate hulle studies beperk tot dié dele in en rond=om die middestad van Chicago wat feitlik algeheel deur agterbuurte in beslag geneem is en waar daar 'n groter voorkoms van afwykende verskynsels was (vgl. Gans, 1980, p398 - 399). Gans (1980, p399) beskryf die middestad van Chicago gedurende die tydperk toe die Chicago-sosioloë hulle intensiewe studies daar uitgevoer het as "slums re=cently invaded by new waves of European immigrants and rooming house and skid row districts, as well as the ha=bitat of Bohemians and well-to-do Gold Coast apartment dwellers".

Die vernaamste beskuldiging teen die Chicago-sosioloë was waarskynlik dat hulle die bevindinge van studies wat

in die stedelike agterbuurte uitgevoer is, veralgemeen het as synde die tipiese eienskappe van die stedelike milieu. ŉ Voorbeeld hiervan is die studie van ŉ Chicago-sosioloog, Harvey Zorbaugh, wat bekendheid verwerf het vir sy boek "The Gold Coast and the slum" wat in 1929 verskyn het. Zor= baugh se beskrywing van die agterbuurt vergestalt die visie van eensaamheid, isolasie en terselfdertyd individuele vry= heid van die stedeling. Veral Zorbaugh se beskrywing van die treurige bestaan van die losieshuis-inwoner word deur Berger en Berger (1979, p214) beskou as "the climax of the vision of urban life by the Chicago-sociologists".

Een van die legendariese figure van die Chicago-skool, Louis Wirth, het ŉ groot bydrae tot die ontwikkeling van die stedelike sosiologie gemaak. Wirth het ook die lan= delik-stedelike digotomie die hoofstroom van die Amerikaanse sosiologie binnegedra (vgl. Aronson, 1972, p295). Wirth (1964, p47) het die landelik-stedelike ideëel-tipes as ba= siese modelle beskou vir die analise van menslike assosi= asiepatrone in die hedendaagse samelewing.

Vir sosiologie-doeleindes formuleer Wirth (1964, p50) die stad dan as ŉ relatief groot, digte en permanente woon= plek van sosiaal-heterogene individue. Die sentrale pro= bleem van die sosioloog is volgens Wirth om vorme van so= siale interaksie en organisasie te identifiseer wat ti= perend is van sodanige sosiale organisasie wat hy as die "stad" definieer.

Volgens Wirth is dit die numeriese grootte van die stad wat die volle ontplooiing van persoonlike kontakte, soos op die platteland, 'n saak van onmoontlikheid in die stad maak. Elke stedeling is in kontak met ander individue binne verskillende groepsverbande, terwyl hy ook binne elke groep bloot 'n gesegmenteerde deel van sy persoonlik= heid na vore kan bring. In aansluiting by Durkheim is Wirth van mening dat die stedelike bevolkingsgrootte ar= beidspesialisering stimuleer. Wirth ondersteun ook Durk= heim se stelling dat tegnologiese samelewings gekenmerk word deur anomie. Volgens Wirth verloor die stedeling spontaneïteit, moraal en integrasie wat so kenmerkend van die landelike individu is (vgl. Wirth, 1964, p52 -55). Wirth (1964, p53 e.v.) stel dat die digtheid van die ste= delike bevolking 'n gees van kompetisie en eksploitasie mee= bring omdat individue wat emosioneel onbetrokke by mekaar is, baie naby mekaar werk en woon. Gereelde fisiese kon= tak te midde van 'n atmosfeer van sosiale afstand, gee, volgens Wirth, aanleiding tot eensaamheid en anonimiteit van die individu binne die stad.

Heterogeniteit van die stedelike bevolking kompliseer die so= siale struktuur en om dié rede word die rigiede grense van klassestrukture verbreek en 'n meer gedifferensieerde struk= tuur is die gevolg. Die groter mobiliteit van die indi= vidu wat hieruit voortspruit, veroorsaak dat hy met 'n gro= ter aantal persoonlikhede van diverse aard in kontak kom. Dit lei tot voortdurende fluktuasie van die individu se

statusposisie en gee ook aanleiding tot gevoelens van on=
sekerheid en onveiligheid (Wirth, 1964, p56 e.v.).

Worsley (1978, p347) beweer dat daar vir Wirth drie uit=
staande kenmerke omtrent die stedelike leefwyse is, naam=
lik die toename van sekondêre interpersoonlike kontakte ten
koste van primêre bindinge; die afname van die sosiale be=
langrikheid van die gesin; en die verval van die woonbuurt
as belangrike sosiale milieu. In "Towards a Definition of
the Local Community" (1976, p297 e.v.), stel Wirth dat die
term "gemeenskap" 'n nuwe betekenis gekry het ná die Indus=
triële Rewolusie, maar ook nuwe probleme ten opsigte van in=
tegrasie van die individu teweeg gebring het. "The folk
community", skryf hy, "was apparently more of a primary group
... than the prevailing form of group life is today in Wes=
tern civilization" (1976, p298).

Wirth se siening het veral gedurende die jongste tyd baie
negatiewe kritiek ontlok, hoewel sy geskrifte 'n basiese ver=
trekpunt geword het vir verskeie studies in die stedelike
sosiologie (vgl. Gans, 1980, p397). Wirth is aangeval
op grond van die feit dat hy nie kon aandui hoe die drie
faktore van stedelikheid, naamlik grootte, digtheid en
heterogeniteit met mekaar korreleer nie. Daar is verder
ook empiries bewys dat aliënasie, eensaamheid en verlies
aan gemeenskapsverhoudinge nié die kernelemente in ste=
delike interaksiepatrone is nie, hoewel hierdie aspekte

nie ontken word as deel van die stedelike leefwyse nie.

Dat die Chicago-skool in die ontwikkeling van die stede= like sosiologie in die besonder en die sosiologiese teorie in die algemeen 'n belangrike rol gespeel het, val nie te betwyfel nie. Die eksponente van die Chicago-skool het daarin geslaag om die negatiewe aspekte van industrieel-stedelike ontwikkeling in sosiologiese taal te verwoord. In die hieropvolgende afdeling sal daar gelet word op dié samelewingsverskynsel wat een van die "minder vleiende" gevolge van die Industriële Rewolusie was, nl. die ste= delike agterbuurt.

## 4. DIE ONTSTAAN EN AARD VAN DIE VROEë STEDELIKE AGTERBUURT

Lewis Mumford (1946, p161) beweer dat die fabriek en die agterbuurt die vernaamste twee komponente van die vroeë industriële stad was. "Slum, semi-slum, and super-slum - to this has come the evolution of the cities" (Mumford, 1946, p168). Hoewel daar agterbuurte bestaan het voordat die industriële stede op die toneel verskyn het, was die inwonertal van hierdie agterbuurte nie so groot soos die getal mense wat bewoners van agterbuurte in die nuwe indus= triële stede geword het nie. Die haglikheid van die lewens= omstandighede in industrieel-stedelike agterbuurte was by= na onbeskryflik (Fried en Levin, 1968, p63).

Voordat die aard van die nuut-ontstane agterbuurte in meer besonderhede ondersoek word, kan daar kortliks gelet word op omstandighede in stede voor die Industriële Rewolusie.

## 4.1 Die pre-industriële stad

Nisbet (1976, p28) wys daarop dat die stad in sosiale geskrifte voor die negentiende eeu beskryf is as "the repository of civilized graces and virtues", hoewel die stad nie 'n baie gewilde onderwerp van bespreking was nie. Nisbet (1976, p28) beweer voorts dat "actual revul= sion for the city, fear of it as a force in culture, and forebodings with respect to the psychological condition attending it - these are states of mind hardly known be= fore the nineteenth century". Hierdie negatiewe gesind= hede sou ontwaak as gevolg van die swak maatskaplike omstan= dighede waarin 'n groot deel van die stedelinge hulle in die industriële stede sou bevind, veral dan in die stedelike agterbuurte.

Die pre-industriële stede het 'n sosiale organisasie ver= toon wat grootliks ooreengestem het met dié van die lan= delike nedersettings van hierdie bepaalde tydvak. Die tradisionele verwantskapsisteem en uitgebreide gesinstipe was die dominante samelewingsvorme wat grondliggend was aan die sosiale organisasie. Die klassestelsel was re= latief rigied en sosiale mobiliteit het nie veel voorge= kom nie. Die ekonomie is gedomineer deur handwerkers en

ambagsmanne wat hoofsaaklik bestaansekonomies georiën= teer was. Ekonomiese aktiwiteite was deel van die ge= lokaliseerde huishouding se funksies. Informele sosi= ale beheer was die tipiese vorm van normregulering en -toepassing (vgl. Popenoe, 1980, p503).

Desnieteenstaande hierdie veralgemeende uitbeelding van pre-industriële stede, was agterbuurte tog nie 'n onbekende verskynsel tydens die pre-industriële tydperk nie. Die antieke stede van die Weste voor en tydens die Middeleeue het ook bepaalde sones gehad waar swak toestande betreffen= de onder meer behuising en sanitasie aanleiding gegee het tot epidemiese siektetoestande en derhalwe 'n hoë mortali= teitsyfer onder die inwoners. Die kontras tussen die ryk- en armklasse wat behuising en ander lewensomstandig= hede betref, was uitermate groot. Maatskaplike wantoestan= de wat gewoonlik beskou word as tiperend van agterbuurte, soos moord, roof, diefstal en drankmisbruik, was 'n reali= teit wat in die minder gegoede woonbuurte van pre-industri= ële stede voorgekom het (vgl. Bergel, 1955, p412; Abraham= son, 1980, p42 e.v. en Fried en Levin, 1968, p63 e.v.).

## 4.2 Die ontstaan van industriële agterbuurte

Die Industriële Rewolusie het 'n diepgaande verandering in die aard van stede teweeggebring.

Die oprigting van fabrieke en die nood aan menslike hande-arbeid wat deur die moderne tegnologie van dié tyd veroor=

saak is, het 'n grootskaalse verstedelikingsproses in die rigting van industriële vestigingspunte veroorsaak. Die ongekende stedelike bevolkingsgroei het geweldige momen= tum verleen aan die fisiese ontwikkeling van stede. Be= staande fasiliteite in stede was by verre nie geskik of vol= doende om die groeiende bevolking effektief te akkommodeer nie, terwyl onbeplande stedelike ontwikkeling nie kon vol= doen aan die eise van fisiese en maatskaplike-funksionele vestiging nie. Swart en Lamont (1972, p42) wys daarop dat hierdie ongeëwenaarde verstedelikingsproses die owerhede onklaar betrap het en tot chaotiese toestande sou lei wat nie doeltreffend deur stadsadministrateurs beheer kon word nie.

Armoede, siektetoestande, lyding en sosiale disorganisasie het weliswaar dwarsdeur die geskiedenis van die mensdom be= staan, maar net die industriële samelewing van die laat agttiende en negentiende eeu moes soveel maatskaplike pro= bleme in die gesig staar dat die bekende samelewingsinstel= lings - in besonder die gesin, woonbuurt, kerk en plaas= like gemeenskap - nie meer doeltreffend kon funksioneer in die hantering hiervan nie (Friedlander, soos aangehaal deur Grobbelaar, 1976, p25). In dieselfde trant kan die ondoelmatige aard van die swak fisiese omstandighede ook genoem word.

## 4.3 Die aard van fisiese omstandighede

Die toestroming van mense na die industriële stede, het

behuisingsfasiliteite as 'n eerste en belangrikste priori= teit na vore laat tree. Veral die armes het in groot ge= talle by fabrieke in diens getree. Lae besoldiging het nie geskikte behuising bevorder nie, terwyl die skielike getalstoename nie die tyd gelaat het om sódanige behui= sing te voorsien nie. Nuwe woonkwartiere vir handewerkers het oornag verrys. Dié woongeriewe was van 'n swak gehalte sodat die arm werkers dit kon bekostig. Uit die aard van die saak is hierdeur 'n gunstige klimaat geskep vir agter= buurtvorming (Bergel, 1955, p412).

Verder het die industriële werkers ook geen wetlike be= skerming geniet in die vroeë stadium van industriële ont= wikkeling nie, met die gevolg dat industrialiste, bouers asook grond-en geboue-eienaars hulle op groot skaal uit= gebuit het. Osborn en Whittick (Swart en Lamont, 1972, p42) som hierdie tendens goed op: "The miserable working conditions transformed large areas into dismal slums, a pro= cess aggravated by speculators who hastily created cheap, ugly and unsanitary tenement houses".

Sanitasie was inderdaad 'n haglike probleem wat veroorsaak is deur ontoereikende fisiese strukture, terwyl swak sa= nitêre toestande weer die oorsaak was van ernstige siek= tetoestande. Die strate in die grootste gedeeltes van die industriële stede kan eweneens beskryf word as ongedrei= neerde kanale van afval en modder (vgl. Speed, 1980, p7 - 9 en Mumford, 1946, p165 - 168).

Benevolo (Swart en Lamont, 1972, p114) gee 'n beeld van hierdie toestande wanneer hy skryf: "....now the den= sity and sheer size of the new working class districts made refuse disposal almost impossible. Open sewers ran along beside the roads, every available corner was piled high with rubbish. Carts and pedestrians, animals and playing children jostled one another in the fight for space".

Die hoë digtheidsbewoning het ook 'n ander probleem na vo= re laat tree, naamlik die onvoldoende voorsiening in ruim= tes en fasiliteite vir gesonde vryetydsbesteding en ont= spanning. Die gevolg hiervan was dat die industriële werkers vir die bevrediging van hierdie behoeftes hulle toevlug na biertuine en danssale geneem het, waar maat= skaplike wantoestande noodwendig hoogty gevier het (vgl. Speed, 1980, p5).

## 4.4. Maatskaplike wantoestande

Grootskaalse werkloosheid was 'n bron van verskeie maat= skaplike probleme tydens vroeë industriële ontwikkeling in stede. Die werkers het feitlik geen politieke of industriële bedingingsmag gehad nie en is na willekeur deur fabriekseienaars afgedank. Gedurende 1826, 1837 en 1848 het werkloosheid groot afmetings aangeneem, terwyl depressie-toestande weliswaar laer pryse in basiese le= wensmiddele veroorsaak het, maar wat nogtans buite be=

reik van die finansiële vermoë van die werklose massa was. Armoede en reaktiewe geweld kon uiteraard nie uitbly nie (vgl. Speed, 1980, p24 e.v. en p79 e.v.). Te midde van haglike lewensomstandighede, is die werkersklas saamge= snoer tot 'n hegte eenheid waaruit weerstandbewegings en vakbonde gegroei het. Mumford (1946, p175) stel dit tref= fend: "In fact, the slum offered the worker compensations that the new villa quarter did not possess. There is a snobbery in the grand salon of the ocean steamer, but not in the storm-tossed lifeboat. When people are shorn of all expectations of worldly goods and worldly success, they find their neighbours ..."

Armoede was waarskynlik die ergste gevolg van lae lone en werkloosheid wat die stedelike arbeiders in die in= dustriële stede op alle lewensterreine nadelig geraak het. Volgens Speed (1980, p50) was die gevolge van armoede, naamlik die swak lewenskwaliteit van mense, kinderarbeid, misdaad en maatskaplike onrus duidelik merkbaar in agter= buurte. Swart en Lamont (1972, p115) noem dat die ge= sondheids- en geestestoestand van die individu veel te wense oorgelaat het, terwyl die swak toestande tot 'n ge= voel van onrus in die gemeenskap gelei het, wat dikwels op owerheidsverset uitgeloop het. Afgesien van onveilige woontoestande van 'n groot gedeelte van die bevolking, het maatskaplike wantoestande 'n groot addisionele las op die skouers van die staat geplaas.

Die swak lewensomstandighede van die vroeë industriële ste= delinge was gesetel in die sogenaamde "moderne" agterbuurt (Bergel, 1955, p412). Die moderne agterbuurte het onder meer in een opsig verskil van die pre-industriële agter= buurt, naamlik dat die moderne agterbuurte die stimulus was vir verskeie stemme wat gehoor is om ernstige vertoë te wek tot verbetering van die inwoners se lewensomstan= dighede. Die ontstaan van die pre-industriële agterbuurte het nie dieselfde stukrag vir maatskaplike hervorming ge= bied nie, met die gevolg dat die bestaande maatskaplike or= de in hierdie tyd deur hoër- en laerklasse sonder teenstand aanvaar is (Bergel, 1955, p412).

Die aard van lewensomstandighede in die stedelike agter= buurt het inderdaad 'n gunstige klimaat geskep waaruit hervormingsbewegings kon ontwikkel.

## 5. EERSTE POGINGS TOT MAATSKAPLIKE HERVORMING

Maatskaplike hervormingsbewegings, as 'n reaksie op maat= skaplike wantoestande in vroeë industrieel-stedelike ag= terbuurte, is van belang vir die doeleindes van die ver= handeling, omdat hierdie pogings tot 'n groot mate die voor= lopers was van die hedendaagse gemeenskapsontwikkelingsbe= nadering (vgl. Sanders, 1970, p10 e.v.). Dieselfde same= lewingstendense het eweneens die stimulus voorsien vir die ontwikkeling van die maatskaplike werk as wetenskap (vgl. Grobbelaar, 1976, p19 e.v.). Maatskaplike gemeenskaps=

werk (die Amerikaanse ekwivalent is "community organiza= tion") as een van die metodes van maatskaplike werk, is verwant aan gemeenskapsontwikkeling en word selfs deur som= mige beskou as 'n gemeenskapsontwikkelingstipe (vgl. Grif= fiths, 1974, p90 en du Toit, 1980, p9).

Die eerste pogings tot verbetering van die stedelike milieu, was ook die historiese ontstaansgrond van die hedendaagse benaderings ten opsigte van stedelike beplanning en stedelike hernuwing as metodes om die stedelike leefwêreld meer aan= vaarbaar vir gesonde menslike bestaan te maak (vgl. Swart en Lamont, 1972, p115 - 121 en p170 - 182). Stedelike hernuwing word eweneens deur Griffiths (1974, p90), as 'n gemeenskapsontwikkelingstipe beskou.

Vervolgens sal 'n bondige uiteensetting van die belangrik= ste kenmerke van die vroeë hervormingsbewegings gegee word.

5.1 Die ontwikkeling van maatskaplike sorg

Volgens Grobbelaar (1976, p27) het die ontwikkeling van wetenskaplike maatskaplike sorg, as uitvloeisel van die nuwe sosio-ekonomiese toestande wat deur die Industriële Rewolusie teweeggebring is, eers teen die helfte van die agttiende eeu 'n aanvang geneem. Verskeie welsynsorganisa= sies is gestig met die spesifieke doel om welsynsdienste te verskaf.

Die "Charity Organization Society", wat in 1869 in Londen ontstaan het, het 'n belangrike rol gespeel in die koördi= nering van die aktiwiteite van verskeie liefdadigheidsor= ganisasies wat toe reeds georganiseerde hulpverlenging in Engeland onderneem het. Die C.O.S. was 'n belangrike vòor= loper van gemeenskapswerk as een van die hoofmetodes van die maatskaplike werk, terwyl dit ook die grondslag gelê het vir gevallewerk as metode (vgl. Grobbelaar, 1976, p28 - 29).

Hierdie liefdadigheidsorganisasies het ook in die V.S.A. posgevat en was een van die primêre benaderings tot ste= delike gemeenskapsprobleme gedurende die vorige eeu (San= ders, 1970, p12). Die liefdadigheidsorganisasies in die V.S.A. was veral daarop uit om behoeftige stedelinge, wat grotendeels in agterbuurte gewoon het, se materiële en geestelike welsyn te verbeter. Universiteite het metter= tyd begin om maatskaplike werkers op te lei om professio= nele hulpverlening te gee. Sanders (1970, p12) beweer dat hierdie benadering tot gemeenskapsprobleme baseer was op die idee dat die meer gegoedes verplig was om die minder gegoedes te help, maar dit was ook 'n beweging in die rig= ting van 'n sistematiese gekoördineerde benadering "that led toward professionalization of those who devoted full time to providing this help".

Nog 'n uitvloeisel van die industrieel-stedelike wantoe= stande in agterbuurte, was die stigting van welsynsen= trums of "Settlement Houses" in Engeland. Studente aan

die Universiteite van Cambridge en Oxford het teen die laaste helfte van die vorige eeu begin om positiewe vrye=tydsbestedingsaktiwiteite en lesings in minder gegoede woon=buurte aan te bied (Grobbelaar, 1976, p29). Hierdie bena=dering het ook na die V.S.A. uitgebrei en word tot vandag toe benut as ŉ oplossing van die agterbuurtprobleem in die V.S.A. en veral in minder ontwikkelde lande (vgl. Clinard, 1966, p101 - 104).

Afgesien van die soeke na oplossings vanuit ŉ hulpverle=ningsperspektief, was daar ook sedert die vorige eeu toe=nemende pogings om die agterbuurtprobleem deur middel van verbeterde stedelike beplanningstegnieke te verlig.

## 5.2 Die ontwikkeling van stedelike beplanning

Stedelike beplanning het selfs vir die grootste gedeelte van die negentiende eeu nog nie as afsonderlike en self=standige dissipline bestaan nie. Chadwick, Bentham en Owen word algemeen beskou as drie van Engeland se pionier=beplanners, veral op die gebied van maatskaplike hervorming (Swart en Lamont, 1972, p115 - 116).

Chadwick het hard probeer om gesondheidstoestande van ag=terbuurtinwoners te verbeter deur te konsentreer op die ver=betering van die stedelike sanitasiestelsel. In 1942 het hy ŉ verslag gepubliseer met die titel "Report on the Sanitary Conditions of the Labouring Population" (Speed, 1980, p12 e.v.).

Robert Owen, 'n meule-eienaar aan die begin van die vorige eeu, het hom bemoei met die humanisering van sy arbeiders se werksomstandighede. Sy arbeiders het die voorreg gehad om in goed-geventileerde vertrekke te werk, hulle het goeie huisvesting ontvang en is aangemoedig om die huise self in 'n goeie toestand te hou, terwyl die vestigingsplek van sy fabrieke van doeltreffende strate voorsien is. Op die maatskaplike terrein het hy 'n groot bydrae gelewer tot die verbetering van sy werknemers se welsyn deurdat vol= wassenes toegelaat is om ná werksure skool te gaan (vgl. Speed, 1980, p142).

Ebenezer Howard (1850 - 1920) het volgens Swart en Lamont (1972, p120) dieselfde rol ten opsigte van stedelike be= planning gespeel as Comte ten opsigte van sosiologie, naam= lik dat hy al die bestaande kennis van sy tyd versamel en ordelik gerangskik het. Howard het homself heftig uit= gespreek teen die oorbevolkte industriële stede van die negentiende eeu. Hy was van mening dat die stede nie in die maatskaplike behoeftes van mense kon voorsien nie. Hy het die fisiese en maatskaplike probleme van stede as onop= losbaar beskou en was van mening dat nuwe stede gebou moes word met 'n kombinasie van plattelandse en stadslewe. Hier= uit vloei sy idees omtrent "tuinstede" voort (vgl. Swart en Lamont, 1972, p121 e.v.).

Hoewel bogenoemde pioniers van stedelike beplanning veel gedoen het om aan dié dissipline 'n afspringplek te verleen,

het stedelike beplanning as doelmatige verbeteringsmetode betreffende agterbuurte eers aan die begin van die huidige eeu sy beslag gevind (vgl. Swart en Lamont, 1972, p124 e.v.). Selfs vandag kan daar nog veel gedoen word om stedelike be= planning as geïntegreerde, multi-dissiplinêre metode te verfyn om sodoende 'n oplossing te probeer vind vir die pro= bleem van stedelike agterbuurte (vgl. Swart en Lamont, 1972, p133 e.v.).

Hoewel hervormingspogings reeds sedert die vorige eeu daar= op gemik was om agterbuurttoestande te verbeter, merk Cli= nard (1966, p41 - 42) op: "Today there is increasing awareness among large segments of the elite of most coun= tries that slum conditions have to be changed, not only on humanitarian grounds, but also to expedite the develop= ment of the whole society". Die idee het ook onder agter= buurtinwoners begin posvat dat hulle omstandighede nie on= veranderbaar is nie.

Stedelike hernuwing, agterbuurtopruiming en programme om armoede teen te werk, is bekende oplossings vir hierdie probleem. Dit is egter eers ná die Tweede Wêreldoorlog dat gemeenskapsontwikkeling as benadering posgevat het en vandag feitlik universeel benut word om agterbuurtom= standighede te verbeter.

## 6. DIE INVLOED VAN INDUSTRIALISASIE EN VERSTEDELIKING IN SUID-AFRIKA

Grootskaalse industrialisasie en verstedeliking as uit=vloeisel van die Industriële Rewolusie was nie kenmer=kend van Suid-Afrika voor die tweede helfte van die vo=rige eeu nie. In 1867 word diamante in Kimberley ontdek en in 1886 ook goud in die Witwatersrand-omgewing. Hier=die ontdekkings het die onafwendbare proses vir industri=eel-stedelike ontwikkeling in Suid-Afrika aan die gang ge=sit. Die sosio-ekonomiese verandering van Suid-Afrika as 'n landbouland na 'n toenemend-industriële samelewing het be=gin. Hierdie proses sou, net soos in Europa en elders, nie sonder pynlike sosio-ekonomiese gevolge geskied nie. Haglike maatskaplike toestande in die swart stad Soweto en die Armblankevraagstuk van die eerste dekades van die huidige eeu, is twee tasbare gevolge van industrialisasie en die stedelike bevolkingsontploffing in Suid-Afrika.

Die agterbuurttoestande wat veral tydens die eerste paar dekades van die twintigste eeu in Soweto geheers het, is grootliks vergelykbaar met stedelike agterbuurtomstan=dighede in die groot industriële stede van Europa, Enge=land en die V.S.A. kort ná die aanvang van die Industri=ële Rewolusie. Grootskaalse hervormingspogings word tot vandag toe aangewend om die agterbuurtprobleem in Sowe=to op te los. Industrialisasie was ook 'n belangrike rede vir die verstedeliking van die Afrikaner - veral die verarm=de plattelandse boeregesinne. Cronjé (1968, p23 e.v.) be=

weer: "Hulle het dit nie juis goed getref nie. Oor die algemeen het hulle nog meer verarm en die prooi van maatskaplike ellende geword". 'n Groot deel van die Afrikaners het 'n kenmerkende agterbuurtbestaan in die opkomende industriële stad gevoer, "and those who were to settle in the new and lush suburbs of Johannesburg were almost exclusively English" (le Roux, 1978,(a), p9).

6.1 Die histories-maatskaplike agtergrond van Soweto

Met die ontginning van goud en diamante, het Suid-Afrika se bevolking 'n migrasieverskuiwing ondergaan met die Witwatersrand as die geografiese swaartepunt van 'n grootskaalse verstedelikingstendens. Die Witwatersrandse goudvelde het die sentrum van ongekende stedelike uitbreiding geword. Blank en nie-blank het uit die landelike milieu na die goudmyne gestroom met die verwagting dat geld en werksgeleenthede dáár volop sou wees.

Teen die einde van die vorige eeu het Johannesburg reeds uit sy nate gebars soos Swartes na bestaande woongebiede, waaronder Sophiatown, Alexandra en Prospect, gestroom het. Becker (1974, p125) skryf: "And as the more central areas filled to overflowing, an unsightly agglomeration of hovels sprang up in the nearby south-western veld, like a field of deformed toadstools, bringing to life a ghastly slum comprising eleven so-called squatter camps".

Sophiatown was 'n agterbuurt waar nie net Swartes nie, maar ook Blankes, Chinese en Indiërs in maatskaplike wantoestande geleef het: "The sanitation wasn't so good, it was all cramped up, the water supply was communal, you know. At first they had a tap for a block, then they started having taps in the yard for all people in that yard. You'd have about three hou= ses in one stand, owned by one person and you'd have about seven families there, rooms hired out" (Johnson en Magubane, 1981, p10). Becker (1974, p125) gee 'n beeldryke beskrywing van die agterbuurte in Johannes= burg gedurende die beginjare van hierdie eeu: "Hovels pieced together with scraps of rusty corrugated iron, lengths of hession, bran and coal bags, boxwood, card= board and odds and ends for blocking up gaps in wall and roofs. Bugs, disease and then .... hundreds of shelters ruthlessly razed to the ground by a tornado ...."

Midde-in hierdie toestand van maatskaplike wanfunksio= nering was daar tog 'n gees van gemeenskaplikheid tussen baie agterbuurtbewoners. Informele klubs vir skrywers, joernaliste en musici van alle vlakke op die sosiale leer het nie uitgebly nie. Iemand sê onder andere: "The life in Sophiatown was one powerful unit, a wellknit community" (Johnson en Magubane, 1981, p10). Hierdie tendens is soortgelyk aan die beskrywing wat Gerald Suttles van agter= buurte gee in sy boek "The social order of the slum".

Na die Tweede Wêreldoorlog het die huidige Soweto en sy satelliete beslag gekry (vgl. Johnson en Magubane, 1981, p10 - 12). Daar is ook begin met stedelike hernuwing as oplossingsbenadering vir die agterbuurtprobleem in So= weto. Die "Johannesburg City Council, Non-European Af= fiars Department" het Soweto sedertdien as die wêreld se grootste agterbuurtopruimingskema van die na-oorlogse tydperk beskryf (vgl. Johnson en Magubane, 1981, p9).

## 6.2 Die Armblankevraagstuk

Tydens die migrasie-proses na die Witwatersrand aan die einde van die vorige eeu en begin van die huidige, het blanke Afrikaners van die platteland hulle ook in groot getalle by die nuut-verstedelikte bevolking gevoeg. Die dikwels ongeletterde landeling was verplig om met Swartes en Europese immigrante te kompeteer vir werks= geleenthede in die goudmyne en ander industrieë. Die kompetisie was straf en dikwels onregverdiglik in die guns van die Europese immigrante, omdat laasgenoemde se tegniese vaardighede aan hulle die hoogs besoldigde beroepsposisies in die myne, industrieë en handelswêreld besorg het (vgl. le Roux, 1978(a), p14 - 16).

Die kompetisie om werkgeleenthede met die Swartes het ŉ ander faktor na vore laat tree, naamlik dat die Swarte as gevolg van ŉ laer lewenstandaard sy arbeidspotensiaal teen ŉ veel laer prys beskikbaar kon stel in die ongeskool=

de sektore van die beroepsfeer. Hierdie faktore het on= der meer 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van 'n armoedige en dikwels ook werklose Blanke - proletariaat in die stede (le Roux, 1978(b), p69). In 1922 volg groot onluste as gevolg van oproer deur die Afrikaners aan die Rand. Wetgewing word ingevoer om sekere beroepe net vir Afrikaners te reserveer (Gann en Duignan, 1981, p16).

Gedurende die eerste derde van hierdie eeu was Suid-Afri= ka inderdaad 'n land waar armoede hoogty gevier het. Meer as die helfte van die Blanke bevolking, meestal Afrika= ners, was teen 1930 geklassifiseer as "armblankes". Som= mige van die beste literêre werke in die Afrikaanse kul= tuurskat dateer uit dié periode. Uit die prosa en poësie= stukke spreek die verslaentheid en maatskaplike disoriën= tasie van die Afrikaner gedurende hierdie tydperk (Gann en Duignan, 1981, p6).

Die verarmde Stadsafrikaner het in kontras gestaan met die tipiese landeling van voor die sewentigerjare van die vorige eeu. Tot dié tyd was die stadslewe in Suid-Afri= ka van min betekenis en het dit grootliks die aard van 'n dorpslewe vertoon, soortgelyk aan dié in Europa gedu= rende die pre-industriële tydperk. In die stede waar= binne die Afrikaner, veral dan die Armblanke, teen die dertigerjare van hierdie eeu geleef het, is die inheem= se verdring deur die volksvreemde, die nasionale in die skadu gestel deur die kosmopolitiese en op die lange

duur is die Afrikanervolk sodanig meegesleur deur die vreemde beïnvloeding, dat hy skielik 'n "vreemdeling in sy eie land geword het" (Cronjé, 1968, p22).

Juis uit hierdie maatskaplik-vervalle omstandighede van die Afrikaner, het die sosiologie en later die maat= skaplike werk as professionele vakrigtings in Suid-Afri= ka ontwikkel.

## 6.3 Die ontwikkeling van die sosiologie in Suid-Afrika

Die vroegste sosiologiese ondersoek in Suid-Afrika het gegroei uit en het betrekking gehad op die verarming van die Afrikaner, en is in die sogenaamde Carnegie-Kommis= sie se verslag beliggaam (Cronjé, 1968, p19). Na 'n be= soek van die President en Sekretaris van die Carnegie-Korporasie van New York in 1927 aan Suid-Afrika, het die Korporasie ingestem om 'n ondersoek te loods na die Arm= blankevraagstuk in hierdie land. Die Verslag van die Car= negie-Kommissie van Ondersoek het in 1932 verskyn en het 5 boekdele beslaan (Pieterse, 1976, p43).

Soos Cronjé (1968, p19) tereg opmerk, is die daadwerklike beoefening van die sosiologie as wetenskap nie oral die= selfde nie en dra dit die kleur van die besondere maat= skaplike ontwikkeling en vraagstukke wat in 'n bepaalde land plaasgevind het en aanwesig is. Die ontwikkeling van die sosiologie in Suid-Afrika kon, op grond van die

voorafgaande, beskou word as voortspruitende uit die on= draaglike maatskaplike omstandighede van die Afrikaners in veral die nuwe industriële stad wat aan die begin van hierdie eeu sy verskyning gemaak het.

Met die Carnegie-verslag is daar vir die eerste keer op interdissiplinêre, maar veral sosiologiese grondslag 'n wetenskaplike ontleding gemaak van 'n sosiaal-patologiese verskynsel in Suid-Afrika (Pieterse, 1976, p43). Een van die aanbevelings wat in dié verslag vervat was, was die stigting van 'n department sosiologie aan 'n universiteit (Pieterse, 1976, p43). Soos in Engeland en die V.S.A., het eers sosiologie en later "toegepaste sosiologie", waar= uit maatskaplike werk sou groei, ontwikkel as wetenskap= like benaderings tot sosiaal-patologiese omstandighede. Vanuit die gemeenskapswerkbenadering sou veral maatskap= like werk as professie later veel doen ten aansien van die groei en vestiging van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika (vgl. du Toit, 1980, p9 en du Preez, 1981, p14).

## 6.4 Stedelike hernuwing in Suid-Afrika

Hoewel daar vroeër beweer is dat Soweto een van die groot= ste stedelike hernuwingsprojekte in die wêreld is, beweer Swart en Lamont (1972, p182) dat Suid-Afrika nog veel moet doen om stedelike hernuwingsnavorsing te verbeter. Daar word selfs beweer dat die besef van die belangrikheid van

sosiaal-wetenskaplike navorsing in die beplanning van hernuwing- en hervestigingsprojekte nog feitlik afwesig is, hoewel hervestiging reeds op groot skaal plaasgevind het en stedelike hernuwing meer algemeen word (Swart en Lamont, 1972, p181).

Die tagtigerjare kenmerk 'n byna rewolusionêre verandering in terme van die hantering van vestigingsprobleme in stede in Suid-Afrika. Waar stedelike agterbuurte voor= heen nie net in Suid-Afrika nie, maar ook oorsee beskou is as grotendeels 'n behuisings- of fisiese probleem, word die klem vandag al meer op die maatskaplike aspekte van vestiging geplaas, met besondere aandag aan <u>gemeenskaps= betrokkenheid</u> by die verbetering van sosio-ekonomiese en fisiese lewensomstandighede (vgl. Thabe, 1978, en Cilliers, 1978, p4).

In hierdie afdeling is daar kortliks gelet op die ontstaan van agterbuurttoestande en sosio-ekonomiese probleme wat deur die industrieel-stedelike ontwikkelingsproses in Suid-Afrika teweeggebring is.

Agterbuurttoestande soortgelyk aan dié wat in die eertydse Soweto geheers het en die sosio-ekonomiese probleme ken= merkend van die Armblankevraagstuk, is vandag nie onbe= kende verskynsels in Suid-Afrika nie, veral in terme van

die ontwikkelende Swart, Kleurling-, en Indiërbevolkings= groepe. Om oplossings te vind vir die swak lewensomstan= dighede waarin hierdie bevolkingsgroepe hulle in baie ge= valle bevind, veral binne die Suid-Afrikaanse stedelike konteks, is uiteraard nie maklik nie. Die gemeenskaps= ontwikkelingsbenadering, wat groot klem plaas op self- hulp en eie betrokkenheid van mense by die verhoging van hulle lewenstandaard, word as een van die potensiële han= teringswyses vir hierdie ontwikkelingsproblematiek in Suid-Afrika beskou.

## 7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is geredeneer dat die ontstaan van die sosiologie as vakwetenskap tot ŉ hoë mate gestimuleer is deur maatskaplike wantoestande wat gedurende die vorige twee eeue veral in stedelike agterbuurte van Europa, Enge= land en die V.S.A. voorgekom het. Sodanige wantoestande het grootliks voortgespruit uit swak-gereguleerde en selfs onbeheerde industrieel-tegnologiese ontwikkeling. Hierdie tendens was kenmerkend van sosio-ekonomiese veranderinge wat in die pre-industriële samelewings van die huidige ontwikkelde industriële lande plaasgevind het.

Die vroeë pioniers van die sosiologie het bogenoemde maat= skaplike wantoestande aan die stedelike milieu se negatie= we invloed toegeskryf en het ŉ krities-veroordelende hou= ding jeens die stad ingeneem. Die stad as samelewingsver=

skynsel en stedelikheid as lewenswyse, het die sentrale fokuspunt van 'n afsonderlike dissipline binne die sosio= logie geword, nl. stadsosiologie. Die grondleggers van die stadsosiologie, veral na die Chicago-skool, het hulle stu= dies grootliks beperk tot sosiaal-patologiese verskynsels in stede. Die bevindinge van dié studies is tot 'n hoë mate veralgemeen as synde die tipiese kenmerke van die stedelike leefwyse.

Maatskaplike wantoestande in stedelike agterbuurte was die stimulus vir hervormingsmaatreëls wat 'n verbetering in die haglike lewensomstandighede van veral agterbuurt= inwoners ten doel gehad het. Hierdie hervormingsmaatreëls kan grotendeels beskou word as die voorlopers van die he= dendaagse gemeenskapsontwikkelingsbenadering. In Suid-Afrika het die Armblankevraagstuk uitgeloop op die vesti= ging van sosiologie as wetenskap, wat op sy beurt weer die stimulus voorsien het vir die professionalisering van maat= skaplike werk. Vanuit die maatskaplike werk sou later veel gedoen word om gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika te vestig.

In die volgende hoofstuk sal die aard van die hedendaagse stedelike agterbuurt bespreek word en in kort gelet word op enkele oplossingsbenaderings wat - naas gemeenskaps= ontwikkeling - op die agterbuurtproblematiek van toepas= sing is.

# HOOFSTUK 2

## DIE STEDELIKE AGTERBUURT: TEORIEË, KENMERKE EN ENKELE OP= LOSSINGSBENADERINGS

### 1. INLEIDING

Die woord "agterbuurt" hou vir baie mense 'n negatiewe betekenis in; baie heg 'n emosionele konnotasie aan dié woord - die agterbuurt dui vir hulle op iets wat vermy moet word. Die oorsprong van die Engelse begrip "slum" kan waarskynlik teruggevoer word na die woord "slumber", omdat agterbuurte aanvanklik beskou is as "to the majority - unknown, back streets or alleys, wrongly presumed to be sleepy or quiet" (Hunter, 1964, p5).

Hoewel die agterbuurt dikwels tereg identifiseer word met enige denkbare vorm van sosiale patologie en dis= organisasie, is daar steeds meer mense wat glo dat die bewoners van agterbuurte, met die nodige aanmoediging, 'n verbetering in hulle eie lewenskwaliteit teweeg kan bring. Hierdie skrywers is dit eens dat agterbuurte 'n maatskaplike probleemtoestand is wat nie net 'n stad se funksionering strem nie, maar ook nadelig is vir die betrokke samelewing waar dit voorkom. Oplossings moet vir hierdie probleem gevind word (vgl. Hunter, 1964, p3 en Clinard en Meier, 1979, p140).

Alvorens sinvolle oplossings voorgestel kan word, is dit nodig dat die agterbuurt in sy wye verskeidenheid

fasette beskryf en geken moet word. In hierdie hoofstuk sal enkele definisies, teorieë en eienskappe van agter=buurte en agterbuurtinwoners bespreek word. Daar sal ook in kort gelet word op enkele aspekte rakende die eliminering van agterbuurte.

## 2. ENKELE DEFINISIES VAN DIE STEDELIKE AGTERBUURT

Daar kan met sekerheid gestel word dat daar geen "ti=piese" agterbuurt is nie. Agterbuurte, soos ander vorme van stedelike residensiële gebiede, vertoon uiteenlopen=de verskille. Clinard en Meier (1979, p145) stel dat "slums are of all types, shapes and forms".

'n Oorsig van die relevante literatuur toon dat verskil=lende skrywers die klem plaas op verskillende aspekte van agterbuurte. Sommige definisies en beskrywings van die stedelike agterbuurt beklemtoon byvoorbeeld die behuisingsprobleem, terwyl ander weer die sosio-ekono=miese aspekte as 'n belangriker prioriteit aanslaan.

### 2.1 Agterbuurte en behuising

James Ford se opsommende definisie van die stedelike agterbuurt gedurende die dertigerjare, is: "The slum is a residential area in which the housing is so dete=riorated, so substandard, or so unwholesome as to be a menace to the health, safety, morality or welfare of the occupants" (Hunter, 1964, p13). Swak behui=

sing word in hierdie definisie nie net as enkele maatstaf vir agterbuurtdefiniëring beklemtoon nie, maar daar word ook veel klem geplaas op behuisingsproblematiek as skynbaar die enigste oorsaak van swak maatskaplike toestande in agterbuurte.

Behuising wat ondoeltreffend en van swak gehalte is, is weliswaar een van die belangrike eienskappe van agter=buurte en gee ook aanleiding tot 'n verskeidenheid ander probleme. Dit is egter nie die enigste oorsaak of selfs belangrikste kenmerk van agterbuurte in die geheel ge=sien nie, hoewel Scherer (1972, p53) tereg opmerk dat "one may look for the slum in any city by noting poor housing". Die probleem hiermee is dat 'n eensydige be=klemtoning van behuisingsproblematiek dikwels tot gevolg het dat die oplossing vir agterbuurttoestande beskou word as gesetel in die verbetering van behuisingstoestande. Volgens Gist en Fava (1974, p278) het Amerikaners vir lank geglo dat die maatskaplike opheffing van agterbuurt=bewoners deur middel van behuisingsverbetering kan geskied. Hoewel woongeriewe van hoë gehalte as een van die basiese aspekte van 'n stabiele gemeenskap beskou kan word,behels die agterbuurtprobleem meer as net fisiese aspekte - dit het ook te doen met <u>mense</u>; hulle houdings, waardes en lewensbeskouings (Bergel, 1955, p421 - 422). Fisiese verbetering beteken in sigself nog nie dat maatskaplike verandering in die sin van 'n beter lewenskwaliteit ver=seker is nie.

Bergel (1955, p410) definieer agterbuurte as residensi= ële gebiede in 'n stad wat gekenmerk word deur behuising van 'n lae standaard, maar voeg dadelik daaraan toe dat die begrip "behuisingsomstandighede" se inhoudelike be= tekenis verwys na "lewensomstandighede" eerder as blote fisiese voorkoms van geboue. Hiermee word daar derhalwe ook aan die maatskaplike aard van agterbuurte aandag ge= gee.

## 2.2 Agterbuurte en lae-huurgebiede

Gans (1968, p211) beweer dat daar duidelik onderskei moet word tussen agterbuurte en residensiële gebiede waar eiendomshuur laer is as die gewone standaard vir verhuring in ander residensiële areas. Hy definieer agterbuurte as daardie areas waar die woonbuurt oog= lopend 'n fisiese, maatskaplike of emosionele invloed van nadelige aard op die bewoners het, met die belang= rike veronderstelling dat hierdie geriewe op sigself nie die oorspronklike oorsaak van maatskaplike probleme is nie. In die meeste gevalle kom mense wat reeds sul= ke probleme het, na agterbuurte. Die agterbuurtomstan= dighede mag wel die mensepotensiaal verder erodeer, maar in die meerderheid gevalle verhuis mense met "onaanvaar= bare" gedragspatrone en finansiële, maatskaplike en psi= giese probleme na die agterbuurt. Die sosiale omgewing van agterbuurtinwoners het weliswaar 'n groot invloed op dié mense. Wanneer daar vasgestel kan word dat hierdie

omgewing ŉ duidelike en onderskeibare invloed op die le=
wenstandaard van die inwoners het, kan so ŉ gebied as ŉ
agterbuurt geklassifiseer word en behoort ingrypingsmaat=
reëls oorweeg te word (Gans, 1968, p211).

As voorbeeld noem Gans (1968, p211) dat ŉ woonbuurt as
agterbuurt definieer kan word wanneer daar bewys kan word
dat die woonomgewing op sigself, en nie laerklas-lewens=
omstandighede nie, die primêre oorsaak van jeugwangedrag
is. Hierdie aspek is egter in baie opsigte effens teore=
ties van aard, omdat agterbuurtomstandighede wat verband
hou met onwettige praktyke ook ŉ groot korrelasie toon
met lae sosio-ekonomiese status - iets wat nie net kenmer=
kend van agterbuurte is nie (vgl. Fried en Levin, 1968,
p65). Clinard en Meier (1979, p141) stel tog dat daar
in byna alle lande sterk bewyse bestaan dat dit eerder die
agterbuurt as woonomgewing as die individu of gesin is wat
die geskikte milieu bied vir die groot voorkoms van jeug=
misdaad.

Gans (1968, p211) definieer lae-huurareas in die stad
as dié gebiede waar mense woongeriewe en ander fisiese
fasiliteite kan bekom teen ŉ lae koste, mits hulle be=
reid is, of om ekonomiese redes verplig is, om hoë digt=
heidsbewoning, gebrek aan privaatheid en gebrekkige be=
skikbaarheid van ander moderne geriewe te aanvaar. Gans
beskou hierdie gebiede as minder nadelig vir menslike
welsyn as agterbuurte.

## 2.3 Agterbuurte en onvoldoende gemeenskapsfunksies

Berger (1978, p331) beskou agterbuurte ook in terme van swak en onvoldoende behuising, maar beklemtoon ver= der dat die agterbuurt in stedelike gebiede voorkom waar "communal functions are not available or inadequate= ly provided". Gemeenskapsfasiliteite soos koopgeriewe en instellings soos kerke is volgens Berger onvoldoende in agterbuurte. Alle ander geriewe wat as openbare dien= ste beskou kan word, is nie van so ŉ lae standaard dat dit negatief inwerk op die inwoners se identifikasie met die gebied nie. Normatiewe integrasie, maatskaplike so= lidariteit, maatskaplike deelname en onderlinge onder= steuning tussen inwoners is grotendeels afwesig (Berger, 1978, p331).

Die siening van Berger is weliswaar nie van alle waar= heid ontbloot nie. maar hy stel homself tog oop vir kri= tiek op grond van ŉ relatiewe deterministiese veralge= mening ten opsigte van die aard van die "gemeenskapsge= voel" in agterbuurtes. Berger skep die beeld van sosi= ale disintegrasie as synde die tipiese kenmerk van die maatskaplike aard van agterbuurte. Verskeie studies het reeds bewys dat hierdie siening nie ŉ geldige ver= algemening is nie, maar dat agterbuurte inderdaad ŉ eie= soortige sosiale organisatoriese patroon vertoon met sterk bande van sosiale wisselwerking tussen agterbuurtinwo= ners. Dié tendens kan nie vanuit ŉ eensydig-disorgani=

satoriese siening verantwoord word nie (vgl. Gist en Fava, 1974, p277). Sommige skrywers is selfs van mening dat agterbuurtbewoning ŉ subkulturele samelewingsvorm veron= derstel - ŉ bewys van homogeniteit en samehorigheid (Cli= nard en Meier, 1979, p145 e.v.).

ŉ Vergelyking tussen voorstede en agterbuurte toon wel aan dat daar minder vrywillige organisasies of ander vor= me van formele instellings van dié aard (byvoorbeeld for= mele agente van sosiale beheer) in agterbuurte is, maar dat agterbuurte ŉ groter voorkoms van spontane, infor= mele aangesig-tot-aangesigkontakte vertoon as voorstede= like residensiële areas (Worsley, 1978, p365).

Soos daar in die vorige hoofstuk (4.4) aangetoon is, be= staan daar dikwels in agterbuurte ŉ gees van gemeenskap= likheid te midde van, of moontlik juis as gevolg van die armoede en materiële onderbedeeldheid van agterbuurtinwo= ners (vgl. Worsley, 1978, p364). Hierdie kenmerk van die sosiale organisasie van agterbuurte sal in ŉ volgende afdeling van naderby belig word.

## 2.4 Die agterbuurt en maatskaplike wanfunksionering

Hoewel Berger se definisie hink op die gedagte van maat= skaplike wanfunksionering, plaas hy nie die klem uit= druklik op patologiese verskynsels as inherente deel van die agterbuurt nie. Feitlik nêrens in die litera=

tuur word die agterbuurt só duidelik met maatskaplike wanorde geïdentifiseer as in Harvey Zarbaugh se definisie nie, hoewel baie ander skrywers ook nie nalaat om die ag= terbuurt te beskryf alleen in terme van afwykende maat= skaplike verskynsels nie.

Zorbaugh (Bell en Newby, 1972, p96) definieer die agter= buurt as 'n "bleak area of segregation of the sediment of society; an area of extreme poverty, tenants, ramschackle buildings of evictions and evaded rents; an area of work= ing mothers and children, of high rates of birth, infant mortality, illegitimacy, and death ..." Die agterbuurt is volgens Zorbaugh ook die residensiële setel van wetsoor= treders, radikaliste, bohémiens, trekarbeiders, die on= suksesvolles, homoseksueles en die wanaangepaste uitge= worpenes van die samelewing (Bell en Newby, 1972, p96).

Zorbaugh se opvatting van die agterbuurt as synde die speerpunt van sosiale disorganisasie is die tipiese wy= se waarop meeste van die Chicago-sosioloë die stad be= skryf het (vgl. hoofstuk 1, afdeling 3). Daar is tog 'n groot mate van waarheid in Zorbaugh se waarnemings, maar sy onvermoë om enige positiewe aspekte van gemeenskaplik= heid en patrone van sosiale organisasie te erken, gee aan= leiding tot 'n eensydige beeld van die agterbuurt. Zor= baugh stel dat daar geen gemeenskaplike bande bestaan wat die kosmopolitiese bevolking van die agterbuurt tot 'n gemeenskapseenheid saamvoeg nie, terwyl die wette wat be=

staan nie 'n gemeenskapsproduk is nie en daar geen georga= niseerde openbare mening is wat hierdie norme legitimeer nie (Bell en Newby, 1972, p95). Daarteenoor bewys Suttles (1970, p227 e.v.) dat daar weliswaar elemente van sosiale disorganisasie aanwesig is soos Zorbaugh tereg beweer, maar dat die agterbuurt 'n unieke vorm van normregulering vertoon wat nie buite die grense daarvan "normale" praktyk is nie.

Uit die voorafgaande definisies kan afgelei word dat die agterbuurt beskryf word in terme van twee breë kategorieë, naamlik die fisiese en maatskaplike komponente (vgl. Gist en Fava, 1974, p275). Wat die fisiese komponent van ag= terbuurte betref, word swak behuising en dikwels ook an= der fisiese strukture, soos onvoldoende openbare gemeenskaps= fasiliteite, as belangrik beskou. Sover dit die maatskap= like komponent betref, is daar skrywers wat die agterbuurt= inwoners beskryf in terme van die sosiale disorganisasie-perspektief, terwyl ander van mening is dat die agter= buurt, gemeet aan die standaarde wat vir normatiewe regu= lering binne sy eie residensiële grense bestaan, tog 'n besondere vorm van sosiale organisasie vertoon - selfs 'n eiesoortige subkultuur.

Dit dien ook gemeld te word dat daar verskeie tipes ag= terbuurte is. Hierdie agterbuurttipes hang dikwels saam met die bepaalde stad en/of land waar dit voorkom. Die

begrip "agterbuurt" impliseer reeds op sigself dat dié gebied stadsgebonde is. Die Engelse begrip "slum" is egter meer omvattend en kan selfs binne stede voorkom.

Dit dui ook op landelike nedersettings van soortgelyke en dikwels swakker gehalte as agterbuurte, omdat dit verband hou met tydelike vestiging. Die begrip "slum" kan byvoorbeeld dui op die "pile-villages" van Suid-Asië wat bestaan uit "wooden shacks", opgerig met stelte naby die waterfront; terwyl "shanty towns " of "squatter shacks" die benamings is vir die vestings van armoedige mense wat die heuwels van Rio de Janeiro bewoon. Dié benaming word ook vir soortgelyke strukture in Hong Kong en ander Asia= tiese, Afrika- en Suid-Amerikaanse stede gebruik (vgl. Clinard en Meier, 1979, p145 - 146).

## 3. TEORIEë OMTRENT DIE STEDELIKE AGTERBUURT

In hierdie afdeling sal daar kortliks gelet word op en= kele teorieë aangaande die wyses waarop agterbuurte vanuit sosio-ekologiese en sosio-funksionele perspektiewe onder= skeidelik geklassifiseer kan word. ŉ Psigo-sosiale ti= pologie van agterbuurtbewoners sal aan die hand van John Seeley (1970) se klassifikasie bespreek word.

### 3.1 ŉ Sosio-ekologiese tipologie van agterbuurte

Bergel (1955, p413 e.v.) onderskei tussen drie stedelike

agterbuurttipes met onder meer ekologiese voorkoms of ruim= telike situering as kriterium.

Die eerste tipe is die sogenaamde "oorspronklike" agter= buurt. Hierdie area was sedert die funksionele ingebruik= neming daarvan as residensiële gebied gekenmerk deur ge= boue van swak gehalte. Hierdie agterbuurt loon nie die moeite van herstel nie en is geskik om gesloop te word. Bergel spesifiseer nie waar hierdie woonbuurte voorkom nie, maar noem wel dat die Mexikaanse agterbuurt in Wichita 'n voorbeeld van so 'n area is (Bergel, 1955, p413).

Die tweede tipe wat Bergel onderskei, is dié agterbuurt wat ontstaan het as gevolg van die verval van geboue en die voorkoms van lae sosio-ekonomiese klas-inwoners wat 'n gebied betrek het wat deur middel en hoër klas-bewoners verlaat is. Die sogenaamde South End-agterbuurt in Bos= ton is 'n voorbeeld van só 'n agterbuurttipe (Bergel, 1955, p413). South End was eers 'n residensiële gebied vir die hoër sosio-ekonomiese klasse, maar namate die sentrale besigheidsgebied na dié area uitgebrei het, het die in= woners hulle huise en woonstelle verkoop en na voorstede verder weg van die sentrale besigheidsdistrik getrek. Die waarde van die eiendomme het laag gedaal en die gevolge was dat die bevolkingsamestelling van die gebied later grootliks uit persone in die laer sosio-ekonomiese klasse bestaan het. Sowat nege-en-dertig verskillende etniese en nasionaliteitsgroepe het dié gebied betrek. Fisiese ver=

val het gou ingetree en maatskaplike wanfunksionering in terme van onder andere misdaad het die oorhand begin kry (vgl. Bergel, 1955, p413 - 416).

Die derde agterbuurttipe wat Bergel (1955, p417) noem, is kenmerkend van die sogenaamde oorgangsone,"zone of transition", wat Burgess in sy konsentriese soneteorie onderskei (vgl. Swart en Lamont, 1972, p65 e.v.). Die oorgangsone word ook die "ou stad" genoem. Pakhuise, fa= brieke en soortgelyke geboue vervang geleidelik die woonhuise, terwyl die grondgebruik vir 'n bepaalde doel kortstondig en tydelik van aard is. Die gebied is ge= woonlik dig bevolk deur laagbesoldigde werkersklasse en verskeie rassegroeperinge, terwyl dit dikwels as die "buurt van maatskaplike verval" beskryf word (Swart en Lamont, 1972, p67). Die fisiese en maatskaplike toe= stande in hierdie agterbuurttipe is veel swakker as in die tweede tipe wat Bergel onderskei. Volgens Bergel (1955, p417) is die bevolking nie net uit laagbesol= digde werkersklasse saamgestel nie, maar ook uit "tran= sients, tramps, vagrants, chronic alcoholics, beggars, homeless men, and habitual criminals".

## 3.2 'n Sosio-funksionele tipologie van agterbuurte

Charles Stokes verdeel agterbuurte in twee kategorieë na gelang van die funksie wat hierdie onderskeie agter= buurte vir verskillende "soorte" mense inhou. Stokes

onderskei tussen "slums of hope" en "slums of despair" (Hunter, 1964, p15 e.v.).

Volgens Stokes is die "slums of hope" 'n soort "half=wegstasie" vir sommige mense. Een persoon of 'n gesin mag hier kom woon - selfs vir 'n lang tyd - met die doel om so gou moontlik weer weg te trek. Hierdie mense identifiseer nie ten volle met die agterbuurt nie en glo dat hulle eendag ten volle opgeneem sal word binne die sosio-ekonomiese funksionering van die res van die stede=like bevolking (Hunter, 1964, p15). Stokes beweer dat baie van die inwoners van die sogenaamde "slums of hope" nuwelinge in die stad is wat voel dat hulle in die nabye toekoms 'n beter woonplek sal kan bekom. Baie gaan egter nie daarin slaag nie. Sommiges is 'n minderheidsgroep "whose identification tag, skin colour, is not easily erased" (Hunter 1964, p16).

Die sogenaamde "slums of despair" is daarenteen die woon=omgewing van dié mense met 'n lewenshouding wat spreek van "this is the end of the line and there is nowhere to go from here". Dié inwoners vertoon 'n passiewe, apatiese le=wenshouding - hulle het opgegee. Dit is onwaarskynlik dat hulle ooit sal wegtrek, hoewel konstante migrasie van soortgelyke mense ná die gebied 'n merkbare verskynsel is (Hunter, 1964, p15 - 16).

## 3.3 'n Psigo-sosiale tipologie van agterbuurtbewoners

John Seeley (1970, p286 - 296) het 'n vierledige klas= sifikasie van agterbuurtinwoners voorgestel. Hy beweer dat agterbuurtinwoners se gedrag teoreties ontleed kan word na gelang van 'n differensiasie ten opsigte van "necessity and opportunity" aan die een kant en "per= manence and change" aan die ander kant. Op grond hier= van kan vier tipes agterbuurtbewoners onderskei word: die permanente behoeftiges, die tydelike behoeftiges, die permanente opportuniste en die tydelike opportuniste.

### 3.3.1 Die permanente behoeftiges

Volgens Seeley (1970, p291) bestaan hierdie groep uit drie subtipes: die trae, apatiese subtipe; die aange= paste armes en die sosiaal-uitgeworpenes.

Die trae, apatiese subtipe se opvallendste karaktereien= skap is dat hulle 'n immobiele lewenshouding openbaar. Hulle is die "do-nothings" wie se apatie in wanvoeding, onopgevoedheid, siekte, die belewenis van algehele ver= lorenheid of moontlik godsdienstig-georiënteerde "oorga= we" gesetel is (Seeley, 1970, p291).

Die aangepaste armes is mense wat aanvanklik moontlik deur omstandighede gedwonge in die agterbuurt kom woon het, maar gaandeweg 'n voorkeur vir en diepgesetelde ge=

dragswyse kenmerkend van 'n sukkelbestaan ontwikkel het (Seeley, 1970, p292).

Die sosiaal-uitgeworpenes verteenwoordig die dwelmver= slaafdes, prostitute en ander persone wie se twyfelag= tige karakters hulle verplig om die "gewone" samelewing te verlaat en te kom skuiling soek in die donker hoekies van die agterbuurt (Seeley, 1970, p292).

Hierdie tipes het almal om een of ander rede 'n behoefte om in die agterbuurt te woon. Hulle is dan ook die so= genaamde "hard and unmovable core" wanneer stedelike her= nuwingsprojekte of maatskaplike opheffingswerk vereis dat hulle moet verhuis (Seeley, 1970, p291). Dié groep stem baie ooreen met Stokes se "despair"-tipe.

### 3.3.2 Die tydelike behoeftiges

Die sogenaamde "respektabele armes" is 'n subtipe van hiér= die groep. Hulle is verplig om as gevolg van probleme in die agterbuurt te vestig, maar dit is dikwels net tydelik. Stokes sou dié groep waarskynlik indeel onder die "slums of hope". Hulle hoop voortdurend dat "dinge beter sal gaan" (Seeley, 1970, p292 - 293).

Die "vasgekeerdes" ("trapped") is agterbuurtbewoners wat eiendomsbesitreg in die agterbuurt bekom het voordat die buurt erg vervalle geraak het. Teen die tyd dat hulle

besef dat hulle eiendom se waarde baie min werd is, het die agterbuurt reeds rondom hulle ontwikkel en vind hulle dit moeilik om sonder groot geldelike verlies te verhuis, hoewel bystand tog deur middel van herontwikkelingsprogramme aangebied kan word (Seeley, 1970, p293).

### 3.3.3 Die permanente opportuniste

Net soos die permanente behoeftiges, het die permanente opportuniste ook 'n "behoefte" om in die agterbuurt te woon. Hulle benut egter die geleenthede wat die agterbuurt bied om 'n besondere lewenswyse te voer waarvoor die agterbuurt die ideale omgewing is.

Die wetsontvlugters is dié subtipe wat die agterbuurt opsoek as 'n veilige hawe waar anonimiteit redelik maklik gehandhaaf kan word (Seeley, 1970, p203).

Die "modelle" is dié agterbuurtbewoners wat weliswaar min voorkom, maar tog baie interessant is. Hulle beskou hulself as "gesante" - maatskaplik of godsdienstig - wat 'n lewe van "voorbeeldigheid" in die agterbuurt moet kom lei sodat ander inwoners tot "inkeer" kan kom (Seeley, 1970, p293 - 294).

Die sogenaamde "sporting crowd" is dié persone met relatief afwykende neigings wat hulleself ten volle kan uitleef binne die agterbuurtmilieu. Hulle wissel van die

"roughnecks", wat daarvoor verantwoordelik is dat die ag=terbuurt dikwels 'n onveilige omgewing is, tot dié wat an=der bewoners onveilig laat voel om die deur oop te maak as iemand klop, "because you never know whether someone is going to walk in on you without any clothes on!" (Seeley, 1970, p294).

### 3.3.4 Die tydelike opportuniste

Hierdie groep is dikwels groot in getal en word onderver=deel in drie subtipes: die "beginners", die "klimmers" en die "interpreneurs".

Die "beginners" is in baie gevalle onverbonde immigrante wat na die stede verhuis en nòg oor familie of vriende, nòg oor etniese of kerkverbande beskik om hulle te help om hulle voete te vind. Binne die agterbuurt word hulle georiënteer ten opsigte van verskeie dinge: hulle vind 'n werk, leer die stedelike leefwyse ken en probeer ter=selfdertyd om hulle karige besittings en finansies aan te vul. Hulle soek derhalwe 'n tydelike heenkome wat nie groot materiële en emosionele eise aan hulle sal stel nie (Seeley, 1970, p294 - 295).

Die "klimmers" is soortgelyk aan die "beginners", behalwe dat hulle reeds geruime tyd in die stad is en reeds be=reikbare ideale in die vooruitsig het, bv. 'n hoër sta=tus in die gemeenskap en selfs die moontlikheid van huis=

eienaarskap (Seeley, 1970, p295).

Die "interpreneurs" is dié groep wat reeds 'n stappie ver=der as die "klimmers" gevorder het en byna gereed is om die agterbuurt te verlaat. Hulle benut die agterbuurt egter nog om byvoorbeeld 'n klein besigheid aan die gang te hou. Dikwels bekom hulle eiendom in die agterbuurt wat later verkoop kan word wanneer hulle verhuis (Seeley, 1970, p295).

Uit die vooragaande teorieë kan daar reeds veel afgelei word omtrent die aard van die agterbuurt as woonomgewing. Enkele aspekte rakende die fisies-ruimtelike aard van ag=terbuurte kan uit Bergel se klassifikasie afgelei word, terwyl Stokes en Seeley veral aandag gee aan die psigiese en sosiale aard van agterbuurtbewoners. In die volgende afdeling sal daar in groter besonderhede gelet word op die algemene fisiese kenmerke van stedelike agterbuurte.

## 4. FISIESE KENMERKE VAN DIE STEDELIKE AGTERBUURT

Die mees konkrete en op die oog af ook die mees onder=skeidende eienskappe van die stedelike agterbuurt, is ge=setel in die fisies-struktuele kenmerke daarvan. Wanneer die aard van wonings, ander geboue en die algemene infra=struktuur van die agterbuurt vergelyk word met dié van

die res van die stad, is daar ŉ duidelike graadverskil in terme van gehalte soos gemeet aan algemeen-geldende norme vir "goeie" kwaliteit. Die swak standaard van behuising word dikwels beklemtoon as die mees uitstaande kenmerk van agterbuurte.

## 4.1 Behuising

Agterbuurte word dikwels beskryf as daardie dele van ŉ stad waarin die wonings van mense verwaarloos en ver= valle voorkom en dikwels tekens van oorbesetting ver= toon (vgl. ook 2.1 en 2.2). Hierdie eienskappe kan grootliks toegeskryf word aan ondoeltreffende ruimtelike verspreiding van geboue. Daar is dikwels min oop ruim= tes in die agterbuurt omdat elke beskikbare grondruimte vir behuising aangewend word. Onvoldoende sanitêre fasi= liteite, groot getalle mense per wooneenheid en swak in= standhouding vererger die situasie des te meer (vgl. Cli= nard, 1966, p4).

Agterbuurtbehuising wat tiperend aan die voorafgaande be= skrywing is, sluit in dié wonings wat met verloop van tyd in ŉ vervalle toestand ontaard het, maar ook dié wat se= dert oprigting daarvan nie geskik was vir menslike bewo= ning nie (vgl. ook 3.1). Laasgenoemde is veral geboue wat gedurende die vroeë stedelike ontwikkeling opgerig is, maar dit blyk dat dié persentasie wonings nie so groot is in hedendaagse stede nie as gevolg van slopings wat oor

die jare reeds plaasgevind het. Sommige geboue kan wel herstel word om meer geskik te wees vir gesonde menslike bewoning (vgl. Bergel, 1955, p417 en Hunter, 1964, p31 - 32).

Sommige wetenskaplikes is van mening dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen swak behuising en fisiese siekte= toestande van agterbuurtbewoners. Alvin Schorr (Berger, 1978, p332) wys daarop dat sanitêre geriewe wat deur 'n groot aantal persone gedeel word, ondoeltreffende bêre= plekke vir voedsel, swak ventilasie en verhitting, asook oorbesette slaapkamers meehelp om oordraaglike siektes maklik te versprei. Wetenskaplike studies het bewys dat verbeterde behuising 'n afname in die voorkoms van siektes en sterfgevalle meegebring het (Berger, 1978, p332).

Die maatskaplike invloed van swak behuising word dikwels in die literatuur gedebateer deur studente van die stede= like agterbuurt. Soos vroeër gemeld (vgl. 2.1 en 2.2) tref sommiges 'n direkte korrelasie tussen maatskaplike wanfunksionering en swak behuising. Baie skrywers meen dat behuisingstoestande in die stedelike agterbuurt in kousale verband staan tot sosiale disintegrasie, terwyl ander meen dat die verband nie so direk bestaan nie, maar dat mense wat reeds sosiale en psigiese probleme het na die agterbuurt trek. Sommiges meen dat persoon= like, gesins-,en sosiale disorganisasie gestimuleer word deur ondoeltreffende behuising en aanleiding gee tot die

hoë voorkomssyfer van patologiese gedragsverskynsels in agterbuurte. Hieruit vloei die aanname voort dat beter behuising noodwendig ook persoonlike en maatskaplike stabiliteit meebring. Stedelike hernuwingsprojekte word derhalwe as 'n oplossing vir die agterbuurtprobleem gesien (vgl. Clinard, en Meier, 1979, p147; Berger, 1978, p332; Gist en Fava, 1974, p278 en afdeling 6.1 van hierdie hoofstuk)

Navorsing het egter aangedui dat dié aannames nie heel= temal korrek is nie. Swak behuising het wel nadelige fisiese en psigiese gevolge vir die bewoners van agter= buurte, maar die agterbuurtprobleem kan nie bloot deur beter behuising opgelos word nie. Clinard en Meier (1979, p145) wys daarop dat die agterbuurt meer as net fisiese strukture behels; daar bestaan dikwels 'n "ag= terbuurtkultuur" wat dui op die sosiale organisasie van die mense wat in agterbuurte aangetref word. Maatskaplike verbetering kan nie losgemaak word van of selfs uitgelaat word by die eliminering van die stedelike agterbuurt nie. Selfs in verbeterde fisiese omstandighede kan die agter= buurttoestande nog steeds bly voortbestaan in die vorm van 'n tipiese agterbuurtleefwyse.

Marais (1978, p3) wys egter tog op die voordelige aspek= te van beter behuising. Dit blyk dat die hoë geboorte= syfer wat dikwels in agterbuurte aangetref word, verlaag word deur behuisingskemas, terwyl 'n werknemer wat van

goeie behuising verseker is, 'n hoër produktiwiteitskoers handhaaf. Die stelling word ook gemaak dat die gesin wat 'n menswaardige eenheid bewoon, veral as die gesinshoof oor eiendomsreg beskik, 'n meer "tevrede" gesin is en min= der geneig is om aan onrusstoking deel te hê en nie maklik aanhangers van vreemde ideologieë word nie. Op grond hier= van is dit duidelik dat behuising tog 'n rol speel in maat= skaplike en psigiese stabiliteit, hoewel dit binne die raamwerk van 'n groter geheel van bydraende faktore gesien moet word.

## 4.2 Oorbewoning

Oorbesetting van wooneenhede in agterbuurte is 'n belangri= ke aspek van die fisies-sosiale kenmerke van die agter= buurt. Die agterbuurt word ook gekenmerk deur 'n groot kwantitatiewe voorkoms van geboue op 'n klein territoriale terrein. Hoë digtheid-bewoning beteken egter nie noodwen= dig dat 'n gebied 'n agterbuurt is nie - daar is in verskeie stede 'n voorkoms van digtheidsbewoning in gebiede wat nie agterbuurtkenmerke openbaar nie (Hunter, 1964, p36 en Cli= nard en Meier, 1979, p148 - 149).

Oorbewoning van 'n wooneenheid dui daarop dat soveel men= se die eenheid permanent bewoon dat die gesonde fisiese, psigiese en sosiale aspekte van individuele funksionering nadelig daardeur beïnvloed word.

James Plant (1964, p655 e.v.) wys op die nadelige psi= giese effek van oorbewoning. Plant (1964, p655) be= weer dat die individu in toestande van langdurige oorbe= woning 'n groot mate van selfstandigheid inboet - die mens verleer om "self-sufficient" te wees. Kinders word dik= wels met die "harde realiteite" van menslike gedrag ge= konfronteer waardeur 'n gesonde idealisering van identi= fikasiefigure hulle ontneem word. Plant (1964, p657) stel dat "people are seen when not on dress parade, they are seen often - they must be seen as they are rather than as they would wish to be or as one would wish to see them".

Verder voorkom oorbewoning ook die besondere illusies van kinders rondom die seksuele (Plant, 1964, p659). Suttles (1970, p91) wys ook op hierdie aspek wanneer hy skryf: "Even when there is the strongest desire for pri= vacy, girls must often dress, 'make themselves up', run around in their slips, and sometimes use the bathroom in someone elses presence ... Husbands and wives cannot keep their intimacies ... a private matter ...". Soortgelyke en ander aspekte van oorbewoning in verband met privaat= heid word deur Oscar Lewis (1976, p241 e.v.) beskryf in sy opstel "Privacy and crowding in poverty".

'n Ander aspek van oorbewoning wat 'n belangrike rol speel in die sosiale organisasie van agterbuurte, is dat die areas net buite die wonings dikwels die sentrum van inten=

siewe sosiale aktiwiteite is. In sogenaamde middelklas-residensiële gebiede is die intensiteit van sosiale inter=aksie tussen inwoners veel laer in oop ruimtes soos sy=paadjies, parke en ander buite-residensiële plekke (Ber=ger, 1978, p334). Hierdie verskil is tekenend van die gebrek aan voldoende ruimte in agterbuurtwonings. In agterbuurte speel oop ruimtes 'n belangrike rol in bv. die stimulering van bendevorming wat so kenmerkend van die agterbuurt se jeugdige bevolking is (vgl. Suttles, 1972, p189 e.v.).

## 4.3 Sanitasie

Agterbuurte word oor die algemeen geïdentifiseer as dié deel van die stad met die mees onhoudbare sanitêre om=standighede. Fasiliteite wat gesonde sanitasie bevorder is dikwels ondervoorsien, terwyl bestaande fasiliteite van so 'n swak gehalte is dat onhigiëniese toestande dik=wels in 'n hoë mate voorkom. Clinard en Meier (1979, p149) merk op: "Slums are dirty places; they are often infes=ted with rats, cockroaches, and other pests that compli=cate health and cause sanitation problems".

Volgens Bergel (1955, p409) was die grootste omgewings=probleem van die Wichita-agterbuurt wat hy bestudeer het nie 'n hoë graad van oorbewoning as sodanig nie, maar eer=der ondervoeding van die mense, rook as omgewingsbesoede=lingsprobleem en onsanitêre water.

Swak sanitasie kan nie altyd net gewyt word aan die swak standaard van fisiese strukture nie - in baie opsigte is die inwoners self verantwoordelik hiervoor. Gutlin en Hollander (Clinard en Meier, 1979, p150) haal 'n agter=buurtinwoner aan wat sê: "I was looking right out of the winder when this woman came right out of her house with a box of garbage. In place of putting it in the garbage can somewhere ... she just dumped it right in the damn street down there". Hierdie voorbeeld versterk die argument dat die oplossing van die agterbuurtprobleem veel meer behels as blote stedelike hernuwing deur die ver=betering van fisiese strukture - dit behels ook 'n maatskap=like houdingsverandering van die inwoners (vgl. 6.1 en 6.2).

## 4.4 Gemeenskapsfasiliteite

Voorafgaande is 'n baie vereenvoudigde uiteensetting van die fisiese aard van agterbuurte. Dit is belangrik om in kort te wys op die aard van ander fisiese fasiliteite wat ken=merkend van agterbuurte is.

In hoofstuk 1 is reeds gewys op die gebrekkige voorsiening van ontspannings- en vryetydsbestedingsfasiliteite tydens die vroeë ontstaan van moderne stedelike agterbuurte. In baie opsigte is toestande vandag nie veel beter nie. Ver=skeie Kleurling-, Swart en Indiërgemeenskappe in Suid-Afri=ka, veral dié wat as agterbuurte geklassifiseer kan word, vertoon nie net 'n gebrek aanvoldoende ontspannings- en

vryetydsbestedingsfasiliteite nie, maar daar is ook 'n dringende behoefte aan ander gemeenskapsfasiliteite. Die verslae van die Fouché-Komitee en die Theron-Kommis= sie, wat onderskeidelik in 1974 en 1976 verskyn het, be= nadruk hierdie stelling. Volgens die bevindinge van dié ondersoeke, is die gebrekkige aard van gemeenskapsfasili= teite in verskeie stedelike woonbuurte vir anderkleuriges verontrustend en ontsaglik. Hierdie aspek het in die ver= lede grootliks tot maatskaplike onrus bygedra (vgl. Put= terill en Bloch, 1978, p15).

Putterill en Bloch (1978, p15) beweer dat daar oor die algemeen in Suid-Afrikaanse stede betekenisvolle tekort= kominge bestaan wat die getal en gehalte van ontspannings= fasiliteite betref, hoewel dit veral vir die groter woon= gebiede van Kleurlinge en Swartes geld. Daar word ver= der beweer dat toegang en beskikbaarheid van ontspan= ningsfasiliteite 'n belangrike komponent van die stadslewe vorm en bydra tot stedelike stabiliteit sowel as die le= wensgehalte in stede (Putterill en Bloch, 1978, p15).

## 5. MAATSKAPLIKE KENMERKE VAN DIE STEDELIKE AGTERBUURT

Hoewel die fisiese kenmerke die mees konkrete bewys van agterbuurttoestande in die stad is, word daar deesdae meer en meer aandag gegee aan die maatskaplike aard van stedelike agterbuurte. Ook ten opsigte van hierdie kom= ponent word daar dikwels eensydige beskouings aangetref.

Literatuur wat die maatskaplike aard van die agterbuurt behandel, ossileer oor die algemeen tussen twee pole: enersyds word agterbuurte veral beskryf as tekenend van sosiale disorganisasie, terwyl ander studies die agter= buurt beskryf as 'n besondere subkultuur met 'n eiesoor= tige maatskaplike orde. Sommige skrywers is van mening dat die stedelike agterbuurt gekenmerk word deur disor= ganisasie van die "aanvaarde" sosiale orde, terwyl ander weer beweer dat die agterbuurtbewoners se daaglikse gang bepaal word deur 'n norm- en waardekompleks wat nie gemeet moet word aan die dominante samelewingsisteem se norm- en waardekompleks nie (vgl. Clinard en Meier, 1979, p150 en Gist en Fava, 1974, p277).

Beide bogenoemde perspektiewe is komponente van die breë maatskaplike realiteit van agterbuurte. Nie een van hierdie perspektiewe kan op wetenskaplike gronde as volkome "verkeerd" of "reg" bestempel word nie. Beide perspektiewe is gefundeer in wetenskaplike studies. Daar kan met 'n groot mate van sekerheid gestel word dat die agterbuurt 'n wêreld van teenstellings is. Dié stelling geld veral ten opsigte van die maatskaplike realiteit van agterbuurte. Vanuit 'n bepaalde perspektief ontleed, is dit weliswaar moontlik om die stedelike agterbuurt ver= algemenend te beskryf as 'n woonbuurt waarvan die inwo= ners aan alle vereistes voldoen om as "sosiaal-gedisor= ganiseerd" beskryf te word. Die hoë voorkomssyfer van sosiaal-patologiese verskynsels in agterbuurte verleen

'n geldige argument hiervoor. Vanuit 'n ander fokuspunt kan daar egter ook genoeg bewyse gevind word vir die ar= gument dat die agterbuurt 'n eiesoortige maatskaplike orde vertoon te midde van sosiale disorganisasie (vgl. Suttles, 1970). Die sosiale realiteit van die stede= like agterbuurt word vervolgens vanuit bogenoemde pers= pektiewe belig.

## 5.1 Elemente van sosiale disorganisasie

Harvey Zorbaugh (en sommige van die ander Chicago-sosio= loë) se studies is tiperend van die eensydige beklemto= ning van sosiale patologie vanuit 'n sosiaal-disorgani= satoriese perspektief (vgl. hoofstuk 1, afdeling 3.2). Verskeie sosiaal-wetenskaplikes het sosiale disorganisa= sie as perspektief aangewend om maatskaplike probleme ná die Eerste Wêreldoorlog te beskryf en te verklaar. Rubing= ton en Weinberg (1977, p58) sluit aan by die argument wat in hoofstuk 1 van hierdie handeling gevoer is, naam= lik dat migrasie, verstedeliking en industrialisasie 'n sosiale en kulturele basis geskep het vir 'n groot aantal ongewenste maatskaplike omstandighede, naamlik misdaad, psigiese versteurings, alkoholisme en dies meer.

Rubington en Weinberg (1977, p64) stel dat "social dis= organization denotes a failure of rules". Persoonlike disorganisasie en 'n disekwilibrium in die sosiale sisteem word beskou as gevolge van sosiale disorganisasie. Teen

dié agtergrond het Zorbaugh en baie skrywers na hom, die stedelike agterbuurt beskou as 'n woonbuurt waarin norm= loosheid, waarde-konflik, persoonlike isolasie, aliënasie, ens. by uitstek voorkom. McVeigh en Shostak (1978, p191) wys daarop hoe sommige sosioloë die agterbuurt enkel en alleen met die probleme van elke stad identifiseer. Kris= ton Weinberg (McVeigh en Shostak, 1978, p191) definieer die agterbuurt as 'n fisiese, psigiese en sosiale "chaos" wat gekenmerk word deur lae inkomste van die inwoners; oorbewoonde, sub-ekonomiese huise; gemengde grondgebruik; verskeie rasse- en etniese konsentrasies, en veral ook ge= broke gesinne, werkende moeders, lae onderwyspeile, hoë voorkomssyfers ten opsigte van tuberkulose, psigiese ver= steurings en misdaadslagoffers.

Ten einde die sosiale disorganisasie-perspektief met be= trekking tot agterbuurte enigsins verder toe te lig, is dit nodig om te let op die manifestasie van disorgani= sasie op enkele terreine.

### 5.1.1 Aard van die huwelik- en gesinslewe

Nie net teoretici wat die sosiale disorganisasieperspek= tief aanhang nie, maar ook ander skrywers benadruk die groot voorkoms van gebroke gesinne in die agterbuurt. Egskeidings, kinderverwaarlosing, swak gesinsbande, hoë fertiliteitsyfers te midde van armoede asook die algemene voorkoms van buite-egtelikheid, is enkele temas wat dik=

wels die aandag van studente van die agterbuurt geniet.

Hunter (1964, p78 - 79) wys daarop dat 'n groot getal ouers in die agterbuurt nie in staat is om hulle kinders op te voed in 'n atmosfeer van hegte gesinsbande, liefde, re= spek, ambisies en aspirasies eie aan 'n stabiele gesins= lewe nie. Sommige gesinne kan kwalik as "gesinne" in die algemeen-aanvaarde sin van die woord geklassifiseer word. Ouers is dikwels van mekaar geskei; is soms nooit ge= troud nie of van mekaar vervreem. Die stabiliteit van die kinders se ontwikkeling word dikwels gestrem deur ernstige eksistensiële krisisse wat die ouers beleef, soos werk= loosheid of onseker werksomstandighede.

Oscar Lewis se studie in Mexico City toon aan dat huwelike in dié agterbuurt beskryf kan word as "mainly free unions whose tenuous bonds are frequently broken" (vgl. Gist en Fava, 1974, p344).

'n Studie wat deur Brindley (1976) in 'n Kleurlingagter= buurt in Johannesburg gedoen is, toon aan dat hierdie inwoners oor die algemeen groot gesinne gehad het, hoe= wel daar tog 'n aanvaarding was van die realiteit dat min= der kinders per gesin 'n ekonomiese noodsaaklikheid is. Die gemiddelde getal kinders per gesin was vier tot vyf - 'n tendens wat dui op 'n relatief groot natuurlike aanwas (vgl. Brindley, 1976, p9). Kontrasepsie en gesinsbe= planning is dikwels deur hierdie gesinne verwerp; soms

op grond van religieuse oortuigings en ook soms uit vrees wat voortspruit uit onkunde omtrent dié faktore (vgl. Brindley, 1976, p10 e.v.). Hoë fertiliteitsyfers in 'n stedelike agterbuurt is 'n realiteit wat ongewens is omdat dit tot verskeie sosio-ekonomiese probleme aanleiding gee. Groot gesinne lei dikwels tot armoede of die verhoging daarvan; dit verhoog die moontlike voorkoms van kinder=verwaarlosing wat op sy beurt weer die voorkoms van jeugmis=daad laat toeneem. 'n Groot getal kinders binne 'n finan=sieel-onderbedeelde gesin lei tot 'n "depressiewe" ge=sinsatmosfeer - iets wat dikwels in agterbuurte aange=tref word (vgl. Brindley, 1976, p20).

Gist en Fava (1974, p391) beklemtoon dat die stedelike agterbuurt 'n groot invloed op die stabiliteit van die gesinslewe het. Armoede, oorbewoning, die hoë misdaad=syfer, gebrekkige werksgeleenthede, swak voorsiene ont=spanningsgeriewe en 'n gevoel van aliënasie word deur Gist en Fava (1974, p391) beskou as tipiese eienskappe van die Swart ghetto in die V.S.A. Hierdie faktore word vererger deurdat die man as vernaamste broodwinner dikwels werksku is of nie in die vermoë is om ekonomies aktief te wees nie. Die verantwoordelikheid om die gesin te versorg, word dik=wels aan die moeder oorgelaat. Buitenshuise arbeid lei dan, veral in die geval van enkelouergesinne, tot kinderver=waarlosing en 'n onbevredigende gesinsatmosfeer (vgl. Gist en Fava, 1974, p391).

## 5.1.2 Misdaad

Riemer (1952, p149) is van oortuiging dat die stedelike agterbuurt gekenmerk word deur 'n hoë mate van kriminali= teit, maar dat dit tog nie korrek sou wees om die agter= buurt as sodanig te blameer vir al die misdadigers wat binne sy grense voorkom nie. Soos vroeër aangetoon (vgl. 3.3) bied die agterbuurt dikwels aan die misdadiger anoni= miteit en die geleentheid om kontak te maak met ander mis= dadigers. Die agterbuurt se geskiktheid as anonimiteits= faktor mag tot 'n mate 'n klimaat skep vir die "teel" van misdadigers. Riemer (1952, p149) beweer dat "traditions of criminal behaviour are certainly carried in the slum environment and handed down from generation to generation".

Kriminaliteit is sekerlik een van die mees beklemtoonde maatskaplike aspekte van die agterbuurt, terwyl dit in sekere opsigte ook 'n vorm van sosiale gedrag is wat dik= wels met agterbuurtbewoning geassosieer word. Hunter (1964, p69) is van mening dat dit lank reeds 'n aanvaar= de feit is dat baie misdaadsoorte hulle ontstaan in agter= buurte het. Johnson en Magubane (1981, p14) skryf dat Soweto twintig jaar gelede beskryf kon word as "a melting pot of tribal groups, ... living in poverty and degradation which bred crime ...". Aan die ander kant is die agter= buurt dikwels 'n "trekpleister" vir misdadigers. Die ag= terbuurt word deur Riemer (1952, p150) as 'n "misdaad-gemeenskap" beskryf in dié sin dat daar baie mense is wat

aan mekaar verbonde en selfs op mekaar aangewese is ten opsigte van geleenthede vir misdaad (byvoorbeeld bordele en sjebeens) of ten opsigte van 'n gemeenskaplike bedrei= ging, nl. die gereg.

Jeugmisdaad kom meer dikwels in agterbuurte voor as in ander dele van die stad (Clinard, 1966, p10 en Clinard en Meier, 1979, p141). In sommige Noord-Amerikaanse ste= de, waar die agterbuurtbevolking, soms sowat 20% van die totale stedelike bevolking uitmaak, word 55% van alle aan= gemelde/bekende gevalle van jeugmisdaad in die agterbuurte aangetref. Dit blyk dat stede van die ontwikkelende lande dieselfde tendens in hulle agterbuurte vertoon (Clinard en Meier, 1979, p141 en p143). Jeugbendes is dikwels die begin van 'n jeugdige se misdaadloopbaan wat in baie gevalle voortgesit word tydens volwassenheid. Die jeug= bende is vir die jeugdige 'n belangrike bron van sekuri= teit en bevredig die identiteitsbehoeftes van jeugdiges - behoeftes wat dikwels nie deur ander instellings voldoen= de bevredig word nie (vgl. Hunter, 1964, p71). Alle jeug= diges wat deel gehad het aan jeugbendes met 'n misdadige strekking, word egter nie noodwendig volwasse misdadigers nie. In baie gevalle bring die huwelik tog 'n mate van bestendigheid wat ook deur volwassenheid aangevul word om die jeugdige van 'n misdadige loopbaan weg te hou (Hunter, 1964, p71).

Afgesien van die kousale verband tussen jeugbendes en

jeugmisdaad, noem Brindley (1976, p33 - 34) ook ander fak= tore wat 'n veroorsakende rol speel in die voorkoms van 'n hoë jeugmisdaadsyfer, sommige waarvan reeds melding ge= maak is:- die onverantwoordelike houding van ouers jeens kinderopvoeding; afwesigheid van 'n volwaardige identifi= kasiefiguur in die geval van seuns wat dikwels sonder 'n vader of in aanwesigheid van 'n swak vader-figuur groot= word; armoede, wat kinders dikwels tot diefstal dryf; 'n afwesigheid van identiteit wat daartoe lei dat jeugmisdaad 'n gedragspatroon word om identiteit te bestendig, veral on= der die invloed van bendes; asook die onvoldoende polisie= beskerming wat inwoners soms moet verduur in stedelike agterbuurte.

### 5.1.3 Ander vorme van afwykende gedrag

Afgesien van misdaad en jeugmisdaad, is daar ook ander vorme van afwykende gedrag met 'n besonder hoë voorkoms in stedelike agterbuurte.

Dwelmverslawing, veral aan heroïne, is sterk gekonsen= treer in agterbuurte van groot stede. In New York is gevind dat 83% van adolessentedwelmverslaafdes in die agterbuurte van die stad woon, hoewel dié tendens in die laaste paar jaar ook vinnig na meer gegoede voorstede= like woonbuurte versprei het (Clinard en Meier, 1979, p144).

Alkoholisme is ook 'n bekende verskynsel in agterbuurte. Brindley (1976, p59 e.v.) bespreek die aard en omvang van alkoholisme in die Western Township-Kleurlingagter= buurt in Johannesburg. Sy meld die volgende oorsake vir alkoholisme in dié Kleurlingbuurt (Brindley, 1976, p60 - 64): sogenaamde "sosiale drinkery" wat in sommige gevalle tot alkoholisme aanleiding gee; die gevolg van chroniese drinkery wat voortspruit uit ernstige individuele pro= bleme soos armoede; en drankmisbruik om die identi= teitsgevoel te probeer versterk, veral by mans wat van hulle manlikheid vervreemd voel.

Ander vorme van afwykende gedrag wat volgens sommige skry= wers tot 'n groot mate in agterbuurte gekonsentreer is, is byvoorbeeld sekere vorme van geestesversteurdheid, soos skisofrenie (vgl. Clinard en Meier, 1979, p144), en ook maatskaplike euwels soos prostitusie (Riemer, 1952, p150 en Bergel, 1955, p426).

### 5.1.4 Isolasie en aliënasie

Inherente gevoelens van isolasie en aliënasie word dikwels aan die agterbuurtinwoners toegedig as synde 'n bewys van sosiale disorganisasie in dié tipe stedelike woonbuurt. In noue verband hiermee, word aspekte van anomie ook dik= wels aangegee as kenmerkend van die maatskaplike aard van agterbuurte (vgl. Hunter, 1964, p89).

Die elemente van anomie wat deur Leo Srole se vyfpuntskaal gemeet word, kan beskou word as tiperende komponente van die lewensbeskouing wat deur die oorgrote meerderheid ag= terbuurtbewoners gehuldig word (Hunter, 1964, p89). Hier= die skaal gee anomie aan as bestaande uit 5 verifieerbare elemente, naamlik:- die individu se gevoel dat gemeenskaps= leiers nie sy besondere behoeftes reg vertolk nie; die gevoel dat sosiale orde onvoorspelbaar is; die individu se oortuiging dat hy en ander mense soos hy op 'n "af= draende pad" is (vgl. Stokes se "slums of despair", in afdeling 3.2); die oortuiging dat die lewe geen sin en betekenis het nie; asook die individu se gevoel dat die verhoudinge waarby hy die intiemste betrokke behoort te wees, nie ondersteunend en betekenisvol is nie. Srole het die somtotaal van hierdie gevoelens beskryf as "one of the most pervasive and potentially dangerous aspects of Wes= tern society, namely the deterioration in the social and moral ties that bind, sustain and free us" (Hunter, 1964, p89 - 90. Vgl. ook Abrahamson, 1980, p196 e.v.).

In teenstelling met die beskouing dat die agterbuurt ge= kenmerk word deur disorganisasie soos vergestalt in hu= weliks- en gesinsprobleme, vorme van afwykende gedrag, isolasie, anomie, aliënasie e.d.m., is daar tog skrywers wat meen dat die agterbuurt juis 'n besondere vorm van so= siale organisasie verteenwoordig; selfs te midde van dis= organisasie.

## 5.2 Elemente van sosiale organisasie

'n Buitestaander beskou die stedelike agterbuurt dikwels as "the abode of half-starved, filthily-clothed children, of diseased and crippled individuals; a place of poverty, wretchedness, ignorance and vice" (Kirby, 1979, p5). Dit is dan ook tot 'n groot mate die beeld wat oorgedra word vanuit die disorganisasie-perspektief. Tog skryf Wors= ley (1978, p356) van "patterned and stable relationships ... in slums"; Kirby (1979, p5) wys op "the vibrant subculture of the slum ..." en Gist en Fava (1974, p277) meld dat "human behaviour in the slum is highly organized and social control quite effective".

Daar is reeds verskeie studies gedoen wat die absolute waar= heid van die disorganisasie-perspektief bevraagteken. Die stedelike agterbuurt vertoon dikwels 'n hoë graad van geor= ganiseerde interaksiepatrone, hoewel dit vir die buite= staander soms moeilik is om raak te sien. Patrone van in= formele sosiale organisasie is baie sterker as wat baie sou wou glo, terwyl die agterbuurtinwoner dikwels tot 'n mindere mate sosiaal geïsoleer is as baie inwoners van die middel- en hoëklaswoonbuurte (Bergel, 1955, p555 e.v.). Ten einde hierdie beskouing te verduidelik word vervolgens gelet op bepaalde fasette van sosiale organisasie in die agterbuurt.

5.2.1 Aspekte van sosiale kohesie

Daar bestaan verskeie bewyse vir die argument dat die ag= terbuurt meer as net 'n geografies-identifiseerbare woon= buurt is, maar ook duidelike komponente van 'n gemeenskap in die meer abstrakte sin van die woord vertoon. Daar is studies wat aantoon dat agterbuurtinwoners heel dikwels met hulle woonbuurt identifiseer en 'n positiewe houding jeens die agterbuurt het (vgl. Berger, 1978, p550 e.v.). Met verwysing na stedelike agterbuurte, merk Worsley (1972, p364) op dat afgesien van die haglike materiële omstandig= hede waarin hierdie mense hulleself bevind, daar tog duide= like tekens is van "a degree of communality in their lives, a communality which is generally lacking among the more well-to-do".

Soms is dit juis as gevolg van 'n armoedige bestaan dat ag= terbuurtinwoners 'n groot mate van sosiale kohesie ver= toon. Scherer (1972, p60) beskryf hierdie tendens as die "kultuur van armoede". Sy beweer dat die grense van armoede nie duidelike skeidslyne is wat 'n gemeenskap sig= baar afbaken ten opsigte van territorialiteit nie, maar armoede is 'n "thread woven into the fabric of human life ... Poverty defines collectivities in many subtle ways ..." (Scherer, 1972, p60). Bell en Newby (1978, p287) be= weer dat 'n armoedige bestaan 'n individu tot hoë mate aan sy onmiddelike bure verbind deur bande van onderlinge sa= mewerking en afhanklikheid. 'n Agterbuurtinwoner het hierdie

stelling konkreet aan Johnson en Magubane (1981, p10) gestaaf: "If I didn't have money to get into the bus, it was no problem. I could ask from anybody: 'Hey man, I haven't got busfare'. The guy would say without hesita= tion, 'Okay man, here is four cent for you ...'".

Johnson (1973, p166) beweer dat die eenheidsgevoel tussen agterbuurtinwoners tog ook tot 'n mate erodeer kan word deur die inwoners se daaglikse stryd om finansieel te oor= leef. Gebrek aan formele organisasievermoë kan ook 'n dem= per plaas op gemeenskaplikheid. Hoewel die agterbuurt derhalwe nie ten volle as 'n geïntegreerde gemeenskap be= skryf kan word nie, is die agterbuurt wel in baie opsigte 'n hegte "groep" waarvan die lede deur gemeenskaplike vy= andigheid jeens buitestaanders aan mekaar verbonde is (Johnson, 1973, p166). Die agterbuurtbewoners vertoon dikwels sielkundige beskermingsmeganismes teen vernedering deur ander stedelinge. Hulle word op grond hiervan saam= gesnoer tot 'n hegte "ons-groep" wat hulleself onderskei van die buitestaanders wat as 'n "hulle-groep" bestempel word (vgl. Johnson, 1973, p166-167).

Herbert Gans het gedurende die vyftigerjare 'n dieptestudie van die West-End-agterbuurt in Boston gemaak en gevind dat hierdie etnies-heterogene agterbuurt duidelike kenmerke van sosiale organisasie getoon het, terwyl elemente van so= siale kohesie duidelik sigbaar was. Die inwoners van West-End het hulleself onder meer op grond van onderskei=

bare klassegroepering georganiseer. Inkomste, beroep en etniese groep het byvoorbeeld as kriteria vir sodanige klas=severdeling gegeld (Worsley, 1978, p357).

Die gemiddelde West-End-inwoner het 'n keuse gehad tussen anonimiteit en "total immersion in sociability" (Worsley, 1978, p357). Sommige mense het wel na West-End getrek om anonimiteit te verkry, maar ander het mekaar reeds vir ja=re geken en het 'n hegte netwerk van sosiale interaksie=patrone gevestig. Gedeelde probleme soos 'n alkoholis in die gesin, die dood van 'n geliefde en die voortdurende eko=nomiese oorlewingspogings het bande van solidariteit tus=sen baie inwoners gesmee. Gans beweer dat die lewe in West-End groot ooreenkomste vertoon het met die lewens=wyse van 'n landelike dorpie - intimiteit en persoonlike primêre verhoudings was oral sigbaar (vgl. Worsley, 1978, p358).

### 5.2.2 Territorialiteit in die agterbuurt

'n Besondere agterbuurt kan dikwels nie in geheel as 'n kohe=siewe gemeenskap beskou word nie. Suttles (1970) se studie van die Addams-area in Chicago dui aan dat daar ook klei=ner gemeenskappies binne 'n agterbuurt bestaan. Hierdie gemeenskappies is dikwels op grond van territoriale gren=se van mekaar geskei. Volgens Suttles (1970, p227) is die eenheid/kohesie van 'n agterbuurt altyd gedeeltelik omdat daar verskeie voorvalle van konflik tussen onder=

skeie etniese groepe voorkom. Eenheid bestaan soms ten opsigte van 'n gemeenskaplike politieke stempatroon en 'n onderlinge respek vir territoriale grense. Etnisiteit is ook soms grootliks vir die bestaan van afsonderlike subgemeenskappe verantwoordelik.

Suttles (1972, p225) verwys na die bestaan van 'n "poli= siemag" wat op georganiseerde informele grondslag deur kriminele jeugbendes gevorm word in die Addams-agter= buurt. Hierdie adolessentebendegroepe verdedig elkeen 'n afgebakende territoriale gebied wat dikwels aan 'n et= niese groep se woongebied gekoppel word. Grootliks as gevolg van die mislukking en ondoeltreffendheid van die formele strukture van sosiale beheer, is dié bendegroepe vry om die sosiale orde en "moral enlightenment" van hulle onderskeie gebiede na willekeur te beheer (Suttles, 1972, p191 en 225). Hoewel die bendegroepe nie daarop uit is om die wet en orde wat in die "buitewêreld" as norm geld te verdedig nie, is hulle aktiwiteite tog gemik op die bewaring van die dominante norm- en waardestruktuur wat eie aan die agterbuurt self is (vgl. Suttles, 1972, p189 e.v. vir 'n meer volledige bespreking). Gedurende die ses= tigerjare was sodanige voorbeelde ook in Soweto te vind. Georganiseerde misdaad is gedurende dié tyd deur gevrees= de bendelede gepleeg. Verskeie bendes het in 'n besondere misdaad gespesialiseer. Sjebeens, dobbelhuise en bordele is deur bepaalde bendegroepe binne 'n afgebakende gebied beheer. Inwoners was uitgelewer aan die genade en tog ook

beskerming van dié bendegroepe wat in hulle besondere woon= buurt die septer geswaai het. Hoewel die bendelede gevrees is, was baie inwoners tog trots daarop dat "hulle bende= groep" geweet het "how to beat the system" (Johnston en Ma= gubane, 1981, p15 e.v. Vgl. ook Brindley, 1976, p35).

Uit die bostaande voorbeelde betreffende die rol van ter= ritoriale grense en misdaadpatrone, kan daar afgelei word dat daar in die agterbuurt bewyse gevind kan word vir die argument dat dié residensiële buurt ŉ eiesoortige sosiale organisasie vertoon - selfs te midde van ŉ vorm van sosi= ale disorganisasie soos misdaad. Die patrone wat sosiale organisasie aanneem is derhalwe in baie opsigte nie die= selfde as die tipiese vorme van sosiale wisselwerking wat byvoorbeeld in ŉ middelklaswoonbuurt aangetref sal word nie. Indikasies van sosiale disorganisasie, soos misdaad en ook ander gedragswyses, wat vanuit die dominante norm- en waardesisteem van die samelewing as afwykend beoordeel word, is dikwels in die agterbuurt "normale" praktyk en deel van ŉ subkulturele vorm van <u>sosiale organisasie</u>.

Dit blyk duidelik uit die bespreking dat die beskouings oor die maatskaplike aard van die agterbuurt fluktueer tussen die pole van sosiale disorganisasie en sosiale organisasie. Beide elemente is tot ŉ mindere of meer= dere mate van groot belang by die operasionalisering van

gemeenskapsontwikkeling. Die feit dat komponente van sosiale disorganisasie in die agterbuurt identifiseer kan word, verskaf onder meer 'n konkrete rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling, omdat dié faktore 'n gebalanseerde en gesonde funksionering van die gemeenskap strem en ook aanduidings van 'n minder-gewenste lewenskwaliteit is. Die patrone van sosiale organisasie is belangrike elemente in die mobilisering van gemeenskapsontwikkeling, omdat hierdie tendense deur die gemeenskapswerker benut en "uitgebuit" moet word in 'n poging om die rasionaal van gemeenskapsontwikkeling, naamlik die verhoging van mense se lewenskwaliteit, te laat slaag deur 'n kanalisering van sodanige aktiwiteite in rigtings wat ontwikkelingsmoontlikhede kan laat realiseer. Dus: elemente van sosiale disorganisasie word aanvaar as 'n ongewenste realiteit in die stedelike agterbuurt; maar daar word ook erkenning verleen aan die tendens dat die eiesoortige sosiale organisasie van die agterbuurt benut kan word om d.m.v. gemeenskapsontwikkeling 'n verandering teweeg te bring in die groot voorkoms van sosiale disorganisasie. In die volgende afdeling sal daar kortliks gelet word op enkele benaderingswyses wat reeds aangewend is om die agterbuurt te elimineer en die tendens van 'n agterbuurtbestaan teen te werk.

## 6. ENKELE OPLOSSINGSBENADERINGS

Volgens Kirby (1979, p11) is daar drie kategorieë mense

wat die agterbuurt as 'n probleem beskou. Eerstens is daar 'n persentasie van die agterbuurtbewoners self wat reageer op die haglike lewensomstandighede wat grootliks kenmerkend is van die agterbuurt, hoewel dié kategorie heel waarskynlik nie die oorgrote meerderheid van die agterbuurtbevolking uitmaak nie. Tweedens is daar dié kategorie mense wat nie agterbuurtbewoners is nie en die agterbuurt òf as 'n gevaar vir die stabiliteit van die stedelike gemeenskapsorde beskou, òf uit humanitêre en selfs Christelike oorwegings voel dat die agterbuurtbewoners 'n meer menswaardige bestaan gegun behoort te word. Derdens is daar die plaaslike en/of nasionale owerhede wat dikwels ingryp om agterbuurttoestande te probeer verbeter.

Elkeen van bogenoemde drie kategorieë mense probeer die agterbuurtprobleem op een of ander wyse oplos. Regerings, hetsy nasionale of plaaslike owerheidsliggame, poog soms om deur agterbuurtslopings en stedelike hernuwingsprogramme 'n oplossing te bied. Mense wat nie in die agterbuurt woon nie, steun dikwels welsynsorganisasies en ander liefdadigheidsliggame wat maatskaplike opheffingswerk in agterbuurte verrig. Die agterbuurtbewoners self neem selde eie inisiatief om daadwerklike pogings tot verbetering aan te bring. Soms is dié wat nie met die agterbuurtbestaan identifiseer nie, se enigste oplossing om so gou moontlik die agterbuurt te verlaat indien hulle 'n beter woonomgewing en hoër lewenstandaard kan bekostig.

Voordat die gemeenskapsontwikkelingsbenadering in meer besonderhede bespreek word, sal daar kortliks aandag gegee word aan ander benaderings met betrekking tot die oplossing van die probleem.

## 6.1 Stedelike hernuwing

Stedelike hernuwing behels die verbetering of sloping van fisiese strukture en die vervanging daarvan met ander konstruksies. Die klem word grootliks op beter behuisingsfasiliteite geplaas met die doel om gesinne in agterbuurte van geskikte huise en beter woonstelle te voorsien. Die begrip "stedelike hernuwing" sluit ook die moontlikheid van stedelike hervestiging in. Wanneer 'n residensiële buurt gesloop word, vind hervestiging van die inwoners plaas (vgl. Swart en Lamont, 1972, p170 - 171 en Johnson, 1973, p169).

Die fisies-ruimtelike fokus waarmee agterbuurte vanuit die stedelike hernuwingsperspektief benader word, laat die vraag ontstaan of die blote verandering of verbetering van mense se wonings 'n geslaagde oplossing vir die stedelike agterbuurttoestand is. Sodanige benadering impliseer dikwels die aanname dat net swak fisiese omstandighede verantwoordelik is vir agterbuurtomstandighede. Daar is reeds by herhaling gewys op die kortsigtigheid van só 'n redenasie (vgl. afdeling 2.1 en afdeling 4). Bergel (1955, p422) stel dat die fisiese verval van agterbuurte

wel die mees opsigtelike probleem van dié woonbuurte is, maar dat die probleem nie 'n fisies-ruimtelike probleem as sodanig is nie - dis eerder 'n sosiale verskynsel wat vanuit 'n sosiale perspektief benader moet word.

Om mense uit die fisies-vervalle omstandighede te ver= wyder deur hervestiging of om die fisiese wooneenhede te verbeter, is weliswaar 'n prysenswaardige poging tot agterbuurtverbetering. Dit is egter nie waar die oplos= sing behoort te eindig nie. Mense hou nie op om maat= skaplik-onaanvaarde norme en waardes aan te hang bloot omdat hulle fisiese leefwêreld verander nie. Gans (1972, p192) wys daarop dat oorbewoning, as tipiese voorbeeld van agterbuurte, nie deur agterbuurtopruiming verbeter word nie, omdat dié probleem in die eerste plek nie deur fisiese strukture veroorsaak is nie, maar deur sosio-eko= nomiese omstandighede.

Stedelike hernuwing het wel voordele, maar die stelling word gemaak dat dié benadering bloot simptome behandel terwyl die ware oorsake van agterbuurte onaangeraak bly. Soos vroeër aangetoon, is daar 'n groot hoeveelheid agter= buurtbewoners wat positief met hulle woonbuurt identifi= seer en derhalwe sal enige poging tot stedelike hernuwing reeds vanuit die staanspoor nie die goedkeuring van dié mense geniet nie. 'n Verandering aan hulle fisiese leef= omgewing sal 'n verandering aan hulle aanvaarde sosiale realiteit teweegbring - iets wat dikwels met teenkanting

te make het. Gevalle is bekend waar hervestigde gesinne hulle nuwe wonings verlaat het om ander wonings te betrek wat weer opnuut in agterbuurttoestande omskep is (vgl. Johnson, 1973, p171; Swart en Lamont, 1972, p175 - 176; en Gist en Fava, 1974, p277 - 278).

Clinard (1966, p96 - 97) is van mening dat stedelike hernuwing in die Verenigde State van Amerika nie geslaag het in die beoogde doelstellings nie. Hy sê byvoorbeeld dat dié programme nie veel bygedra het om die behuisings= posisie te verbeter nie; die armes se sosio-ekonomiese posisie is geensins hierdeur verhoog nie en verder is dit hoogs onwaarskynlik dat stedelike hernuwingsprojekte ag= terbuurttoestande tot ŉ hoë mate elimineer het (vgl. ook Berger, 1978, p336).

Een van die vernaamste kritici van stedelike hernuwings= projekte is Jane Jacobs. Jacobs (1972, p284) beweer dat agterbuurtopruiming vanuit ŉ paternalistiese fokuspunt ge= loods word deur mense wat die agterbuurtbewoners nie erken as individue wat die reg en die verantwoordelikheid het om deel te hê aan besluite omtrent hulle eie lewensomstandig= hede nie. Jacobs (1972, p284 - 285) is van oortuiging dat stedelike hernuwing ŉ inbreuk maak op woonbuurte, soos onder andere agterbuurte, waar daar wel hegte sosiale net= werke bestaan wat meer positief aangewend kan word om die agterbuurtprobleem op te los. Sy plaas groot klem op re= habilitasie, of "aanmoediging", in plaas van "vernietiging".

Jacobs lewer 'n pleidooi vir die "de-isolering" van agter=buurte en betoog dat "if the conditions for generating city diversity can be introduced into a neighbourhood while it is a slum, and if any indications of unslumming is en=couraged rather than thwarted, I believe there is no reason why any slum need be perseptual" (Jacobs, 1972, p286, Vgl. ook Gans, 1972, p37 en Hunter, 1964, p243 - 244).

Die gevolgtrekking waartoe daar geraak kan word, is dat die oplossing vir die stedelike agterbuurtprobleem skyn=baar nie in die verbetering of eliminering van fisiese woongeriewe alleen setel nie, maar eerder in 'n breër raamwerk geplaas word met besondere aandag aan die maat=skaplike aspekte van agterbuurtbewoning. Mense se fi=siese leefwêreld moet derhalwe nie los gesien word van hulle houdings, waardes en norme nie. Die agterbuurtpro=bleem is wel in baie opsigte 'n fisies-ruimtelike probleem, maar as 'n maatskaplike probleem is dit wenslik om op=lossings te soek vanuit 'n maatskaplike perspektief.

## 6.2 Maatskaplike benaderings

Daar is verskeie benaderings bekend wat die agterbuurt=probleem vanuit 'n maatskaplike perspektief probeer oplos. Verskeie van hierdie benaderings hou verband met belang=rike kenmerke van die gemeenskapsontwikkelingsperspektief, hoewel daar ook in baie gevalle duidelike klemverskille bestaan. Gemeenskapsontwikkeling is onder meer 'n benade=

ring wat as ŉ multi-dissiplinêre perspektief beskou word, terwyl baie van die bestaande maatskaplik-georiënteerde benaderings nie ŉ veelvuldig-dissiplinêre werkswyse het nie. Hierdie benaderings toon ook in baie gevalle groot ooreenstemming wat beginsels en implementering betref, hoewel teoretiese onderskeidings gemaak kan word.

Die "maatskaplike ingrypingsmodel" waarna Johnson (1973, p173) verwys, is in der waarheid grootliks vergelykbaar met gemeenskapsorganisasie as metode om die funksies van verskeie maatskaplike dienste wat in die gemeenskap be= staan, soos opvoedkundige, ontspannings-, gesondheids- en welsynsdienste te verbeter. Klem word geplaas op die totstandbring van nuwe organisasies en die koördine= ring van bestaande organisasies se dienste om in same= werking met die openbare en privaatsektore groter dien= ste-effektiwiteit teweeg te bring.

Die "selfbeskikkingsbenadering", waarvan Saul Alinsky in die Verenigde State van Amerika ŉ bekende eksponent is, word soms as ŉ gemeenskapsontwikkelingstipe beskou (vgl. Griffiths, 1974, p90). Vanuit dié benadering word ag= terbuurtinwoners tot militante aksie aangemoedig in ŉ beweging wat beheerliggame van buite die woonbuurt pro= beer aanspoor om probleme soos ontoereikende skoolfasi= liteite, arbeidsdiskriminasie, huurkwessies en ander maatskaplik-frustrerende faktore te ondersoek en op te los (vgl. Johnson, 1973, p173).

Maatskaplike welsynsentra verskaf verskeie maatskaplike dienste in agterbuurte. Dis 'n bekende benadering tot die agterbuurtprobleem in die V.S.A. en ook in ontwikkelende lande. Ander benamings vir dié sentra is onder meer "gemeenskapssentra" ("community centres") en "woonbuurt= sentra" ("neighbourhood centres"). Die funksionering van dié sentra is tot 'n groot mate geskoei op maatskaplike-werkpraktyk en die personeel van 'n gemeenskapsentrum be= staan gewoonlik uit 'n paar maatskaplike werkers en ook vry= willige werkers wat in die agterbuurt woon. Hierdie sen= tra bereik nie 'n groot getal van die agterbuurtinwoners nie, maar bied wel goeie dienste aan 'n aantal deur die stimule= ring van handwerkkursusse, kulturele aktiwiteite en die op= gradering van die inwoners se geletterdheidspeil (vgl. Clinard, 1966, p101 e.v.).

Die sogenaamde "neighbourhood conservation approach" (vgl. Johnson, 1973, p172) sluit aan by die voorafgaande bena= dering, hoewel daar meer klem geplaas word op die behui= singsproblematiek in agterbuurte. Private en openbare fondse word bekom en benut in verskeie programme wat daar= op gemik is om plaaslike leierskap en betrokkenheid by die gemeenskapslewe te bevorder. 'n Woonbuurtsentrum word ge= woonlik as die sentrale geografiese middelpunt van aksie gebruik. Oorbewoonde huishoudings geniet baie aandag. Be= huisingsinspekteurs identifiseer sodanige huishoudings en probeer om die gesinne in gesubsidieerde behuisingskomplek= se te akkomodeer. Arbeids- en gesondheidsprobleme word

ook as belangrik aangeslaan en bystandsdienste van die openbare en private sektore in dié verband word so ver moontlik aangemoedig en gekoördineer deur die direkteur van 'n gemeenskapsentrum.

Clinard en Meier (1979, p157 - 158) beweer tereg dat ste= delike hernuwing, welsynsentra en die opheffingswerk van maatskaplike werkers skynbaar nie die verdere deteriora= sie van agterbuurte kon keer of agterbuurtvorming tot 'n einde kon bring nie. Stedelike opgraderingsprojekte in die vorm van stedelike hernuwing en maatskaplike hervorming vanuit maatskaplik-georiënteerde benaderings het weliswaar 'n bydrae gemaak tot die verbetering van lewensomstandig= hede in enkele agterbuurte, maar dié metodes was tot dus= ver nog nie so suksesvol as wat gehoop is nie.

## 7. SAMEVATTING

Uit die bespreking van die tiperende kenmerke eie aan stedelike agterbuurte, is dit duidelik dat die stedelike agterbuurt 'n besondere vorm van residensiële vestiging veronderstel wat dikwels ook 'n hoë mate van subkultuur= vorming vertoon. Dit blyk dat 'n groot persentasie agter= buurtbewoners weliswaar 'n positiewe identifikasie met hul= le woongebied openbaar en nie ongeneë is om 'n "agterbuurt= bestaan" te voer nie. Die agterbuurt word selfs deur som=

miges verkies bo enige ander stedelike residensiële area. Nieteenstaande die "positiewe" sosiale funksies van die stedelike agterbuurt, bly dit ŉ gebied waar sosiale dis= organisasie ŉ groot voorkoms toon in vergelyking met ander residensiële sentra in stede. Daar kan gestel word dat die stedelike agterbuurt ŉ sosio-ekonomiese, fisiese en soms ook politieke las vir enige samelewing is. Die lewensgehalte van die gemiddelde agterbuurtbewoner voldoen gewoonlik nie aan die vereistes wat in die groter same= lewing gestel word vir ŉ "gangbare" lewenskwaliteit nie. Hierdie tendens plaas ŉ sosio-ekonomiese las op die re= gering en die meer gegoede inwoners van ŉ land. Verskeie pogings is reeds aangewend om agterbuurte te elimineer en om agterbuurtbewoners te lei tot die aanvaarding van ŉ hoër lewenskwaliteit.

In die lig van die relatief min sukses wat met stedelike hernuwing en sekere maatskaplike benaderings bereik is, kan daar gestel word dat ŉ benadering nodig is wat ŉ merkbare indruk sal maak op die relatief gebrekkige so= siaal-politiese en ekonomiese magsposisie van agter= buurtinwoners, maar ook hulle apatiese houding jeens ŉ beter lewenskwaliteit merkbaar sal verander. Daar moet derhalwe gekonsentreer word op pogings wat die agter= buurtinwoners sal motiveer en in die geleentheid sal stel om vanuit eie beweging, met die nodige eksterne by= stand, effektiewe pogings aan te wend tot selfstandige verhoging van hulle eie lewenskwaliteit.

Gemeenskapsontwikkeling kan sigself leen as teoretiese maar ook prakties-implementeerbare perspektief in die daarstelling en ontwikkeling van noodsaaklike ekonomiese, fisiese en maatskaplike fasiliteite in stedelike agter=buurte. Gemeenskapsontwikkeling konsentreer ook op mens-ontwikkeling en waardevorming en streef na die bevordering van gemeenskapsbetrokkenheid, lojaliteit en selfstandigheid. Deur gemeenskapsontwikkeling word daar ook gekonsentreer op die verstewiging van die morele onderbou en verantwoordelik=heidsin van gemeenskappe - iets wat onontbeerlik is vir vooruitgang, ontwikkeling en derhalwe ook vir 'n verhoogde lewenstandaard. In die volgende hoofstuk sal die gemeenskaps=ontwikkelingsbenadering in meer besonderhede bespreek word.

# HOOFSTUK 3

## DIE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSBENADERING

## 1. INLEIDING

Toekomstige historici sal waarskynlik "ontwikkeling" beklemtoon as die grootste enkele obsessie wat 'n groot deel van die sosiaal-wetenskaplike geskrifte van die twintigste eeu gekenmerk het, veral die tyd=perk ná die Tweede Wêreldoorlog. Gemeenskapsontwik=keling as besondere benadering binne die kader van ontwikkelingstrategieë, het gedurende laasgenoemde tydperk as afsonderlike studieterrein op die voor=grond getree.

"Gemeenskapsontwikkeling" word deur Sanders (1970, p9) beskryf as 'n samevoeging van die begrippe "ge=meenskapsorganisasie" en "ekonomiese ontwikkeling". Die ouer begrip "gemeenskapsorganisasie" dui dan veral op die georganiseerde aktiwiteite van mense binne geografies-identifiseerbare gemeenskapsverband en die benutting van plaaslike hulpbronne vir die stabiele funksionering van sodanige gemeenskap (vgl. Sanders, 1970, p9).

Die inhoud van die begrip "ekonomiese ontwikkeling" behels 'n beklemtoning van die idee van vooruitgang, asook prosesse en stadia wat ekonomieë moet deurloop

om bepaalde doelstellings te laat realiseer (Sanders, 1970, p 9).

Die begrip "gemeenskapsontwikkeling" is dan ontleen aan die semantiese en inhoudelike betekenis van bogenoem= de twee begrippe.

## . HISTORIESE OORSIG

In hoofstuk 1 is daar kortliks gelet op onder meer die ontstaan van maatskaplike sorg as voorloper van die totale spektrum van maatskaplike ontwikkelings= terreine soos dit vandag binne die sosiaal-wetenskap= like ontwikkelingsterreine en -dissiplines (soos maat= skaplike werk) manifesteer. Daar is ook daarop ge= wys dat gemeenskapsontwikkeling tot 'n groot mate 'n verlenging is van sogenaamde "gemeenskapsbenaderings" tot maatskaplike probleme wat ná die Industriële Re= wolusie ontstaan het (vgl. hoofstuk 1, afdeling 5). Hierdie kenmerk van gemeenskapsontwikkeling kan ver= al herlei word na die "gemeenskapsorganisasie"-erfenis daarvan (Sanders, 1970, p 9)

In hierdie afdeling sal daar in meer besonderhede gelet word op die historiese agtergrond van gemeen= skapsontwikkeling sedert die Tweede Wêreldoorlog.

### .1 Ontwikkeling binne die Angel-saksiese wêreld

Kort na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog het gemeenskapsontwikkeling sy literêre verskyning gemaak as ŉ ontwikkelingsbenadering waardeur die lande van die sogenaamde Derde Wêreld deur industrieële lande (die sogenaamde ontwikkelde lande) gehelp kan word om die lewensomstandighede van die inwoners te verbeter. Die groot moondhede het groot bedrae geld en tegnologiese hulpmiddele beskikbaar gestel vir die finansiering van ontwikkelingsprogramme (vgl. Ferrinho, 1980, p21 en Coertze, 1982, p15). Nasionale gemeenskapsontwikkelingsprogramme het dan veral gedurende die vyftigerjare in die Derde Wêreldlande posgevat, veral in dié state waar die Angel-saksiese invloed groot was.

Die gemeenskapsontwikkelingsbenadering is sterk deur Unesco gesteun. Verskeie publikasies van die V.V.O. is aan gemeenskapsontwikkeling gewy. In 1955 het die V.V.O. ŉ monografie gepubliseer onder die titel "Social Progress through Community Development". Hierdie publikasie het ŉ hoeksteen gevorm van literatuur wat later die lig gesien het oor dié onderwerp (Dunham, 1970, p145).

In 1956 het die V.V.O. ŉ amptelike definisie vir gemeenskapsontwikkeling aanvaar wat tot vandag toe nog as ŉ standaard definisie gereken kan word. Die V.V.O. omskryf gemeenskapsontwikkeling as die proses waardeur die pogings van mense met dié van die rege=

ring verenig word om die ekonomiese, kulturele en maatskaplike omstandighede van gemeenskappe te ver= beter; die gemeenskappe binne nasionale verband te integreer en hulle te help om ten volle by te dra tot nasionale vooruitgang (vgl. Coertze, 1982, p15 en Hugo, 1980 (b), p159 e.v.).

Dié benadering van die V.V.O. het groot byval gevind onder die regerings van die nuwe, onafhanklike lande van die Derde Wêreld. Hulle het gemeenskapsontwikke= ling beskou as 'n manier waarop onderdane met die rege= ring kon identifiseer as synde 'n liggaam wat die belange van ondergeskiktes op die hart dra (Dun= ham, 1970, p146).

In die ontwikkelende lande van die Ooste, Midde-Ooste, Afrika, Suid en Sentraal-Amerika is gemeenskapsont= wikkelingsprojekte veral binne die konteks van klein plattelandse dorpies geïmplementeer, hoewel daar ook mettertyd aan die stedelike konteks aandag gegee is (Coertze, 1982, p16).

Hoewel die genoemde programme nie geheel en al misluk het nie, was daar ook geensins sprake van algehele sukses nie. Die programme wat nie geslaagd was nie, was veral gekenmerk deur die groot klem wat regerings geplaas het op die bereiking van kwantifiseerbare, konkrete resultate binne 'n kort tydsbestek.

Coertze (1982, p16) beweer dat gemeenskapsontwikkeling "ontaard het in programme waarin verpligte of gedwonge arbeid van die plaaslike bevolking gewerf is om kon= struksies op te rig waarvan die mense dikwels nie die nuttigheidswaarde kon insien nie en die doel nie kon verstaan nie. Daar is bevele gegee en nie samewerking gesoek nie." Hieruit is geleer dat gemeenskapsont= wikkeling nie sondermeer "van bo af" op die plaaslike gemeenskappe afgedwing kon word nie en dat gemeenskappe se samewerking 'n essensiële faktor is by die bepa= ling van die uiteindelike sukses daarvan.

Karunaratne (1976, p117) beklemtoon hierdie stelling wanneer hy die mislukking van die gemeenskapsontwikke= lingsprogram in Indië toeskryf aan die <u>onbetrokkenheid</u> van die mense vir wie dit bedoel was. "Although the people were involved by their contribution of labour, they were never <u>real participants</u>" (Karunaratne, 1976, p117).

'n Verdere rede vir die mislukking van die gemeenskaps= ontwikkelingsprogramme kort ná die Tweede Wêreldoor= log, kan gesoek word in die tendens dat dié programme van buite die betrokke lande inisieer en gereël is. 'n Vreemde filosofie en metodologie moes noodwendig 'n inbreuk maak op die tradisies, gelowe en gewoontes van die mense op wie dit toegepas is (vgl. Du Preez, 1981, p43). Verskeie programme is dan ook met die nodige minagting deur die bevolkings van Derde Wêreld=

lande begroet. Foster (1973, p182 e.v.) beweer dat Amerikaanse betrokkenheid by internasionale gemeenskaps=ontwikkelingsprojekte gekenmerk word deur 'n metodolo=gie en benadering eie aan die Amerikaanse model en perspektief en kan derhalwe nie sonder kwalifikasie binne 'n andersoortige konteks toegepas word nie.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die sukses van gemeenskapsontwikkeling nie gewaarborg word deur blote finansiële insette, tegnologiese hulpmiddele en buitelandse bystand van welke aard ookal nie. Die gemotiveerde deelname en betrokkenheid van die ge=meenskap is van kardinale belang. (Vgl. ook Ferrinho, 1980, p21) Verder behoort 'n hoë prioriteit verleen te word aan gebalanseerde maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling (Vgl. Regional and Community Development Section, 1971, p155).

.2 "Animation Rurale"

In die Franse kolonies van Afrika het daar gedurende die sestigerjare 'n vorm van gemeenskapsontwikkeling posgevat wat as "animation rurale" bekendheid verwerf het. Vanuit dié benadering word daar feitlik uitsluit=lik op landelike gemeenskappe gefokus. Die mikpunt is om hierdie gemeenskappe sodanig te aktiveer dat hulle bereid sal wees om hulle lewensomstandighede, landbou=metodes, ekonomiese stelsels en politieke instellings te moderniseer (Coertze, 1982, p16-17).

Moody (1980, p44) meld dat die sleutelfigure in die ontwikkelingsproses sogenaamde "animateurs" is - "boere gekies deur die lede van byvoorbeeld 'n landelike gemeen= skap, wat dan spesiaal opgelei sou word om verandering te stimuleer, en as liaison agente tussen die gemeen= skap en eksterne bronne van tegniese en materiële hulp op te tree."

Die Komitee insake Gemeenskapsontwikkeling (1980, p6) wys daarop dat plaaslike leiers deur opleidingsbronne voorgelig word in die voortreflikheid van die nastre= wing van staatsmikpunte. Die benutting van bestaande plaaslike bestuursverbande vir die beplanning van eie planne en die uitvoering daarvan met staatshulp, is nie volgens die Franse "animation rurale" wenslik nie. Met verwysing na hierdie tendens, sê Coertze (1982, p17) dat die mikpunte van "animation rurale" nie setel in die stimulering van mensemateriaal nie, maar eerder gerig is op die bereiking van tasbare ekonomiese voor= dele. Take en instruksies word deur 'n dikterende sen= trale administrasie vir die plaaslike gemeenskap voorgeskryf.

Ten spyte daarvan dat daar teen 1967 sowat 7000 "animateurs" in Senegal was, is "animation rurale" in 1970 in dié land vervang met "promotion humaine" - 'n kulturele en opvoedkundige program vir die jeug (Moody, 1980, p47).

Die Komitee insake Gemeenskapsontwikkeling (1980, p6) en Coertze (1982, p17) is dit eens dat "animation rurale" nie 'n wenslike alternatief vir gemeenskaps= ontwikkeling is nie. "Animation rurale" laat weinig inisiatief aan die plaaslike bevolking oor, terwyl 'n rigiede sentraal-beheerde ontwikkelingsprogram dikwels nie die ondersteuning van gemeenskappe op grondvlak geniet nie. Die doelstellings van gemeenskapsont= wikkeling is en behoort die nastreef van volle gemeenskapsbetrokkenheid en deelname aan projek= te te wees. In aansluiting by hierdie stelling, be= weer Moody (1980, p48) dat die agente van "animation rurale" in die verlede baie maal nie oor die vermoë beskik het om die gemeenskap tot eie inisiatief te stimuleer nie, met die gevolg dat die gemeenskap besonder afhanklik geraak het van die agent se leiding. Die ontwikkeling van leierspotensiaal het sodoende uiteraard nie tot volle ontplooiing gekom nie.

In die lig van die voorafgaande beknopte uiteensetting van die historiese agtergrond van die gemeenskapsont= wikkelingsbenadering, kan daar beweer word dat dié benadering, hoewel nie altyd op dieselfde beginsel= grondslag nie, tog 'n universele inslag toon.
Volgens Dunham, (1970, p181) is die idee en filosofie van gemeenskapsontwikkeling teen die sewentigerjare reeds in sowat dertig lande dwarsoor die wêreld aan=

vaar. Die filosofie van gemeenskapsontwikkeling het in baie lande daartoe gelei dat nasionale leiers onder die indruk gekom het van die belangrike rol wat maat=skaplike beplanningstrategieë speel in die ontwikkeling van ŉ samelewing (vgl. Dunham, 1970, p181). Hoewel gemeenskapsontwikkeling universeel toepasbaar is, is dit tog van essensiële belang om in gedagte te hou dat dié benadering tot ŉ groot mate nie sonder aanpas=sing oor kultuurgrense heen van toepassing kan wees nie. Daar sal later meer volledig na hierdie aspek gekyk word. Dit is belangrik om daarop te wys dat gemeenskapsontwikkeling as begrip en as benadering nog ŉ groot mate van ambivalente vertolking toon. Die begrips-verwarring wat rondom gemeenskapsont=wikkeling bestaan, sal vervolgens in meer besonderhede bespreek word.

## GEMEENSKAPSONTWIKKELING: ŉ BEGRIPS-DILEMMA

Die begrip "gemeenskapsontwikkeling" leen homself allermins tot ŉ eenvoudige definisie. Uit die lite=ratuur blyk dit dat skrywers dikwels van mekaar ver=skil omtrent die besondere betekenis van hiérdie begrip.

Hoewel daar baie definisies voor bestaan, blyk dit dat die begrip "gemeenskapsontwikkeling" in verskeie opsigte nog vaag en dubbelsinnig bly. Griffiths (1974, p88) beweer: ".... on this one question con=

cerning what the business is all about, there is generally very little ".

Die dubbelsinnige betekenisinhoud van die term "ge=meenskapsontwikkeling" het skynbaar twee uiteenlo=pende reaksies onder akademici tot gevolg. Sommige verwerp gemeenskapsontwikkeling op grond hiérvan en beskou die benadering as onwetenskaplik. Andere hou vol dat gemeenskapsontwikkeling die enigste sleu=tel tot die modernisering van tradisionele ontwikke=lende gemeenskappe is, afgesien van die uiteenlopende interpretasiemoontlikhede waaroor gemeenskapsontwikke=ling klaarblyklik beskik (vgl. Khinduka, 1979, p356).

Om 'n duideliker begrip te vorm van die begrips-dilemma ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling, kan daar na enkele faktore verwys word wat 'n rol speel in die veroorsaking hiervan.

## }.1 Gemeenskapsontwikkeling as jong vakdissipline

Gemeenskapsontwikkeling het slegs gedurende die afgelope drie dekades beslag gekry as afsonderlike vakdissipline. Dit volg uiteraard dat daar nog veel onsekerheid bestaan omtrent die teoretiese en prak=tiese aspekte van hierdie jong toevoeging tot ont=wikkelingstrategieë (vgl. du Preez, 1981, p13; Bopape, 1980, p32; Dunham, 1970, p140, en Clinard, 1966, p117).

## 3.2 Die multi-dissiplinêre aard van gemeenskapsontwikkeling

Verskeie vakdissiplines het 'n bydrae gemaak tot die groei en vestiging van gemeenskapsontwikkeling as vak=wetenskap. Elkeen van hierdie dissiplines (soos die maatskaplike werk, sosiologie, ekonomie, stad- en streekbeplanning en politieke wetenskappe) het egter 'n eiesoortige werkwyse en inhoud betreffende wetenskap=like metodes om gemeenskappe te help ontwikkel (vgl. Schoeman, 1980, p19). Dit kan derhalwe goed begryp word dat daar onsekerheid ontstaan het omtrent die presiese taak en verantwoordelikheid van elk van dié dissiplines ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling as afsonderlike ontwikkelingsdissipline. Die gevolg was (en is nog steeds) dat die gevestigde dissiplines wat belang by gemeenskapsontwikkeling gehad het, elk=een 'n eiesoortige begrippesisteem en metodologie die gemeenskapsontwikkelingsveld binnegedra het.

Hierdie tendens is deels toe te skryf aan die omvang=ryke aard van die studieterrein wat deur gemeenskaps=ontwikkeling bedien word. Gemeenskapsontwikkeling stel sigself nie daar as 'n supervakgebied wat oorkoe=pelend oor die multi-dissiplinêre ontwikkelingsveld funksioneer nie, maar gemeenskapsontwikkeling kan nie waterdig geskei word van enige ander ontwikkelings=dissipline nie - dit vorm deel van die totale veld van ontwikkelingsdissiplines (Du Preez, 1981, p84).

ŉ Verdere faset van die multi-dissiplinêre aard van gemeenskapsontwikkeling wat verband hou met die di=lemma rondom ŉ duidelike begripsomskrywing, is die tendens dat verskeie vakdissiplines nie alleen ŉ bydrae tot gemeenskapsontwikkeling maak nie, maar selfs meeding om ŉ dominante rol te speel in dié jong dissipline (vgl. Sanders, 1970, p27).

Sanders (1970, p27) wys daarop dat die opvoedkunde lankal reeds probeer om gemeenskapsontwikkeling te vereenselwig met volwasse onderwys. Landbouvoorlig=ters, veral in die V.S.A., beskou gemeenskapsontwikke=ling as ŉ nuttige toepassingsterrein vir hulle eie vakgebied in terme van landelike gebiede, terwyl baie maatskaplike werkers gemeenskapsontwikkeling as ŉ ver=lengstuk van die westerse maatskaplikewerk-filosofie sien. In die Verenigde Koninkryk beskou veral sosioloë en antropoloë gemeenskapsontwikkeling as ŉ praktiese toepassingsterrein vir hulle onderskeie vakdissipli=nes.

Sanders (1970, p28) is van mening dat ŉ bepaalde ge=meenskapsontwikkelingsprogram in ŉ gegewe land wel domineer mag word deur ŉ bepaalde professie of vak=dissipline, maar dat gemeenskapsontwikkeling tog sy teoretiese en praktiese grondslag ontleen aan <u>verskeie</u> vakdissiplines en ook ŉ besondere bydrae lewer tot die verryking van dié dissiplines.

Baie skrywers is optimisties omtrent die moontlikheid dat gemeenskapsontwikkeling as 'n afsonderlike professie mag ontwikkel (Sanders, 1970, p28). Ander het egter 'n minder optimistiese beskouing hieromtrent en beweer dat gemeenskapsontwikkeling vir 'n lang tyd in die toe=koms bloot as 'n sosiale metodologie sal funksioneer wat deur verskeie dissiplines op 'n afsonderlike wyse benut sal word (vgl. Biddle en Biddle, 1965, p261).

Uit die voorafgaande kan daar afgelei word dat die multi-dissiplinêre aard van gemeenskapsontwikkeling veel bydra tot die huidige begripsverwarring wat dié dissipline kenmerk.

## 3.3 Ambivalensie ten opsigte van aanverwante begrippe

Voortspruitend uit die multi-dissiplinêre bydraes tot die groei van gemeenskapsontwikkeling, word daar ge=vind dat skrywers 'n verskeidenheid begrippe as sinonieme vir "gemeenskapsontwikkeling" gebruik. Begrippe soos "gemeenskapsorganisasie", "maatskaplike aksie" (of "gemeenskapsaksie"), "gemeenskapswerk" en "maatskap=like beplanning" is bekende voorbeelde hiervan.

'n Betrokke skrywer se universitêre opleidingsagter=grond het in baie gevalle 'n beduidende invloed op sy keuse van 'n besondere begrip. In die V.S.A word daar dikwels verwys na "gemeenskapsorganisasie" ("community organization") wanneer gemeenskapsont=

wikkeling" bedoel word, terwyl die meerderheid skrywers in Engeland eerder van "community deve= lopment" sou praat (Milson, 1974, p14).

Soms word "community development" deur baie skrywers gebruik om die verbetering van gemeenskapslewe in ontwikkelende en minder ontwikkelde samelewings mee te beskryf, terwyl "gemeenskapsorganisasie" dieselfde aktiwiteite ten opsigte van ontwikkelde samelewings beskryf (Sanders, 1970 p13). Die rede hiervoor kan gesoek word in die tendens dat gemeen= skapsontwikkeling vroeër met die sogenaamde Derde Wêreldlande identifiseer is, terwyl die implemente= ring van gemeenskapsontwikkeling binne die ontwikkel= de konteks meegebring het dat die terrein van gemeen= skapsorganisasie, as bestaande dissipline binne dié konteks, "oortree" is (Armstrong, 1971, p103).

Vanuit die maatskaplikewerk-perspektief word gemeen= skapsontwikkeling sedert die sewentigerjare in Suid- Afrika beskryf as "gemeenskapswerk", in teenstelling met "gemeenskapsorganisasie", wat wel vroeër van toe= passing was (Hugo, 1980, (a), p17).

Die begrip "gemeenskapsaksie" word in baie gevalle ook as 'n sinoniem vir "gemeenskapsontwikkeling" ge= bruik. King (1965, p13) skryf: "... we shall include under this term ('community action') all efforts con= ducted ... under the term 'community development' ...."

Hierdie tendens dra uit die aard van die saak by tot die huidige begrips-dilemma waarmee lesers van die gemeenskapsontwikkelingsliteratuur te make het (vgl. ook Warren, 1978, p324 - 325 en Hoult, 1977, p73 - 74).

## 4 Ambivalensie betreffende die konteks van gemeenskaps=ontwikkeling

Soos reeds aangedui, was gemeenskapsontwikkeling aan=vanklik, veral kort ná die Tweede Wêreldoorlog, aange=wend as metode om ontwikkelende lande tot groter so=sio-ekonomiese vooruitgang te beweeg. In die jongste tyd is die waarde van gemeenskapsontwikkeling ook besef ten opsigte van die sogenaamde ontwikkelende samelewings. Dié kontekstuele uitbreiding van die gemeenskapsontwikkelingsbenadering het meegebring dat 'n andersoortige gemeenskapsontwikkelingsfilosofie be=sig is om hedendaags te ontwikkel in vergelyking met die na-oorlogse jare (vgl. Milson, 1974, e.v. en Schoeman, 1980, p22). Baie skrywers is egter van mening dat gemeenskapsontwikkeling net op onderont=wikkelde gemeenskappe van toepassing is, maar die aan=duidings is wel dat die begrippe-inhoud en metodolo=giese vertrekpunte van gemeenskapsontwikkeling metter=tyd sodanig sal verander dat die toepaslikheid van gemeenskapsontwikkeling binne die ontwikkelde konteks onteenseglik sal blyk.

Tot 'n mindere mate bestaan daar wel nog meningsverskille

tussen skrywers omtrent die landelike en/of stedelike milieu as implementeringskonteks van gemeenskapsont= wikkeling. Daar kan met sekerheid beweer word dat gemeenskapsontwikkeling as benadering om die lewens= kwaliteit van mense te verhoog, eweneens op landelike bevolkings as stedelike bevolkings van toepassing ge= maak kan word met die nodige aanpassing van die prak= tiese implementeringsaspekte daarvan (vgl. Biddle en Biddle, 1965, p77; Schoeman, 1980, p 22; Clinard, 1966, p117 e.v. en Dunham, 1970, p182). Hierdie verhandeling is dan juis gemik op die toepassings= moontlikhede van gemeenskapsontwikkeling binne ste= delike verband.

Dit is duidelik dat daar verskeie faktore is wat 'n ondubbelsinnige omskrywing van gemeenskapsontwikke= ling belemmer. Die moontlikheid om op 'n enkele ver= algemeende definisie van gemeenskapsontwikkeling te besluit, word tot 'n groot mate hierdeur verskraal. Wanneer in ag geneem word dat gemeenskapsontwikke= ling nog 'n jong en groeiende vakterrein is, sou dit nie wys wees om sekere starre stellings, begrippe en metodes aan te hang waarbinne gemeenskapsontwik= keling teen wil en dank moet beweeg nie (Du Preez, 1981 p15). In 'n wêreld van uiteenlopende ideolo= gieë en politieke beleidsrigtings, andersoortige ge= meenskappe en verskillende vlakke van ontwikkeling, is dit waarskynlik nodig dat elke land súlke konsepte

soos "gemeenskapsontwikkeling" binne eie ideologiese verband definieer. Idees wat relevant skyn te wees vir landelike Amerika, mag 'n nadelige uitwerking hê indien dit van toepassing gemaak word op die landelike streke van Tanzanië (Aldred, 1976, p135). Die uiteenlopende aard van gemeenskapsontwikkelings= projekte wat met die steun van die V.V.O. in Indië, Korea, Mexico en Tanzanië van stapel gestuur is, bewys hierdie stelling (vgl. Dore en Mars, 1981, p13 e.v.). Hierdie projekte het van mekaar verskil op grond van verskille tussen die lande se politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede en nie soseer as gevolg van andersoortige beleidsaanvaardings ten op= sigte van gemeenskapsontwikkeling nie.

Schoeman (1980, p19) sluit hierby aan wanneer hy beweer dat die gemeenskapsontwikkelingsmodelle wat deur Amerikaanse navorsers vir hulle eie gemeenskappe ontwikkel is, aansluiting vind by die eiesoortige so= siale struktuur en afsonderlike identiteit van hulle gemeenskappe. Hierdie modelle is geïnisieer vanuit 'n besondere norm- en waardestruktuur en kan nie sonder kwalifikasie op die Suid-Afrikaanse heterogene same= lewing van toepassing gemaak word nie.

Vervolgens kan daar na enkele definisies van gemeen= skapsontwikkeling gekyk word.

## 4. ENKELE DEFINISIES VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

In aansluiting by die voorafgaande bewering van die kontekstuele verskeidenheid van gemeenskapsontwikkeling te midde van 'n universele aanvaarding van dié benadering, kan daar tog genoem word dat die diversiteit van gemeenskapsontwikkeling nie oorbeklemton moet word nie. Dit is wel moontlik om verskeie aspekte van gemeenskapsontwikkeling te identifiseer as synde elemente van 'n filosofiese en praktiese basis van ooreenstemming en algemene verwysingsraamwerk.

Roberts (1979, p175 - 177) verskaf 'n klassifikasie-indeks van gemeenskapsontwikkelingsdefinisies wat voortspruit uit 'n geselekteerde groep erkende skrywers van internasionale faam se beskouings omtrent gemeenskapsontwikkeling.

### .1 Engeland

In 1954 word gemeenskapsontwikkeling deur die "Ashbridge Conference on Social Development" omskryf as 'n beweging wat afgestem is op die verbetering van die lewenstandaard van die totale gemeenskap; met die aktiewe samewerking van die gemeenskap en indien moontlik, vanuit die gemeenskap se eie inisiatief. Indien dié inisiatief nie spontaan ontwikkel nie, moet van tegnieke gebruik gemaak word om dit te stimuleer (vgl. Roberts, 1979, p175).

Du Sautoy (vgl. Roberts, 1979 p175 e.v.) beskou gemeenskapsontwikkeling as deel van die algehele proses wat kenmerkend van die ontwikkelingsgang van gemeenskappe is. Die volgende komponente is gewoonlik teenwoordig: "self-help"; die nodige respek en aandag wat verleen word aan mense se gevoelde behoeftes; en die belangrike rol wat die sosiale, tradisionele en ander komponente van die totale gemeenskap in ontwikkeling speel.

## 1.2 Die Verenigde State van Amerika

Green (Roberts, 1979, p176) definieer gemeenskapsontwikkeling as 'n deurlopende proses van maatskaplike aksie waardeur die lede van 'n gemeenskap hulleself formeel of informeel organiseer met die oog op demokratiese beplanning en aksie; die groep se gevoelde behoeftes en probleme omskryf; groeps- en individuele planne beraam om hierdie behoeftes te vervul en probleme op te los; hierdie planne uitvoer deur maksimale aangewesenheid op hulpbronne wat in die gemeenskap self beskikbaar is; en deur dié hulpbronne aan te vul met dienste en materiële bystand van regering- en privaatinstellings van buite die gemeenskap.

Biddle en Biddle (1965, p13) beskryf gemeenskapsontwikkeling as 'n proses waardeur gemeenskapslede beter toegerus raak om beheer uit te oefen oor plaaslike aspekte van 'n frustrerende en veranderende wêreld.

Dunham (1970, p140) sien gemeenskapsontwikkeling enersyds as die georganiseerde pogings van mense om die aard van hulle gemeenskapslewe te verbeter en andersyds as hulle verbeterde vermoë tot deelname en selfbeskikking betreffende sake van gemeenskaplike belang.

.3. Indië

Mukerji (Roberts, 1979, p177) beskryf gemeenskaps=ontwikkeling in Indië as 'n metode en ideologie waardeur die ontwikkeling van landelike gebiede op demokratiese wyse gestimuleer kan word deur middel van die aktiewe deelname van die inwoners van dié gebied.

Krishnamachari (Karunaratne, 1976, p95) beweer dat daar met die gemeenskapsontwikkelingsprogram, wat in 1952 in Indië ingestel is, beoog is om die miljoene landelike inwoners te beweeg tot die aanvaarding van 'n alternatiewe lewenstyl wat meer "modern" moes wees. "This 'will to live better' is brought about to ensure that every family has a programme for increased em=ployment and production, ... that every family makes its voluntary contribution to works of benefit in the community as a whole".

.4 Suid-Afrika

Schoeman (1981, p1) is van mening dat gemeenskapsont=

wikkeling in die R.S.A. 'n baie eensydige, hoofsaaklik fisiese beklemtoning geniet. Hierdie tendens is moont= lik tot 'n groot mate toe te skryf aan die benaming van die Departement van Gemeenskapsontwikkeling waar die klem, alhoewel ook ontwikkelingsgerig, hoofsaaklik val op aspekte soos behuising, gemeenskapsfasiliteite, en stadvernuwing.

Die ideaal van gemeenskapsontwikkeling in die R.S.A. is egter om met deelname en betrokkenheid van inwo= ners, lewensvatbare gemeenskappe met die nodige fasili= teite en dienste te skep, waardeur selfstandige, stabiele en harmonieuse voortbestaan verseker kan word. Gemeenskapsontwikkeling is basies 'n struktuur= vormende opvoedings- en ontwikkelingsproses (Schoeman 1981, p1 - 2).

Uit die aangehaalde definisies blyk dit dat gemeen= skapsontwikkeling vanuit verskeie vertrekpunte prakties toegepas kan word. Gemeenskapsontwikkeling kan naamlik as proses, metode, program en beweging beskou word. Hierdie kenmerke van die gemeenskaps= ontwikkelingsbenadering sal vervolgens bespreek word.

## 5. BENADERINGS IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Sanders (1970, p18) skryf: "One way to cut through the variety of meanings given of community develop= ment, whether by the different professions, social scientists or national leaders, is to note four ways that those involved seem to view it; as a process, a method, a programme or a movement".

Vanuit ŉ akademiese oogpunt beskou, is hierdie on= derskeiding wel van groot waarde vir analitiese doel= eindes, maar in die praktyk van gemeenskapsontwikke= ling is daar dikwels oorvleueling en kan die verskeie benaderings wel van mekaar onderskei word, maar nie altyd geskei word nie.

### 5.1. Gemeenskapsontwikkeling as ŉ proses

Formeel gesproke, impliseer gemeenskapsontwikkeling as ŉ proses dat gemeenskappe progressief en na verloop van tyd op evolusionêre wyse van een toestand na ŉ ander verander soos gemeet aan ŉ gespesifi= seerde stel kriteria (Sanders, 1970, p19).

Dit behels ŉ maatskaplike veranderingsproses vanuit ŉ toestand waar een of meer mense, of ŉ elite-groep in die gemeenskap of buite gemeenskapsverband besluite neem wat ŉ direkte invloed op die gemeenskap as so= danig het, na ŉ toestand waar die gemeenskap self=

standig besluite neem oor sake van plaaslike belang. Dit behels ook ŉ verandering in die tendens dat daar min of geen samewerking tussen gemeenskapslede bestaan nie, na ŉ toestand waar ŉ groot mate van samewerking tussen gemeenskapslede bestaan ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang. Gemeenskapsontwikkeling as proses beoog ook ŉ verandering in die toestand waar ŉ geografies-identifiseerbare gemeenskap vir sy funksionering afhanklik is van die voorsiening van feitlik alle hulpbronne deur instansies buite die gemeenskap na een waar die gemeenskap in staat is om eie hulpbronne sodanig te mobiliseer dat dit vol= doende is vir die ordelike funksionering van die be= trokke gemeenskap (Sanders, 1970, p19).

Richard Poston (Sanders, 1970, p20) beskou die ge= meenskapsontwikkelingsproses as ŉ georganiseerde opvoedingsproses waarby die gemeenskap as geheel betrek word. Die uiteindelike doel wat nagestreef word, is om deur ŉ proses van onder meer ŉ georgani= seerde bestudering en beplanning ŉ fisiese en sosiale omgewing te skep waarbinne die lede van ŉ gemeenskap geleentheid vind om as induvidue maksimaal te groei, te ontwikkel, en hulle volle potensialiteite te ont= plooi en derhalwe produktief by te dra tot die gesonde voortbestaan van die gemeenskap.

Schoeman (1980, p28 e.v.) beskryf gemeenskapsontwikke= ling as proses vanuit die nie-direktiewe/ groei georiën=

teerde benadering (vgl. ook Donohew en Springer, 1980, p208 e.v.). Dié benadering fokus op aksies wat sis= teeminstandhouding en sisteemontwikkeling bewerkstel= lig. Daar word ook baie aandag gegee aan die verbe= terde koördinasie van dienste in die gemeenskap, die skepping van selfonderhoudende gemeenskapsprobleemop= lossende strukture en voorkomingsdienste (Schoeman, 1980, p28).

Die gemeenskapswerker wat dié benadering volg is <u>nie</u> direktief in sy optrede nie, maar vervul eerder die rol van instaatsteller, gids, bemiddelaar, vak= kundige, deskundige en organiseerder. Die gemeenskap en sy mense moet by elke stap in die proses van gemeen= skapsontwikkeling betrokke wees en selfstandig verant= woordelikheid aanvaar vir die gesonde funksionering van hul gemeenskap. Dit is egter tydsaam en dié pro= ses kan frustrerend vir die gemeenskap en die gemeen= skapswerker wees. Resultate word dikwels nie binne ŉ kort tydsbestek bereik nie en dit kan daartoe lei dat die gemeenskapslede belangstelling verloor, veral in onderontwikkelde gemeenskappe (Schoeman, 1980, p29 - 30).

Gemeenskapsontwikkeling as ŉ proses vertoon ŉ sterk humanitêre inslag in dié sin dat dit grootliks gerig is op die ontwikkeling van menslike vermoeëns binne ŉ breër raamwerk van fisiese, ekonomiese en maatskap= like gemeenskapsverbetering. Hoewel ekonomiese

en fisiese verbeteringe belangrik is, word daar 'n hoër prioriteit verleen aan "verbetering in mense=materiaal" (Biddle en Biddle, 1965, p78).

Die breë doelstellings van gemeenskapsontwikkeling wat vanuit die proses-benadering aangepak word, fokus eerder op die bereiking van doelwitte wat persoonlik=heidsgroei teweegbring as op die bereiking van voor=afbepaalde ekonomiese prestasies, soos die bou van 'n gemeenskapsentrum, 'n kliniek en dies meer binne 'n voorafbepaalde tydsduur. Die bereiking van laasge=noemde doelstellings is wel van groot waarde, maar moet geskied in die lig van die belangrike prioriteit wat gekoppel word aan die abstrakte doelstellings, byvoorbeeld dat die gemeenskap in die proses geleer het om selfstandig op te tree of dat 'n hoë mate van leierskappotensiaal onder gemeenskapslede gekweek is (vgl. Milson, 1974, p22 - 23 en Poplin, 1979, p261).

Khinduka (1979, p362) waarsku teen 'n oorbeklemtoning van die proses-doelstellings van die gemeenskapsontwik=kelingsbenadering. Hy beweer dat daar soms té veel gefokus word op die psigiese aspek van gemeenskaps=ontwikkeling sonder om konkrete, sosio-ekonomiese realiteite in berekening te bring. "Community develop=ment aims at revolutionary change in the evolutionary change in the peoples' psychology without change in their socio-economic relations" (Khinduka, 1979, p363).

Hiérdie kritiek dui op die belangrikheid van 'n geba= lanseerde benadering tot gemeenskapsontwikkeling. Ge= sien as maatskaplike "hervorming", omsluit die begrip "ontwikkeling" nie net ekonomiese groei nie, maar talle ander prosessse wat bydra tot lewensomstandighede wat mense self as "beter" beskou (vgl. Ferrinho, 1980, p21). Ontwikkeling behels eweneens nie net die psigiese elemente van menslike potensialiteitsont= plooiing nie, maar ook die belangrike komponente van ekonomiese vooruitgang, omgewingsverbetering en poli= tieke selfstandigwording.

.2. Gemeenskapsontwikkeling as 'n metode

Wanneer gemeenskapsontwikkeling as 'n metode benader word, word baie aandag gegee aan die bereiking van konkrete, kwantifiseerbare doelwitte. Gemeenskaps= ontwikkeling word dan beskou as 'n middel waardeur bepaalde instansies hulle doelstellings ten opsigte van maatskaplike dienslewering kan bereik. Op dié wyse kan die bereiking van die doelstellings van 'n gesins= beplanningsprojek gekoppel word aan 'n gemeenskapsont= wikkelingsprogram. Gemeenskapsontwikkeling word dan benut as 'n metode of tegniek om die beginsels van gesinsbeplanning aan die gemeenskap oor te dra en so= doende die doelstellings van die projek te probeer verwesenlik. In dié verband word gemeenskapsontwik= keling byvoorbeeld gesien as 'n funksie van die regering as sodanig. Gemeenskapsontwikkeling ontvang in dié

geval institusionele status en word aan 'n bepaalde departement of verskeie departemente se funksies gekoppel. Sanders (1970, p22) beweer: "... it may be the methods utilized in effecting certain forms of social organization (community development <u>for</u> social welfare, <u>for</u> recreation, or <u>for</u> public health)".

Die verskil tussen gemeenskapsontwikkeling as proses en as metode is gesetel in die verskille ten opsigte van die doelstellings wat nagestreef word. Vanuit die proses-benadering word gestreef na die bereiking van "proses-doelstellings", d.w.s. doelstellings wat gerig is op onder andere die versterking van samewerking tussen gemeenskapslede en hulle vermoë om selfstandig probleme te identifiseer en op te los. Die gemeenskapsontwikkelingsmetode is meer gerig op die bereiking van "taakdoelstellings" wat die verwesenliking van sekere <u>konkrete</u> doelstellings insluit (vgl. Dunham, 1970, p187 e.v. en Warren, 1978, p329 e.v.).

Schoeman (1980, p26 e.v.) bespreek die direktiewe probleemgeoriënteerde benadering teen die agtergrond van gemeenskapsontwikkeling as metode. Volgens hom is dié benadering grootliks ingestel op die oplossing van geïdentifiseerde probleme in 'n gemeenskap (vgl. ook Donohew en Springer, 1980, p208 e.v.). Die direktiewe benadering beklemtoon die finalisering van be=

paalde taakdoelwitte, soos die oprigting van gesond=heidsklinieke en ontspanningsklubs. Daar word tot 'n groot mate vir die mense beluit en nie saam met hulle nie. Die gemeenskap word op direkte wyse ge=help om probleme op te los, terwyl daar selfs deur buitepersone besluit word watter prioriteite sekere behoeftes en probleme moet geniet. Hierdie benade=ring is soms van groot waarde in onderontwikkelde gemeenskappe wat nie altyd gemotiveerd is om hulle probleme self op te los nie (vgl. Schoeman, 1980, p26 - 28 en Donohew en Springer, 1980, p209). Die direktiewe benadering kan selfstandige ontwikkeling egter ook strem indien dit vanuit 'n "paternalistiese" raamwerk toegepas word - soos soms die geval in Derde Wêreldlande is (vgl. Long en Winder, 1981, p82 - 87).

.3. Gemeenskapsontwikkeling as 'n program

Wanneer gemeenskapsontwikkeling as 'n program aange=pak word, behels dit grootskaalse insette van en ver=skeie dissiplines se betrokkenheid by die ontwikkeling van gemeenskappe, bv. t.o.v. die welsyn-, gesondheid-, onderwys- en ontspanningskomponente (Sanders, 1970, p22 - 23). Die nasionale regering is dan ook sterk betrokke by die program en in baie gevalle is die regering die inisieerder en koördineerder van gemeen=skapsontwikkelingsaktiwiteite (vgl. Dore en Mars, 1981).

Geformaliseerde tydgeoriënteerde beplanning is dikwels kenmerkend van gemeenskapsontwikkelingsprogramme, ter= wyl daar in baie gevalle 'n hoë prioriteit verleen word aan die bereiking van besondere taakdoelstellings. In Taiwan het die regering byvoorbeeld in 1968 die soge= naamde "Eight Year Community Development for Taiwan Province" aanvaar, met die veronderstelling dat ge= spesifiseerde doelstellings vir die opbou van die land se sosio-ekonomiese struktuur binne die tydsbestek van agt jaar moes realiseer (Social Welfare Services, 1981, p52).

As gevolg van die omvang van nasionale gemeenskaps= ontwikkelingsprogramme, word die aktiwiteite dik= wels administratief—beheergeoriënteerd uitgevoer. Aan die ander kant moet daar egter ook in gedagte ge= hou word dat geen gemeenskap 'n losstaande entiteit is nie, maar feitlik onlosmaaklik binne streek- en na= sionale verband funksioneer. Koördinasie van nasionale streek- en gemeenskapsdoelstellings is 'n moeilike, maar tog noodsaaklike element van suksesvolle gemeen= skapsontwikkelingsprogramme. Wanneer die regering egter té direktief betrokke raak by gemeenskapsontwik= keling, kan die plaaslike gemeenskap ontmoedig word of selfs 'n negatiewe reaksie toon (vgl. Aldred, 1976, p137 e.v.). Die oorbeklemtoning van taakdoelstellings kan 'n nadelige invloed hê op die opvoedingsproses wat inherent aan ontwikkeling behoort te wees. Karunaratne (1976, p118) gee dié rede aan as bydraend tot die

mislukking van die gemeenskapsontwikkelingsprogram in Indië: "It was not sufficient for resources to be found, technical assistance and outside resources poured in. As long as the programmes were attended to without any emphasis on the education of the participants within the development process, in an entirely task orientated manner, once the task was over, the people stepped back into their apathy once again. They failed to co-operate as actually they were not required to participate fully". Daar is derhalwe te veel van die direktiewe metode as benaderingswyse gebruik gemaak.

Soos Karunaratne tereg opmerk, is die samewerking en deelname van die plaaslike bevolking essensieel vir die suksesvolle ontplooiing van gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Dié beginsel van gemeenskapsontwikkeling is ŉ uiters sensitiewe aspek wat met groot omsigtigheid hanteer moet word wanneer nasionale gemeenskapsprogramme van stapel gestuur word (vgl. Fitzgerald, 1980, p29 e.v.). ŉ Rigiede direktiewe benadering, waar belangrike besluite van "bo" af namens die plaaslike bevolking geneem word, kan weerstand ontlok indien daar nie ag geslaan word op gemeenskappe se gevoelde behoeftes nie. Plooibaarheid van nasionale ontwikkelingsdoelstellings, plaaslike inisiatief en eie besluitname is belangrike aspekte wat in berekening gebring moet word (Fitzgerald, 1980, p34 en Long en Winder, 1981, p82 e.v.).

## 5.4. Gemeenskapsontwikkeling as 'n beweging

In 1948 beskryf die Cambridge Conference on African Administration (Sanders, 1970, p24 -25) en in 1954 ook die Ashbridge Conference on Social Development (Roberts, 1979, p175) gemeenskapsontwikkeling as 'n beweging. Gemeenskapsontwikkeling as beweging word gekenmerk deur onder andere die sterk emosioneel-ideologiese aard daarvan. Fitzgerald (1980, p34) be= skryf dit as "an emotionally charged crusade" wat voortuitgang as 'n filosofies-ideologiese konsep be= skou, eerder as 'n waardevrye wetenskaplike benadering tot ontwikkeling (vgl. ook Ferrinho, 1980, p55 en Sanders, 1970, p24).

Taylor (Fitzgerald, 1980, p35) kritiseer gemeenskaps= ontwikkeling as beweging op grond van die tendens dat dit gebaseer is op propaganda wat die mobilisering van die massas beoog deur middel van beloftes wat nie altyd realiseerbaar is nie.

Wanneer gemeenskapsontwikkeling as 'n beweging benader word, kan dit ontaard in 'n idealistiese of polities-aktivistiese tipe soos deur Griffiths (1974, p92 - 93) beskryf. Dié tipe gemeenskapsontwikkeling is uiter= aard sterk polities-ideologies van kleur en die voor= standers hiervan beoog in die meeste gevalle om ver= andering in die bestaande maatskaplike orde teweeg te bring deur middel van rewolusionêre metodes of geweld=

dadige konfrontasie met gesagsdraers (vgl. ook Alinsky, 1970).

Die ideologiese aard wat ŉ gemeenskapsontwikkelings= beweging mag vertoon, hoef nie noodwendig ŉ negatiewe aspek van gemeenskapsontwikkeling te wees nie. Paiva (Lategan, 1981, p30) is van oortuiging dat ont= wikkeling o.m. betekenis en momentum verkry wanneer ideologie ŉ dryfveer is vir die bereiking van be= tekenisvolle nasionale doelstellings. Lategan(1981, p30) is van oortuiging dat ontwikkeling as ŉ ideolo= giese basis vir gemeenskapsontwikkeling in die idees van gemeenskapsleiers kulmineer, terwyl dit ŉ belang= rike rol speel in die beantwoording van die vraag: "watter soort gemeenskap moet geskep word?".

Die onderskeie benaderings tot gemeenskapsontwikkeling wat hier behandel is, dra daartoe by om ŉ groter mate van duidelikheid omtrent dié konsep te verkry. Soos reeds vantevore opgemerk, word daar aanvaar dat die onderskeie benaderings mekaar komplementeer, en dat daar in die praktyk elemente van elkeen teenwoordig kan wees.

Die praktiese implementering van dié benaderings word situatief bepaal deur onder meer die ontwikkelings=

peil en gereedheid van elke besondere gemeenskap tot ontwikkeling (vgl. Schoeman, 1980, p30). Die regeringsbeleid en eiesoortige bevolkingsaard van elke land sal 'n groot rol speel in die besondere benadering wat gevolg word. In die R.S.A. sal 'n polities-ideolo=giese benadering byvoorbeeld sterk teenkanting van regeringsweë ontvang as gevolg van dié land se sensi=tiewe maatskaplik - politiese bevolkingsprobleme. Soda=nige benadering kan 'n nadelige invloed hê op die handhawing van stabiele bevolkingsverhoudinge in die R.S.A., veral wanneer dit deur linkse kommunistiese groepe uitgebuit word om die orde te versteur.

Binne die multi-kulturele bevolkingsrealiteit van Suid-Afrika, wat eweneens verskeie vlakke van ontwik=keling toon, kan die direktiewe en nie-direktiewe benadering goed te pas kom. Dié benaderings kan goed geïntegreer word binne 'n nasionale gemeenskapsontwik=kelingsprogram waarby die ontwikkelde en ontwikkelende bevolkingsgroepe sal baat. Die rasionaal van gemeen=skapsontwikkeling is dan ook juis gesetel in die aan=name dat ontwikkelde en ontwikkelende gemeenskappe ten opsigte van die aard van hulle kulturele, maat=skaplike, ekonomiese en fisiese lewensomstandighede kan verbeter en verder kan ontwikkel. <u>Gebalanseerde</u> sosio-ekonomiese en politieke ontwikkeling behoort as die ideaal van gemeenskapsontwikkeling gesien te word. 'n Geïntegreerde direktiewe en nie-direktiewe benadering, met die klem op <u>proses sowel as taak=</u>

doelstellings, behoort 'n goeie vertrekpunt te wees vir die realisering van sodanige gebalanseerde ontwikkeling.

Daar is tot hiertoe dikwels melding gemaak van die rasionaal en doelstellings van gemeenskapsontwikkeling wanneer daar verwys is na bv. "ontwikkelende gemeenskappe" wat deur middel van gemeenskapsontwikkeling tot 'n "hoër vlak van lewenskwaliteit" kan vorder. Dit is nodig om in meer besonderhede te let op die rasionaal ten grondslag van gemeenskapsontwikkeling.

## 6. DIE RASIONAAL VIR GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Gemeenskapsontwikkeling het te make met gemeenskappe en ontwikkeling. Hierdie twee begrippe is wel fundamentele komponente van gemeenskapsontwikkeling, maar net soos gemeenskapsontwikkeling word dié begrippe se waarde en wetenskaplike bruikbaarheid gestrem deur 'n dikwels dubbelsinnige betekenisinhoud. In hierdie afdeling sal die relevansie van "gemeenskap" en "ontwikkeling" ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling ontleed word aan die hand van 'n verduidelikende uiteensetting van die begrippe se onderskeie betekenisinhoude. Daar word van die standpunt uitgegaan dat "gemeenskap" en "ontwikkeling" die grondslag vorm van die doelstellings van en rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling.

## ·.1. "Gemeenskap" en gemeenskapsontwikkeling

Nisbet (1976, p47) beskou "gemeenskap" as een van die mees fundamentele en verreikende van sosiologie se "unit-ideas". Die herontdekking van "die gemeenskap" word deur Nisbet beskou as die mees kenmerkende ont=wikkeling van die sosiale denke gedurende die negen=tiende eeu.

Soos daar in die eerste hoofstuk van hierdie verhan=deling aangetoon is, was die pioniers van die sosiolo=gie reeds intensief besig om die gemeenskap se waarde te evalueer teen die agtergrond van ŉ snel-veranderende sosiale orde in die industrieel-stedelike samelewing.

Ten spyte van die ambivalente gebruik van die begrip "gemeenskap", gebruik die meeste sosioloë hedendaags dié begrip met verwysing na sulke eenhede soos dorpe, stede, metropolitaanse gebiede en ander tipiese ves=tigingseenhede wat deur ŉ besondere vorm van maatskap=like en territoriale organisasie gekenmerk word (Pop=lin, 1979, p8). "Gemeenskap" verwys derhalwe na dié plekke waar mense gehuisves is, werksaam is en die meeste van hulle daaglikse lewensaktiwiteite verrig. In dié sin kan die agterbuurt ook beskryf word as ŉ gemeenskapsvorm.

Hillery (Poplin, 1979, p8) stel dat sosiologiese definisies van "gemeenskap" drie basiese komponente

inkorporeer: "die gemeenskap" as geografiese gebied; as sosiale interaksie en as gemeenskaplike bande ("ties") tussen mense. Hillery definieer "gemeenskap" soos volg: "a community consists of persons in social interaction within a geographic area and having one or more additional common ties".

Die betekenis en inhoud van hierdie komponente van Hillery se definisie is van groot waarde wanneer die rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling deur middel van "die gemeenskap" verklaar word.

### 6.1.1. Die gemeenskap as territoriaal-geografiese eenheid

Vanuit hierdie perspektief kan daar gestel word dat enige gemeenskap binne 'n bepaalde geografiese omge= wing gevestig is en dat hierdie omgewing 'n bepaalde invloed het ten opsigte van die aard van natuurlike hulpbronne en die daarstel van 'n infastruktuur.

Die fisies-ruimtelike aspek van die agterbuurt as gemeenskap noodsaak dat daar aandag gegee moet word aan die doeltreffende en doelmatige funksionering van fisiese strukture (soos behuising en ander ge= meenskapsfasiliteite) asook die aard van die infra= struktuur (wat byvoorbeeld verbindingsweë insluit). Gewoonlik is dié aspekte van agterbuurte 'n besondere motivering vir gemeenskapsontwikkelingsprojekte, omdat daar dikwels groot verbeterings aangebring kan word.

## .1.2 Die gemeenskap: sosiale wisselwerking

Vanuit hierdie vertrekpunt word die gemeenskap gesien as bestaande uit 'n verskeidenheid patrone van menslike wissel= werking. Vanuit die struktureel-funksionele benade= ring word daar aandag gegee aan verskeie subsisteme van menslike interaksie wat 'n invloed het op die funksionering van die groter gemeenskapsisteem. Voorbeelde is onder meer kulturele, gesondheid- en opvoedkundige strukture. Die doelmatige funksionering of ook die wanfunksionering van hierdie subsisteme het 'n bepalende invloed op die gesonde funksionering van die gemeenskap. Die afwesigheid van een of meer van hierdie subsisteme mag eweneens 'n nadelige in= vloed op die gemeenskapstabiliteit hê.

Wanneer 'n agterbuurt analiseer word vanuit hierdie raamwerk, kan die gemeenskapsontwikkelaar byvoorbeeld agterkom dat die gemeenskap 'n ontoereikende graad van geskooldheid ver= toon as gevolg van ondoeltreffende of onvoldoende skolings= fasiliteite. Met die rasionaal om die opvoedingspeil van die gemeenskapslede te verbeter en sodoende die lewenskwa= liteit te verhoog, kan 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek geloods word om hierdie aspek van die gemeenskapsfunksio= nering te verbeter. (Aandklasse vir volwassenes en kleu= terskoolaktiwiteite vir voorskoolse kinders kan as 'n pro= jek geloods word).

Hierdie is 'n baie bondige bespreking van die sosiaal- organisatoriese aspek van gemeenskappe, soos in verband gebring met die rasionaal vir en doelstellings van gemeen=

skapsontwikkeling, maar beklemtoon tog die idee rond= om hierdie aspek van gemeenskapsontwikkeling.

### 5.1.3 Die gemeenskap as psigo-kulturele eenheid

Hierdie derde komponent van die begrip "gemeenskap" be= klemtoon die stelling dat daar gemeenskaplike bande (psigies en kultureel) tussen die lede van 'n bepaalde gemeenskap bestaan.

As kulturele veranderlike impliseer hierdie komponent dat daar gedeelde en gemeenskaplike waardes, norme, gelowe en doelstellings tussen lede van 'n gemeenskap bestaan. As 'n psigiese veranderlike, vereis sodanige gemeenskapsenti= ment dat die lede van 'n gemeenskap met hulle gemeenskap sal identifiseer en 'n gevoel van solidariteit sal toon.

Een van die belangrikste beginsels wat grondliggend aan ge= meenskapsontwikkeling is, is die versterking van die soli= dariteitsgevoel tussen lede van 'n gemeenskap. Soos vroeër aangetoon, is gemeenskapsontwikkeling gerig op 'n gesamentlike poging van soveel moontlik lede van 'n gemeenskap om hulle eie heil uit te werk en saam 'n grootse poging tot die verhoging van lewenskwaliteit aan te pak (vgl. afdelings 4.6 en 7.4).

Die agterbuurt, wat inderdaad deur sommige as 'n sub= kultuur beskou word, is in baie opsigte 'n gemeenskaps= vorm waar gesindhede van "self-help" en samewerking gestimuleer, uitgebou en in "ontwikkelingskanale" ingestuur moet word. Sodoende kan die rasionaal vir 'n

gesamentlike poging tot sosio-ekonomiese verbetering van die inwoners se lewensomstandighede realiseer. Wanneer die psigiese en kulturele gebondenheid van agterbuurtinwoners sódanig versterk kan word, is daar reeds ver gevorder op die pad na die verwesenliking van die ideaal van ŉ <u>hoër lewenskwaliteit</u> vir die inwoners. Maatskaplike probleme word dikwels met sukses deur middel van ŉ gemeenskapspoging hanteer, veral wanneer die inwoners gemotiveerd is om self iets aan hulle gemeenskaplike probleme te doen en nie net wag dat dinge <u>vir</u> hulle gedoen moet word nie.

## 6.2 <u>"Ontwikkeling" en gemeenskapsontwikkeling</u>

"Ontwikkeling" beteken verskillende dinge vir verskil= lende mense. Voortspruitend uit die aanname dat die ekonomie, volgens baie mense, ŉ allesoorheersende rol speel in ŉ land se ontwikkeling en algehele groei, word die die begrip "ontwikkeling" deur baie gebruik as sinoniem vir "<u>ekonomiese vooruitgang</u>".

Mabogunje (1980, p36 e.v.) wys daarop dat ontwik= keling nie net as ekonomiese voortuigang bestempel kan word nie, maar ook verband hou met die inhoude= like betekenis van die begrip "<u>modernisasie</u>". In hierdie afdeling sal die betekenis van "ontwikke= ling", as synde ŉ belangrike komponent van die ra= sionaal vir gemeenskapsontwikkeling, aan die hand van ekonomiese groei en modernisasie bespreek word.

Daar sal ook kortliks aandag gegee word aan sogenaam=de "gebalanseerde ontwikkeling".

### .2.1 Ontwikkeling as ekonomiese groei

Veral in die ekonomie - literatuur van die periode kort na die Tweede Wêreldoorlog is "ontwikkeling" gedefinieer as "a rapid and sustained rise in real output per head and attendant shifts in the tech=nological, economic and demographic characteristics of a society" (Mabogunje, 1980, p36). Hierdie begrip van die ontwikkeling het ŉ hoër priori=teit verleen aan verhoogde produksie en die rea=lisering van konkrete ekonomiese doelwitte as aan die mense wat by die produksieproses betrok=ke was. Hierdie benadering was uiteraard ŉ eensydige beskouing van die ontwikkelingsbegrip. Die toenemen=de industrialisering van die sogenaamde Derde Wêreld=lande het met groot buitelandse kapitaalinsette ge=paard gegaan (vgl. 2.2). Vermeerdering van die insette wat deur die nywerhede gelewer is, is beskou as ŉ verhoging van die ekonomiese groeikoers en ontwikkeling van ŉ land. Vir Mabogunje (1980, p37) is dit egter duidelik dat Derde Wêreldlande in baie gevalle bloot as afspringplek vir die versameling van plaaslike roumateriaal gefunksioneer het om die fabrieke en nywerhede, wat koloniale moondhede daar gevestig het, van goedkoop arbeid en basiese grond=stowwe te voorsien. Griffiths (1974, p90) verwys

na ontwikkelingsprogramme wat tydens hierdie periode van stapel gestuur is, as die sogenaamde koloniale sosiaal-ontwikkelingstipes (vgl. ook afdeling 2.1 van hierdie hoofstuk en Bopape, 1980, p34).

Die idee dat ontwikkeling suiwer en alleen op eko= nomiese en tegnologiese groei en vooruitgang dui, is vandag nog 'n bekende tendens. Ekonomiese groei van 'n land en die verbetering van mense se ekonomiese posisie, is wel 'n baie belangrike deel van die ont= wikkelingsproses, maar ontwikkeling sluit veel meer as net dit in. Soos reeds vroeër aangedui is, geba= lanseerde ontwikkelingspogings ook bedag op die ander terreine van menslike funksionering, byvoorbeeld die kulturele, opvoedkundige en algemeen-sosiale terreine.

In die stedelike agterbuurt is die oplossing van die armoedeprobleem sekerlik 'n ekonomiese probleem as sodanig, maar 'n dieper ontleding hiervan laat dit duidelik blyk dat die oorsake en gevolge van armoede, soos dit dikwels in agterbuurtgemeenskappe manifes= teer, nie net uit 'n ekonomiese agterstand voort= spruit nie. Blywende oplossings vir hierdie probleem mag derhalwe nie net op die ekonomiese omstandig= heidsverbetering van agterbuurtinwoners konsentreer nie. Met die armoedekwessie as agtergrond, behoort die rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling derhalwe ook gebaseer te wees op die <u>maatskaplike</u> opheffing van agterbuurtinwoners.

## 5.2.2 Ontwikkeling as modernisasie

Die gelykstelling van "modernisasie" aan "ontwik= keling" kom deels neer op die verandering van die gedrag van mense binne die sogenaamde onderontwik= kelde en ontwikkelende konteks sodat hulle 'n lewens= beskouing aanvaar wat eie is aan die sogenaamde tegnies-ontwikkelde konteks. Hoewel hierdie benadering meer op die maatskaplik-psigiese sy van ontwikkeling fokus, is daar tog nog die ekono= miese motief by betrokke. Volgens Mabogunje (1980, p38) word die klem grootliks geplaas op "how to in= culcate wealth-orientated behaviour and values in individuals" en verder word mense gemotiveer om "the new rules of the economic growth game" te ver= staan en te aanvaar.

Modernisasie is egter nie nét ekonomies georiën= teerd soos hierbo aangetoon nie. Binne die onder= ontwikkelde en ontwikkelende konteks word gemeen= skapsontwikkelingsprojekte, met modernisering as rasionaal en doelstelling, van stapel gestuur onder vaandels van "sosiale ontwikkeling". Klem word dan geplaas op die indusering van sogenaamde "moderne" lewenswyses deur middel van die oprigting van skole en sentra vir tersiêre onderwys, gesondheidsklinieke wat die "moderne" mediese tegnologie propageer en toe= pas asook ander fasette kenmerkend van 'n gemoderni= seerde samelewing (Mabogunje, 1980, p38 en Sanders, 1970, p17 e.v.).

Warren (1970, p32 e.v.) stel "modernisering", van=uit gemeenskapsontwikkelingsperspektief, gelyk aan "maatskaplike verandering". Hy beweer dat "community development is being asked <u>to bring about</u> a set of conditions - roughly 'modernization' ..." (Warren, 1970, p32). Hierdie aspek van die rasionaal vir ge=meenskapsontwikkeling geld veral in die ontwikkelende konteks.

Hoewel dit ietwat paradoksaal mag lyk, is dit ook moontlik om te beweer dat die motief vir gemeenskaps=ontwikkeling binne die ontwikkelende én ontwikkelde konteks daarop gerig is om die <u>nadelige</u> effekte van modernisasie te verlig (Warren, 1970, p37). Binne die onderontwikkelde en ontwikkelende konteks word gemeenskapsontwikkeling dikwels van stapel gestuur om modernisasie aan te moedig deur middel van toenemen=de industrialisasie, maar daar word ook in ag geneem dat eensydige industrialisasie baie maatskaplike pro=bleme kan skep wat ondervang moet word en sover moont=lik voorkom behoort te word. Om dié rede word deur middel van gemeenskapsontwikkeling gepoog om 'n gebalanseerde industriële basis in byvoorbeeld Derde Wêreldlande te skep, terwyl daar aandag gegee word aan <u>maatskaplike</u> aspekte rakende die bevolking van dié lande, byvoorbeeld die verhoging van die gelet=terdheidspeil en verbetering van gesondheidstoestan=de deur middel van moderne mediese tegnologie (vgl. Warren, 1970, p37 e.v.).

In ontwikkelde, gemoderniseerde samelewings, waar ontwikkeling (gemeet aan die graad van modernisasie) reeds op gevorderde vlak is, het gemeenskapsontwik= keling ook 'n taak. Armstrong (1971, p107) beweer dat die probleme van dié samelewings juis voort= spruit uit 'n massale produksiekoers en soortgelyke organisatoriese struktuur. Baie probleme wat dié samelewings ondervind kan herlei word na 'n verstede= likte, gemoderniseerde lewenswyse waarby mense soms moeilik aanpas. Gemeenskapsontwikkeling fokus dan op tendense eie aan hierdie lewenswyse, byvoorbeeld die probleem van aliënasie wat onder meer deur grootskaalse burokrasie en gerasionaliseerde besluit= nemingsprosesse teweeggebring word. Individue en groepe mense word deur middel van gemeenskapsont= wikkelingsprojekte in die sentrum geplaas van be= sluitneming oor sake van gemeenskaplike belang, deurdat besluite van dié aard meer en meer in die hande van plaaslike gemeenskapsorganisasies geplaas word (Warren, 1970, p39 - 43 en Lategan, 1981, p28) Op dié wyse kan die nadelige aspekte van 'n gemoder= niseerde bestaan grootliks getemper word.

.2.3 <u>Ontwikkeling as 'n gebalanseerde benadering</u>

Die V.V.O. het reeds in die verlede veel klem ge= plaas op 'n <u>gebalanseerde benadering</u> tot ontwikkeling vanuit gemeenskapsontwikkelingsperspektief. Dunham (1972, p14) verwys na die V.V.O. se idee omtrent

die rasionaal vir en doelstellings van gemeenskapsont= wikkeling as synde "to induce social change for balanced human and material betterment; to strengthen the institutional structure in such a way as to facilitate social change and the process of growth; to ensure the fastest possible participation in the development process ..." Gemeenskapsontwikkeling moet derhalwe van= uit 'n multi-dimensionele, multi-dissiplinêre basis imple= menteer word. Alle aspekte van menslike en dus ook gemeenskapsgroei en -vooruitgang moet as belangrike fokuspunte vir gemeenskapsontwikkeling gesien word - nie net die ekonomiese of fisies-ruimtelike ontwik= keling nie, maar ook die maatskaplik-kulturele ont= plooiing van gemeenskapspotensiaal.

"Ontwikkeling" as rasionaal vir gemeenskapsontwikke= ling kan sekerlik vanuit meer hoeke belig word as wat hier die geval is. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is daar egter bloot gepoog om te wys op enkele aspekte van ontwikkeling, met die gedagte dat ontwikkeling nie as 'n eensydige aspek van mense en gemeenskappe se funksionering gesien moet word nie.

Wanneer daar van ontwikkeling gepraat word, is dit egter belangrik om aandag te gee aan die kwessie van waar= de-oordele. Terme soos "verbetering van lewenskwa= liteit", "verhoogde lewenstandaard" en "sosio-ekono= miese funksionering" as voorbeelde van indikasies vir

ontwikkeling van gemeenskappe, dui op sigself waarde=oordele aan.

Goulet (vgl. Lategan, 1981, p21) praat van ontwik=keling as ŉ beweging weg van "minder menslike" na "meer menslike" waardes en lewenspatrone. Wanneer Goulet hierdie ontwikkelingsbeweging in terme van waarde-verandering dan beskou as synde alle mense in die geleentheid te stel om "full human lives" te leef, word die krasheid van waardebetrokkenheid ten opsigte van ontwikkeling redelik getemper. Ontwikkeling sou dan dui op ŉ filosofiese idee waarmee bedoel word dat menswaardigheid - die erkenning en bevordering daar=van - die rasionaal van ontwikkelingspogings is. Modernisering op sigself word dikwels aangegee as ŉ waardebetrokke houding by die sogenaamde ontwikkelde samelewings om hulle eiesoortige lewenswyse op die sogenaamde onderontwikkelde samelewings "af te dwing" (vgl. 2.1 en 3.5). Só ŉ benadering tot ont=wikkeling is uit die aard van die saak onhoudbaar. Daar moet voortdurend rekening gehou word met die u=nieke en eiesoortige kulturele kenmerke van ander bevolkingsgroepe. Ontwikkeling moet eerder, soos Goulet aantoon, geskoei wees op die idee dat alle mense die reg het om ŉ bestaan te voer wat meer menswaardig is. Binne dié raamwerk is ontwikkeling eties-regverdigbaar as rasionaal vir gemeenskaps=ontwikkeling.

Die idee van <u>menswaardigheid</u> sluit aan by die vol= gende aspek van gemeenskapsontwikkeling wat onder bespreking kom, naamlik die breë beginsels waarmee gemeenskapsontwikkeling as filosofie en as praktiese ontwikkelingsbenadering verkondig word.

## DIE BEGINSELS VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Volgens Lategan (1981, p25) is die beginsels van gemeenskapsontwikkeling voorveronderstellings waar= op gemeenskapsontwikkeling berus. Hierdie beginsels is weliswaar nie empiries verifieerbaar nie, maar vorm tog ŉ inherente deel van gemeenskapsontwikke= ling en dien as filosofiese voorwaarde vir die prak= tiese implementering van gemeenskapsontwikkeling.

Die beginsels van gemeenskapsontwikkeling is ken= merkend van ŉ lewensfilosofie wat teruggevoer kan word na maatskaplike hervormers soos Saint-Simon, Robert Owen, Fourier en Proudhon. As beginsels wat die grondslag vir menslike vooruitgang vorm, moet hulle geld vir die individu, groep, gemeenskap en samelewing (Ferrinho, 1980, p50).

Wanneer daar na die beginsels van gemeenskapsont= wikkeling verwys word, word aanvaar dat dit die ba= siese filosofiese vertrekpunt van gemeenskapsont= wikkeling as vakgebied is. Peter du Sautoy (Ferrinho, 1980, p50) skryf: "Community development is a

philosophy as well as a process, and its best defini= tion must deal with its <u>principles</u> rather than its practice".

Die beginsels van gemeenskapsontwikkeling hang ook ten nouste saam met die besondere norm- en waarde= kompleks van die ontwikkelingsagent en die betrokke gemeenskap. Wanneer die kontekstuele uiteenlopend= heid van gemeenskapsontwikkeling in die praktyk in berekening gebring word, is dit duidelik dat die beginsels van gemeenskapsontwikkeling weliswaar nie klakkeloos as rigiede waarheidsmomente propageer mag word nie. Met verwysing na die gemeenskapswerker as persoon, kan daar gestel word dat die werker se waardesisteem beslis sy of haar implementering van gemeenskapsontwikkeling sal beïnvloed. Milson (1974, p102) noem dat gemeenskapswerkers dikwels kontrasterende persoonlike agtergronde toon, ŉ be= sondere situasie verskillend analiseer en soms nie een= stemmigheid omtrent doelstellings kan bereik nie. Dit volg ook dat verskillende individue wel dieselfde beginselgrondslag mag ondersteun, maar afhangende van persoonlike interpretasie en die bepaalde konteks of situasie, kan ŉ besondere beginsel wat vir gemeenskaps= ontwikkeling geld, andersoortige praktiese implemen= tering geniet.

Uit die groot verskeidenheid beginsels wat in die li= teratuur aangegee word, sal daar vervolgens verwys

word na enkeles wat as van essensiële belang geag kan word.

7.1 Eerbied en agting

Daar word aanvaar dat die mens 'n skepsel van God is en daarom is elke mens eerbiedwaardig. Die mens het intrinsieke waarde (Hugo, 1980 (b) p160). Die Gulbenkian-verslag oor Gemeenskapsontwikkeling en Sosiale Verandering (vgl. Milson, 1974, p102) for= muleer hierdie beginsel soos volg: "That respect for another individual must include respect for his beliefs, his ability to reach decisions and to build his own life ..." Die beginsel van eerbied en agting impliseer ook individuele selfrespek. Die selfre= spek van 'n individu is gebaseer op die waarde dat die mens homself en sy medemens verantwoordelik hou vir selfstandige ontwikkeling. Respek vir mense en selfrespek verbied dat enigeen 'n substituut vir "self-help" sal aanbied of aanvaar (Ferrinho, 1980 p54).

Hierdie beginsel het verreikende gevolge vir gemeen= skapsontwikkeling en dit vorm terselfdertyd die ba= sis waarop verskeie ander beginsels rus. Die sterk humanistiese inslag wat dit aan gemeenskapsontwikke= ling verleen, is onmiskenbaar. Gemeenskapsontwikke= ling is gemoeid met die praktiese vergestalting van van 'n filosofie wat mense in die sentrum van sake

plaas. (Current issues in community work, 1973, p16). Hiervolgens speel die beginsels van humanisme 'n belangrike rol in gemeenskapsontwikkeling. Die mens moet daarby baat vind. "The human principle also determines the paths of development" (Ferrinho, 1980, p50).

Vanuit 'n Christelik-calvinistiese oogpunt kan hierdie standpunt waarskynlik nie ontken word nie, maar die eensydigheid daarvan moet wel bevraagteken word. 'n Eensydig-mensgesentreerde beginselgrondslag is onaanvaarbaar. Duvenage (1981, p47) stem saam met die filosoof Bertrand Russel dat die wetenskap slegte dinge kan bekamp en die goeie kan bestendig. "Wetenskap kan gebruik word om armoede te bekamp, 'n hoër lewenstandaard te verkry, wetteloosheid te bestry en deur onderwys en opvoeding by die mens 'n sin van verantwoordelikheid te kweek". Dit blyk egter dat 'n dieper begronding nodig is vir die daarstel van 'n normsisteem. Hierdie begronding word die teonome begronding genoem en "daarvoor is die religieuse verbondenheid van die mens onontbeerlik" (Duvenhage, 1981, p47). Dit is dus belangrik dat hierdie waarheidsmoment in berekening gebring word by die filosofiese en praktiese aspekte van gemeenskapsontwikkeling in die algemeen en in die besonder dan ten opsigte van die beginsel van eerbied en agting.

In die literatuur word daar deur verskeie skrywers gewys op die implikasies daarvan wanneer ontwikke=

lingsagente nie hierdie beginsel tot sy reg laat kom nie. Bopape (1980, p36) stel dit duidelik dat ver= skeie gemeenskapsontwikkelingsprogramme in sekere lande in die verlede nie geslaag het nie, omdat die miskenning van menswaardigheid deur die ontwikkelings= agent die oorsaak was dat mense geweier het om die programme te steun.

'.2 Selfbeskikking, "self-help" en eie behoeftebevrediging

Vanuit dié beginselkompleks word die mens beskou as ŉ waarderende wese wat oor die reg tot eie besluit= name beskik en derhalwe oor sy eie lotgevalle kan beslis. Dit impliseer dat die mens oor "vryheid in verantwoordelikheid" - dus ware vryheid - beskik (Hugo, 1980 (b), p160 - 161). Soos reeds ten opsigte van die beginsel van selfrespek genoem, word daar derhalwe aanvaar dat die mens verantwoordelik gehou kan word vir sy persoonlike groei en die verbetering van sy eie lewenskwaliteit. Mense beskik oor latente ver= moëns wat ontwikkel kan word om sodoende hulle eie probleme op te los en ŉ bydrae te kan lewer tot hul= le eie vooruitgang en selfbeskikking (Du Preez, 1981, p54).

Hiermee word daar erkenning verleen aan die aspek van hulpverlening - individue het ook die reg om in hul= le eie pogings tot persoonlike groei staat te maak op die ondersteuning van ander individue. So kan daar

ook deur gemeenskappe wat hulle algemene lewensomstan= dighede wil verbeter, 'n beroep gedoen word op buite-instansies om hulle by te staan in hulle pogings (Schoeman, 1979, p244 e.v.). Dit is egter belangrik dat daar onthou moet word dat genoemde proses nie 'n eenrigting-vloei mag toon nie.

Die beginsel van selfbeskikking, "self-help" en eie be= hoeftebevrediging berus op die aanname dat daar 'n demokratiese samelewing bestaan waarin alle lede oor die moontlikhede en geleenthede beskik om hulle onder= skeie behoeftes en talente tot volle ontplooiing en verwesenliking te kan laat kom (vgl. Milson, 1974) p102).

Bopape (1980, p36) is uitgesproke daaroor dat die suk= ses van gemeenskapsontwikkelingsprojekte grootliks daarvan afhang of die basiese behoeftes van die be= trokke gemeenskaplede bevredig word. Dit impliseer na= tuurlik dat gemeenskapsontwikkelingsagente voortdu= rend sensitief moet wees vir die eiesoortige behoef= tes van elke gemeenskap. Leef (Milson, 1974, p104) beweer dat een van die mees aanvaarde beginsels van gemeenskapsontwikkeling is dat gemeenskapsontwikke= lingsaktiwiteite gebaseer moet wees op die gevoelde behoeftes ("felt needs") van die mense daarby betrokke. Die erkenning van gevoelde behoeftes spruit voort uit die erkenning van die basiese respek vir mense (vgl. ook Dunham, 1970, p188).

## 7.3 Solidariteit

Hierdie beginsel impliseer 'n gedeelde gevoel of gees van eenheid; 'n gemeenskaplike verantwoordelik=heidsbesef rakende die huidige en toekomstige bestaan van die gemeenskap. Solidariteit is nie net 'n morele verantwoordelikheid, "which imposes, as a duty, the participation in the making and implementation of decisions about public affairs" (Ferrinho, 1980, p51).

Hoewel samewerking en aktivering van mense welis=waar een van die grootste probleme by die praktiese implementering van gemeenskapsontwikkeling is, bly dié beginsel geld as voorwaarde vir suksesvolle ontwikkeling. "Ideally, community development seems to be not just the taming of the masses, but wants to release emotional forces of goodwill and co-operation which it believes are locked up inside ordinary people" (Milson, 1974, p107. Vgl. ook afdeling 8 van hierdie hoofstuk).

Daar kan beweer word dat mense deur die eeue heen (en hedendaags in die besonder) die behoefte gehad het aan samewerking met die oog op die bereiking van gemeenskaplike doelstellings. Die sosiale groep was nog altyd meer effektief betreffende die vervul=ling van hierdie behoefte as losstaande,onbetrokke individue. Daar word tegelykertyd aanvaar dat die

kompleksiteit en heterogeniteit van die samelewing die betrokkenheid van mense by gemeenskapsaktiwiteite tot 'n groot mate bemoeilik (Current issues in communi= ty work, 1973, 917). Met die groot klem wat in ge= meenskapsontwikkeling op solidariteit en samewerking geplaas word, volg dit dat die gemeenskapsontwikke= lingsbenadering 'n antwoord kan wees op die vraag na die individu se plek binne 'n onpersoonlike burokra= tiese besluitnemingsbestel.

Du Preez (1981, p54) is van mening dat die begin= sel van samewerking voortspruit uit die norm van so= lidariteit, waarin 'n gemeenskap se krag grootliks ge= leë is: "Dit is een van die take van gemeenskapsont= wikkeling om gemeenskappe saam te snoer in groepe waar die kragte van samewerking benut kan word".

Hoewel die voorafgaande beginsels van gemeenskapsont= wikkeling tot 'n groot mate kenmerkend is van 'n filoso= fies-abstrakte mens- en lewensbeskouing, sluit hier= die vertrekpunte ten nouste aan by konkrete doelstel= lings van gemeenskapsontwikkeling.

Daar kan vanuit die voorafgaande beginselstandpunte ook klem gelê word op die multi-kulturele realiteit van die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling - in dié sin dat die implementering van gemeenskaps= ontwikkeling nie sonder die inagneming van kulturele verskille mag geskied nie. Die verbetering van die

menswaardige voortbestaan en ontwikkeling van die onderskeie bevolkingsgroepe in die R.S.A mag nie kulturele ontwrigting of vervreemding teweegbring nie.

Staatsondersteunende ontwikkelingsinisiatiewe in die R.S.A. gaan van die beginsel uit dat die Staat nie alleen-verantwoordelikheid vir alle maatskaplike, ekonomiese en fisiese ontwikkeling aanvaar nie, maar dat gemeenskappe en mense op plaaslike en streekvlak betrek kan word, veral deur gemeenskapsontwikkeling, om aktief by te dra tot die verbetering van hulle eie lewenskwaliteit.

Hiermee saam behoort gemeenskapsontwikkeling geïmplementeer te word vanuit die beginselstandpunt dat die Staat die inisiatiewe van gemeenskappe op plaaslike vlak tegnies, finansieel en vakkundig sal steun met die veronderstelling dat sodanige hulp die selfstandige pogings van inwoners sal versterk en nié vervang nie. Enersyds moet die Staat en plaaslike owerhede dus ontwikkelingsgeleenthede op die breë maatskaplike en ekonomiese terreine skep en andersyds moet gemeenskappe aangemoedig word om hierdie geleenthede ten volle te benut.

Een van die hoekstene waarop sodanige ontwikkelingspogings en -inisiatiewe berus, is die heelhartige betrokkenheid van soveel moontlik lede van elke ge=

meenskap wat hulself tot 'n hoër vlak van menswaardige bestaan wil voer. Hierdie belangrike komponent van gemeenskapsontwikkeling sal vervolgens in meer beson= derhede bespreek word.

GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Oakley (1980, p10) beweer dat dit vandag 'n rariteit is om in die algemene ontwikkelingsliteratuur nié 'n verwysing te vind na die behoefte om mense op grond= vlak te laat deelneem aan besluitneming, beplanning en implementering van gemeenskapsontwikkelingsprojek= te nie. Burke (1975, p196) beskou gemeenskapslede as die "ultimate voice" in gemeenskapsbesluitname. Hy stel dit duidelik dat gemeenskapslede moet deel hê aan die besluite wat hulle direk raak: "Any= thing less is a betrayal of the democratic tradition" (Burke, 1975, p196).

Betrokkenheid gaan verder as bloot die erkenning van die gemeenskapslede se demokratiese reg in besluit= name. Dit behels veral die aktiewe samewerking van die gemeenskapslede in die implementering van ge= meenskapsontwikkelingsprojekte. Samewerking van die gemeenskap bly egter 'n ideaal van gemeenskapsontwik= keling wat nie altyd verwesenlik word nie (Moody, 1980, p47). Cary (1970, p145) wys daarop dat sommige gemeenskapslede dikwels nie eens daarvan bewus is dat daar geleenthede vir koöperatiewe pogings bestaan nie. Soms is daar nie 'n sterk gemotiveerdheid by

baie lede nie of verkies sommige om nie deel te neem nie as gevolg van basiese beginselverskille omtrent die betrokke projek of aksie. In die ontwikkelde konteks kan 'n gees van individualisme en moontlike "gemeenskaps-apatie" ook as rede aangevoer word. Konflikterende belangegroepe is in baie gevalle 'n struikelblok in die weg van bevredigende gemeenskaps=deelname.

Die bereiking van gemeenskapskonsensus en die motive=ring van die lede kan gereken word as twee kernaspekte van gemeenskapsbetrokkenheid.

.1 Konsensus

Cary (1970, p144) stel die verband tussen deelname en konsensus in perspektief wanneer hy opmerk dat same=werking 'n inherente deel van die gemeenskapsontwik=kelingsproses is en dat samewerking van gemeenskaps=lede tot 'n hoë mate verseker word deur die bereiking van konsensus omtrent die weslikheid en aard van die voorgestelde verandering. Die konsensus moet derhalwe sterk genoeg wees om 'n program van aksie te inisieer wat die goedkeuring geniet van die meerderheid persone wat deelneem aan die gemeenskapsontwikkelingsfasili=teite.

Die begrip "konsensus" hang ook ten nouste saam met die begrippe "solidariteit", "samewerking" en "ge=

meenskapsintegrasie". Ross (1967, p52) beskou gemeenskapsintegrasie as een van die hoekstene van enige gemeenskapsaktiwiteit. Volgens hom kan gemeenskapsintegrasie ook dui op "gemeenskapsmoraal". Die bereiking van konsensus of integrasie binne gemeenskapsverband is altyd onderworpe aan die sosiologiese realiteit van verskeie subgroepe binne die geografiese gemeenskapsgrense. Hierdie groepe verteenwoordig dikwels uiteenlopende en soms konflikterende belange. Hoewel die ideaal van gemeenskapskonsensus waarskynlik geleë is in "eenheid te midde van verskeidenheid", is verskeidenheid dikwels meer opvallend as eenheid (Ross, 1967, p53). Daar moet voortdurend gepoog word om konflikterende verskille te versoen; binne die algemene belang van die gemeenskap te inkorporeer en terselfdertyd 'n algemene verwysingsraamwerk daar te stel waarbinne almal kan saamwerk met die oog op die bereiking van 'n meer stabiele en ontwikkelde gemeenskap. Soos Ross (1967, p53) tereg opmerk, is gemeenskapsintegrasie nie iets wat vanself kom nie, maar dit word verwesenlik deur daadwerklike pogings van alle betrokke partye in 'n proses van samewerking, onderhandeling en respek — "as people rub shoulders in common tasks, as people share consciously in common projects, as they seek common goals".

Die sukses van geïntegreerde organisasie in gemeenskapsontwikkeling is volgens Ferrinho (1980, p75) afhanklik van die aanvaarding van 'n gemeenskaplike

<u>ideologie</u> wat deur al die lede (of byna al die lede) van ŉ betrokke geografiese gemeenskap gesteun word. Indien sodanige konsensus nie bestaan nie, kan dit lei tot konflikterende subgroepe wat kan weier om aan die algemeen-aanvaarde ontwikkelingsplan deel te neem en selfs dié plan se implementering kan dwars=boom. Die ontwikkeling van subgroepe as aparte enti=teite kan derhalwe aanleiding gee tot sosiale spanning binne die gemeenskap wat potensieel gevaarlik is vir die sukses van gemeenskapsontwikkeling.

Subgroepe kan eweneens ook as stimulante vir ge=meenskapsontwikkeling dien en meewerk aan die konsen=sus. Ferrinho (1980, p77 e.v.) bespreek die rol van vrywilligerorganisasies as voorbeeld van subgroepe wat meehelp aan die mobilisering van gemeenskapslede om aktief deel te neem aan gemeenskapsontwikkeling. Hy beklemtoon die argument dat vrywilligerorganisa=sies aan die individu se lewe persoonlike en sosiale betekenis verskaf omdat hy besef dat hy aan ŉ groep behoort wat die mag het om beslissings (ekonomies, sosiaal en polities) wat sy individuele bestaan raak, te beïnvloed (Ferrinho, 1980, p77. Vgl. ook Charles Mehana, 1980, p108 e.v. se uiteensetting van die "Pensinsula Youth Association" se aktiwiteite as vrywilligerorganisasie).

Die "Regional and Community Development Section" van die Verenigde Volke Organisasie (1971, p150) verklaar

dat die oorbeklemtoning van konsensus tog ook 'n struikelblok vir gemeenskapsontwikkeling kan wees. Sodanige oorbeklemtoning deur die ontwikkelingsagent mag in sommige gevalle dien as "pretext for the domi=nant groups in the community to control individuals and groups challenging consensually-determined goals and means". Clinard (1966, p315) wys in dié verband ook daarop dat die ontwikkelingsagent deeglik kennis moet neem van die magstruktuur van die gemeenskap en dat hy dié se invloed op die funksionering van die gemeen=skap en subgroepe moet ontleed. Moody (1980, p47) beweer dat daar in die verlede 'n tendens ontstaan het by agente vir landelike ontwikkelingsprogramme om hulle by die bestaande elite te skaar terwille van konsensus, maar dat die meeste van die ontwikkelings=pogings in laasgenoemde party se guns geëndig het.

.2 Motivering

Die aktivering van mense om deel te neem aan gemeen=skapsontwikkeling impliseer onder andere dat hulle uit innerlike oortuiging hulleself daartoe gemoti=veer voel. Devitt (Moody, 1980, p51) merk tereg op dat ontwikkeling aangemoedig en gestimuleer kan word, maar dat dit nie afgeforseer kan word nie.

Motivering en aansporing is van die grootste belang vir die uiteindelike sukses van gemeenskapsontwikke=ling. Du Preez (1981, p185) haal Pottas aan wat

skryf dat motivering 'n filosofie is; 'n lewenswyse gefundeer op die begeertes en behoeftes van mense. Dit kan gesien word as die skep van 'n klimaat waarin elke individu homself aanspoor om sy beste te lewer. Om die aktiewe deelname van mense in gemeenskapsont= wikkeling te verkry, is dit nodig dat die houding van mense sodanig verander moet word dat hulle as groep gemobiliseer is (Ferrinho, 1980, p74).

Rothman e.a. (1979, p385) is van mening dat die graad van vrywillige deelname in 'n organisasie afhanklik is van die voordele wat sodanige deelname vir die indivi= du inhou en ook die mate waartoe hierdie voordele be= skou word as 'n direkte gevolg van die individu se deelname. Dieselfde veralgemening kan dan ook van toepassing gemaak word op deelname in gemeenskapsont= wikkeling — die individu moet voel dat daar vir hom 'n persoonlike voordeel is in die proses van deelname. Wanneer die antwoord op dié vraag bevestigend is, sal die individu uit die aard van die saak meer gemotiveerd wees om aktief deel te neem aan die gemeenskapsontwik= kelingsprojekte.

Du Preez konsentreer op motivering as innerlike deter= minante en prosesse wat 'n persoon se gedrag in 'n se= kere rigting aktiveer. Aansporing impliseer eksterne metodes en aksies waardeur 'n individu geaktiveer word vir die bereiking van 'n sekere doel. Vanuit hierdie raamwerk onderskei hy dan tussen indirekte motivering,

nie-direktiewe motivering en direktiewe motivering as motiveringsmetodes in gemeenskapsontwikkeling (vgl. Du Preez, 1981, p184 - 199 vir 'n volllediger uiteensetting).

Dit blyk uit die voorafgaande dat gemeenskapsbetrokken=heid bewustelik gestimuleer kan word. Die "Economic Commission for Latin Ameria" (1973, p77 e.v.) stel voor dat 'n prakties-implementeerbare benadering tot gemeen=skapsdeelname gevolg kan word met die uitgangspunt dat elke gemeenskap uit bepaalde sosiale eenhede bestaan. Sodanige eenhede kan in die vorm van sosiale organi=sasies as operasionele basis dien vir die mobilisering van die gemeenskap. Die organisatoriese basis van mobi=lisering vir gemeenskapsbetrokkenheid kan volgens die volgende kriteria geskied (Economic Commission for Latin America, 1973, p82):

- volgens die belangrikste gemeenskaplike belange van lede van sosiale eenhede (bv. as produsente; ge=sinshoofde; aanhangers van bepaalde godsdiens-domina=sies; ontvangers van sekere openbare maatskaplike dienste en dies meer);

- volgens die belangrikste vorme van gemeenskapsak=tiwiteite (bv. die werwing van stemme; aktiwiteite rondom georganiseerde koop en verkoop; georganiseerde "self-help"-aktiwiteite);

- in terme van die politieke,ekonomiese, sosiale of ander rolle wat gemeenskaplike belange van gemeen=skapslede impliseer (bv. politieke partye; ekonomiese en sosiale verenigings, wat onder meer vakbonde en sportliggame insluit).

Bogenoemde sosiale eenhede kan elkeen op die een of ander wyse benut word om die gemeenskap op grondvlak te bereik en 'n mobiliseringspoging van stapel te stuur om sodoende die betrokkenheid van mense by ge=meenskapsontwikkeling te bevorder (vgl. ook Ferrinho, 1980, p74 e.v.).

## SAMEVATTING

Gemeenskapsontwikkeling, as benadering om die lewens=kwaliteit van mense te verhoog, het sedert die Tweede Wêreldoorlog gaandeweg as 'n afsonderlike ontwikke=lingsperspektief ontwikkel. Daar bestaan nog baie vrae omtrent die presiese aard van die teorie en prak=tiese implementering van gemeenskapsontwikkeling. Nieteenstaande die ambivalensie van die begrip "ge=meenskapsontwikkeling", kan daar beweer word dat dié benadering 'n universele inslag vertoon, veral in die Derde Wêreldlande. Hoewel daar verskeie definisies bestaan wat dikwels verskillende aspekte van ge=meenskapsontwikkeling beklemtoon, word dié benadering hoofsaaklik vanuit vier perspektiewe beskryf, nl. as 'n proses, metode, program of beweging.

Ongeag die kontekstuele verskeidenheidsaard van ge= meenskapsontwikkeling, is dit duidelik dat enkele komponente daarvan universeel aanvaar word as essen= siële filosofiese en praktiese grondbeginsels. Ge= meenskapsontwikkeling is veral gegrond op die idee van "self-help". Verskeie skrywers is dit eens dat ge= meenskappe aangemoedig, ondersteun en in die vermoë gestel moet word om vanuit eie inisiatief en die benutting van eie potensiaal tot 'n hoër en meer leef= bare vlak van ontwikkeling te groei. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die gemeenskap op grond= vlak daarin moet slaag om bestaande hulpbronne aktief te benut in 'n poging om vooruit te gaan. Eksterne hulpbronne moet weliswaar ook benut word, maar die gemeenskap mag nie passief net op eksterne hulp alleen aangewese voel vir ontwikkeling nie.

Die samewerking en deelname van soveel moontlik ge= meenskapslede moet voortdurend gesoek word in ontwik= kelingspogings. Die staat kan nie alleen verantwoor= delikheid aanvaar vir ontwikkeling nie. Die Staat moet wel so ver moontlik die nodige ontwikkelings= geleenthede skep wat 'n gunstige klimaat voorsien vir die suksesvolle ontwikkelingspogings wat uit ge= meenskappe se eie geledere voortspruit. Die klem word voortdurend geplaas op die selfstandige betrokkenheid van gemeenskappe by die benutting van eie hulpbronne, hetsy mensepotensiaal of natuurlik-fisiese hulpbronne.

Gemeenskapsontwikkeling beoog dus ontwikkeling in die sin van maatskaplike, ekonomiese, fisiese en politieke vooruitgang en groei wat die resultaat is van gesament= like owerheids- en plaaslike gemeenskapsinsette. Deur gemeenskapsontwikkeling word gestreef na die ideaal om 'n meer menswaardige bestaan vir alle lede van 'n betrokke samelewing en gemeenskap te verseker. Vanuit sodanige vertrekpunt kan gemeenskapsontwikkeling dan as uiters geskik beskou word om oorweeg te word as wetenskaplike benadering vir die stimulering van ge= balanseerde ontwikkeling in stedelike agterbuurte.

Die praktiese implementering van die gemeenskaps= ontwikkelingsteorie moet egter voorafgegaan word deur deeglike beplanning en organisasie. Beplanning en enkele aspekte van die implementering van gemeenskaps= ontwikkeling sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 4

## DIE BEPLANNING VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN DIE STEDELIKE AGTERBUURT

### 1. INLEIDING

Doeltreffende beplanning is sekerlik een van die mees essensiële komponente van die gemeenskapsontwikkelings= benadering. Beplanning kan weliswaar beskou word as "vooraf-navorsing". Dit is gemoeid met konkrete oplossings vir gemeenskapsprobleme; met watter strategieë, breë doel= stellings en besondere doelwitte dit aangepak sal word; asook wanneer en hoe hierdie oplossings gerealiseer kan word (vgl. Ferrinho, 1980, p62). Beplanning is nie net 'n eenma= lige taak wat op 'n spesifieke tydstip beëindig word nie - dis veel eerder 'n voordurende proses van aktiwiteite. Ross (1967, p136) beweer: "Planning ... represents the whole act, from the stirring of consciousness about a problem to the action taken to resolve that problem". Beplanning is derhalwe 'n georganiseerde en doelgerigte reeks aktiwiteite om bestaande probleme die hoof te bied en toekomstige probleme te voorkom deur die daarstel van prakties-uitvoerbare oplos= sings. Die implementering van sodanige oplossings moet ook evalueer word om die sukses daarvan te peil. Weer eens moet daar dus beplan word: indien geïmplementeerde oplossings byvoorbeeld nie suksesvol was nie, moet beplan word om die besondere probleem op 'n alternatiewe wyse op te los.

Die beplanning van gemeenskapsontwikkeling in die stedelike agterbuurt moet altyd rekening hou met die besondere aard van die gemeenskap vir wie daar beplan word (bv. probleme en behoeftes); strategieë om probleme eie aan die gemeenskap te oorkom; voorwaardes en moontlikhede vir die suksesvolle implementering van oplossings (bv. negatiewe en positiewe hulpbronne wat òf elimineer òf benut kan word); en die daarstel van alternatiewe wyses van probleemoplossing en -voorkoming. Bogenoemde beplanningskomponente behoort voortdurend te geskied teen die agtergrond van die basiese rasionaal van gemeenskapsontwikkeling, naamlik dat gemeen= skappe se potensiaal so doeltreffend moontlik vanuit 'n ontwik= kelingsperspektief ge-eksploiteer moet word om 'n selfstandige en stabiele gemeenskap te skep en die lewenskwaliteit van gemeenskapslede te verbeter.

Die agent van gemeenskapsontwikkeling, hetsy 'n welsynsorgani= sasie, plaaslike of nasionale owerheid, moet in gedagte hou dat die ontwerp van 'n plan vir gemeenskapsontwikkeling 'n multi-fase-proses is, gespesifiseer in terme van elke afsonderlike gemeenskap en dié se behoeftes en probleme. Die gemeenskapsontwikkelingsplan behoort 'n georganiseerde raamwerk vir besluitneming omtrent gemeenskapsontwikkelings= projekte daar te stel. Hoewel elke gemeenskap, bv. elke besondere agterbuurt, as uniek beskou moet word, is daar tog breë beginsels wat geld as oorkoepelende riglyne wanneer daar vir gemeenskapsontwikkeling beplan word. In hierdie hoofstuk sal enkele van dié veralgemeende komponente van beplanning bespreek word.

## 2. SITUASIEBEPALING EN INLIGTINGVERSAMELING

Dit volg byna as 'n logiese voorveronderstelling dat gemeenskapsontwikkeling nie in 'n gemeenskap geïnisieer kan word alvorens die agent vir gemeenskapsontwikkeling en die gemeenskapswerker nie 'n deeglike voorstudie van dié besondere gemeenskap gedoen het nie. Gemeenskapsontwikkelingsprojekte durf nie op lukraak wyse van stapel gestuur te word nie. Dit is reeds in die verlede bewys dat verskeie gemeenskaps=ontwikkelingsprojekte ernstig skipbreuk gelei het omdat dié voorveronderstelling van gemeenskapsontwikkeling nie nagekom is nie (vgl. die "Regional and Community Development Section" van die V.V.O., 1971, p418 en hoofstuk 3, afdelings 2.1 en 7.2). Situasiebepaling en inligtingversameling is derhalwe 'n onontbeerlike stap in die beplanningsproses (vgl. du Preez, 1981, p95 e.v.).

### 1 'n Gemeenskapstudie

Belangrike inligting - wat die aard van beoogde projekte sal bepaal - word reeds verkry deur 'n sosiologiese gemeenskap=studie te onderneem. Met verwysing na die agterbuurt, moet die gemeenskapswerker eers die "gemeenskapsatmosfeer" peil alvorens enige beplanning gedoen kan word. Hunter (1964, p18) verwys in dié verband na die psigiese komponente van agterbuurtbewoning waarvan die gemeenskapswerker kennis moet neem. Dit behels onder meer die houding van die agterbuurt=bewoners jeens die agterbuurt as sodanig; jeens verandering

van die woonbuurt en huidige lewensomstandighede in die algemeen; jeens die kanse wat bestaan om "vry te kom" van die agterbuurtkultuur indien só verkies; asook kennisname van ander aspekte kenmerkend van die sosiaal-psigiese aard van agterbuurtbewoning (vgl. hoofstuk 2, afdeling 5.2 vir 'n uiteensetting van sodanige kenmerke).

Dit is ook belangrik dat daar vanuit 'n gemeenskapstudie inligting verkry kan word omtrent ander kenmerke van die agterbuurtgemeenskap wat bestudeer word - onder meer die fisies-geografiese, demografiese, ekonomiese, tegnologiese en kulturele elemente (vgl. Ferrinho, 1980, p65).

Die belangrikheid van gemeenskapsbetrokkenheid tydens die beplanning van gemeenskapsontwikkeling kan byna nie genoeg beklemtoon word nie (vgl. afdeling 5.2.). Reeds tydens die gemeenskapstudie kan die gemeenskap aktief betrek word. Die gemeenskap kan tydens dié fase bewus gemaak word van die be=oogde gemeenskapsontwikkelingspoging deurdat gemeenskapswerkers en ander organiseerders fisies tussen gemeenskapslede begin rondbeweeg en verhoudinge opbou. Vraelyste kan by wyse van posstukke aan gemeenskapslede gestuur word of persoonlik hanteer word deur veldwerkers. Gemeenskapsleiers kan geïdentifiseer en gepols word omtrent die aard van die gemeenskap en die moontlikhede van gemeenskapsontwikkeling. Tydens die gemeenskapstudie kan bestaande gemeenskapskomitees van groot hulp wees om 'n gemeenskapsprofiel saam te stel. Daar kan ook gemeenskapskomitees georganiseer word vir dié

doel. Sosiale organisasies kan ook aangespoor word om 'n rol te speel in die gemeenskapstudie, terwyl daar terselfder= tyd reeds 'n begin gemaak word om mobilisering van die gemeenskap langs dié weg te bewerkstellig (vgl. hoofstuk 3, afdeling 8.1; Ross, 1967, p140; King, 1965, p103 e.v.; Ferrinho, 1980, p64).

## 2.2 Inhoud van 'n gemeenskapstudie

Die volgende is in kort 'n uiteensetting van die belangrik= ste inligting wat met behulp van 'n gemeenskapstudie verkry behoort te word (vgl. Young, 1966, e.v.; en Schoeman, 1979, p354 e.v.):

### 2.2.1 Algemene agtergrondinligting

Dit behels inligting omtrent die historiese agtergrond van die besondere agterbuurtgemeenskap wat bestudeer word; in= ligting omtrent die fisiese eienskappe van die gemeenskap en die moontlike maatskaplike invloed daarvan op die stabi= liteit van die gemeenskap as geheel; asook 'n kort beskry= wing omtrent die tipiese maatskaplike aard van die gemeen= skap.

Wat die fisiese kenmerke van die gemeenskap betref, kan daar byvoorbeeld gelet word op die aard van behuising. In hoofstuk

2 (afdeling 4.1) is reeds gewys op bepaalde maatskaplike in= vloede van swak behuising soos die geval gewoonlik in stede= like agterbuurte is. Die lae standaard van behuising in stedelike agterbuurte word deur sommige skrywers in direkte verband gebring met die tendens dat agterbuurtbewoners maklik die prooi word van aansteeklike siektes. Sommiges meen dat swak woonomstandighede 'n atmosfeer skep waarin patologiese gedragsverskynsels makliker kan gedy, terwyl ander van oor= tuiging is dat verbeterde behuisingsomstandighede bydra tot 'n algemene verbetering van die maatskaplike en psigiese sta= biliteit van agterbuurtinwoners. Dit is belangrik om tydens die fase van algemene inligtingversameling die nodige agter= grondinligting te verkry om bogenoemde aannames mee te staaf of te verwerp en voorsiening te maak vir die inkorporering van die bevindings by die beplanning van gemeenskapsontwik= keling.

Wat die demografiese aspekte van die agterbuurtgemeenskap be= tref, kan daar bv. gelet word op statistiese gegewens rakende die gemiddelde geboorte- en sterftesyfers van inwoners. In hoofstuk 2 (afdeling 5.1.1) is verwys na die tendens dat hoë fertiliteitsyfers dikwels 'n sosiale realiteit in agterbuurte is. Die sosio-ekonomiese invloed van só 'n tendens is ge= woonlik nie bevorderlik vir progressiewe ontwikkeling nie. Dit impliseer dat daar gekyk sal moet word na die doeltref= fendheid van gesinsbeplanningsdienste in die gemeenskap en hoe dit bevorder kan word (vgl. ook die bylae, afdeling

5.2.1). Sterftesyfers kan belangrike inligting verskaf wat in verband gebring kan word met die algemene gesond=heidstoestand van die gemeenskap wanneer die gemiddelde sterftesyfers vir onderskeie ouderdomsgroepe gemeet word aan 'n algemeen-aanvaarde norm. Beplanning vir die verbete=ring van kliniekdienste in die gemeenskap is dikwels no=dig (vgl. die bylae, afdeling 5.2.2). Bogenoemde dienste kan verbeter word deur middel van die aktiewe betrokkenheid van die gemeenskap by gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat toegespits is op die vervulling van behoeftes van sodanige aard.

.2.2 Die gemeenskap as 'n samestelling van sosiale en kulturele groeperings

Dit is belangrik om kennis te neem van die aard en in=vloed van die sosiale en kulturele samestelling van 'n ag=terbuurtgemeenskap. Daar kan byvoorbeeld gevra word of die gemeenskap 'n hoë mate van homogeniteit vertoon; wat die aard van kontakte tussen verskeie kultuurgroepe is; wat die om=vang en invloed van konflik tussen onderskeie sosiale groepe is; hoe die oortuigings en waardes van onderskeie sosiale groepe die algemene sosiale organisasie van die gemeenskap raak, en so meer (vgl. Young, 1966, p525 - 526).

In terme van die homogeniteit van die gemeenskap, is daar in hoofstuk 2 (afdeling 5.2.1) verwys na die aard van

sosiale kohesie wat dikwels in agterbuurte aangetref word. ŉ Gemeenskapstudie kan belangrike inligting vrystel omtrent die mate waartoe gemeenskapslede met hulle woonbuurt iden=tifiseer. Daar kan kategorieë mense geïdentifiseer word wat ŉ positiewe houding openbaar en ander wat ŉ negatiewe houding jeens hulle gemeenskap vertoon. Sodanige inligting is belangrik vir die implementering van gemeenskapsontwik=kelingsprojekte omdat beide dié kategorieë mense ŉ invloed op die sukses of mislukking van gemeenskapsontwikkeling mag hê. Die positief-gesindes kan geïdentifiseer word as <u>mobi=liseringsagente</u> wat ŉ belangrike rol kan speel in die pro=pagering van die doelstellings en aard van gemeenskapsont=wikkeling - veral om die negatief-gesindes se houding te probeer verander. (Hierdie aspek hou verband met gemeenskaps=ontwikkeling as beweging, soos in hoofstuk 3, afdeling 5.4 bespreek; en ook met gemeenskapsbetrokkenheid, soos in hoofstuk 3, afdeling 8 bespreek).

Jeugbendes is byvoorbeeld een van die informele sosiale groepe wat in die stedelike agterbuurt geïdentifiseer kan word. Die invloed van jeugbendes is dikwels ŉ faktor wat nie misgekyk mag word wanneer die agterbuurtgemeenskap sosiologies geanaliseer word nie. In hoofstuk 2 (afdeling 5.2.2) is gewys op die rol wat bendegroepe speel in die eiesoortige sosiale organisasie van die agterbuurt. Die aktiwiteite van dié bendes kan deur gemeenskapswerkers taktvol gekanaliseer word sodat dit ŉ rol speel in die ver=wesenliking van die algemene gemeenskapsontwikkelings=doelstellings. Brindley (1976, p35) skryf: "It would

therefore seem that rehabilitative work with gangsters should be conducted via individual as well as group methods, and that constructive activities for children of different ages should be organized and incorporated in va= rious community programmes". 'n Deeglike gemeenskapstudie in terme van bogenoemde kan derhalwe van groot waarde wees in die beplanning en uiteindelike implementering van ge= meenskapsontwikkeling.

### ?.2.3 Die gemeenskap as 'n samestelling van sosiale tipes

'n Deeglike gemeenskapstudie sal dit moontlik maak om in= ligting te verkry omtrent die tipiese psigo-sosiale aard van die agterbuurtinwoners. Daar kan reeds gelet word op die invloed van die psigo-sosiale samestelling van die ge= meenskap op die beoogde gemeenskapsontwikkelingspoging. Struikelblokke, teikengroepe en menslike potensiaal kan reeds tot 'n groot mate bepaal word (vgl. Young, 1966, p526 - 527 vir 'n meer volledige uiteensetting).

Die navorser kan byvoorbeeld probeer bepaal tot watter mate die besondere agterbuurt wat bestudeer word as 'n "slum of hope" of 'n "slum of despair" tipeer kan word (vgl. hoofstuk 2, afdeling 3.2). Daar kan aanvaar word dat die inwoners wat die agterbuurt beskou as 'n "halfweg= stasie", sekere psigo-sosiale eienskappe sal vertoon wat beide 'n negatiewe en positiewe gevolg vir gemeen= skapsontwikkeling sal inhou. Hierdie psigo-sosiale

groep mag dalk nie belangstel in gemeenskapsontwikkeling nie omdat hulle slegs tydelike inwoners is wat nie veel omgee vir die opheffing van die agterbuurt as woonbuurt nie. Aan die ander kant mag hulle dalk die beoogde ge= meenskapsontwikkelingspoging steun om sodoende hulle eie sosio-ekonomiese posisie te verbeter wat 'n groter moont= likheid daarstel om in die breër stedelike gemeenskap op= geneem te word. Hoewel hulle dan tog die agterbuurt sal verlaat, help dit nietemin om hulle steun te verkry omdat gemeenskapsontwikkelingsprojekte ten doel het om die le= wenskwaliteit van mense te verhoog - ongeag die moont= likheid dat sommiges nie in die agterbuurt sal aanbly indien die doelstellings van gemeenskapsontwikkeling in hulle geval gerealiseer het nie. Die "despair"-tipe moet sover moontlik as 'n teikengroep identifiseer word sodat 'n poging aangewend kan word om hulle passiewe lewenshouding te verander en hulle te betrek by gemeenskapsontwikkelings-projekte. Daar kan reeds tydens die beplanningsfase gedink word aan die moontlikheid dat die gemeenskapswerker by die implementering van gemeenskapsontwikkeling gebruik sal moet maak van motiveringstegnieke om gemeenskapsbetrok= kenheid op bevredigende wyse te bewerkstellig (vgl. hoofstuk 3, afdeling 8.2).

In die psigo-sosiale ontleding van die agterbuurt kan die beplanner hom laat lei deur die psigo-sosiale tipologie van agterbuurtbewoners soos deur John Seeley (1970)

opgestel. Van Seeley se vier tipes agterbuurtbewoners, kan die permanente behoeftiges veral uitgesonder word as die tipe wat die sg. "hard core" is, en in die weg van 'n suksesvolle implementeringspoging van gemeenskapsontwik=keling staan (vgl. hoofstuk 3, afdeling 3.3.1). Hierdie tipe mag selfs uitgesonder word as besondere teikengroep vir die loods van 'n bepaalde gemeenskapsontwikkelingspro=jek wat daarop ingestel is om 'n vermindering van die getal afwykendes in die agterbuurt teweeg te bring. Die sub=tipes wat die permanente behoeftiges verteenwoordig, is die trae, apatiese subtipe, d.w.s. die groep wat verval het in 'n skynbaar onomkeerbare sukkelbestaan, asook die groep wat uit dwelmslawe, prostitute en ander afwykendes bestaan. Hierdie mense is kenmerkend van die agterbuurt wat volgens Bergel (1955, p417) in die stedelike oorgang=sone voorkom (vgl. hoofstuk 2, afdeling 3.1). Volgens Seeley se klassifikasie, is die tydelike oppertuniste die groep wat 'n positiewe bydrae tot ontwikkeling kan maak en hulle behoort tydens die gemeenskapstudie geïdentifiseer te word as 'n belangrike teikengroep wat moontlik aktief sal deelneem aan gemeenskapsontwikkelingsprojekte (vgl. hoofstuk 2, afdeling 3.3.4).

?.2.4 <u>Die gemeenskap as 'n samestelling van sosiale instellings</u>

Sosiale instellings in 'n gemeenskap behels nie net sulke formele sosiale strukture soos skole, kerke en opvoed=

kundige inrigtings nie, maar ook organisasies soos sosiale klubs en ontspanningsorganisasies. Hierdie instellings moet deeglik geken word om te bepaal watter rol hulle kan speel in die mobilisering van die agterbuurtgemeenskap vir gemeenskapsontwikkeling. Daar moet egter ook gelet word op die afwesigheid of ondoeltreffendheid van dié instel= lings en die nadelige invloed daarvan op die gesonde funksionering en ontwikkeling van die gemeenskap. Weer eens kan daar reeds ʼn "voorskou" van teikengroepe en be= sondere probleme wees wat later deel kan word van die gemeenskapsontwikkelingspoging wanneer die plan ge= ïmplementeer word. Daar moet minstens gelet word op die aard, rol en invloed van die plaaslike owerheid; ekono= miese instellings; sport en ontspanningsfasiliteite; gesondheidsorganisasies; die opvoedkundige sisteem; godsdiensorganisasies en welsynsorganisasies (vgl. Young, 1966, p528 e.v.).

In hoofstuk 3 (afdeling 8) is daarop gewys dat sosiale eenhede in die gemeenskap ʼn belangrike rol kan speel in gemeenskapsbetrokkenheid wanneer gemeenskapsontwikkelings= projekte van stapel gestuur word. Sodanige sosiale eenhe= de kan, in die vorm van sosiale organisasies, dien as operasionele basis vir die mobilisering van gemeenskaps= ontwikkeling en moet derhalwe reeds tydens die beplannings= fase in berekening gebring word.

In hoofstuk 3 (afdeling 6.1.2) is ook gewys op die be=

langrike rol wat verskeie sosiale subsisteme speel in die gesonde funksionering van die gemeenskap as geheel=sisteem. Die ontoereikendheid van onderwys- en oplei=dingsgeleenthede kan reeds tydens die sosiologiese voorstudie geïdentifiseer word as belangrike priori=teitsterrein wat veel aandag moet geniet wanneer ge=meenskapsontwikkelingsprojekte beplan word (vgl. hoofstuk 3, afdeling 6.1.2). Die onvoldoende beskik=baarheid van ontspanningsfasiliteite is in hoofstuk 2 (afdeling 4.4) uitgewys as 'n realiteit in anders=kleurige gemeenskappe in S.A. - 'n onvervulde behoefte wat veral in stedelike agterbuurte 'n rol kan speel in die ontstaan van onrus en ontevredenheid. Die ge=meenskap kan tot 'n groot mate aangemoedig word om deur middel van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek <u>self</u> in hierdie behoefte te voorsien, soos die geval bv. in Taiwan is (vgl. die bylae, afdeling 5.2.1). 'n Ont=leding van die ontspanningsbehoeftes van die gemeenskap kan inligting voorsien waarop die latere stimulering van ontspanningsklubs gebaseer kan word.

Met verwysing na jeugprobleme in 'n stedelike Swart ge=meenskap, noem Schoeman (1979, p382) dat daar in die beplanning van gemeenskapsontwikkeling onder meer voor=siening gemaak moet word vir die ontwikkeling en ves=tiging van gemeenskapstrukture, soos kultuurorganisasies en jeugorganisasies wat 'n stabiliserende en maatskap=lik-kontrolerende funksie te vervul het, asook die

voorsiening van genoegsame ontspanningsfasiliteite wat die behoeftes van die jeugdige bevolking sal bevredig. Daar moet ook aandag gegee word aan die aktivering van die bestaande aksiesisteme in die gemeenskap, soos die kerk-, kultuur-, sport- en welsynsorganisasies, om in hulle programme vir die jeug se behoeftes voorsiening te maak. 'n Sosiologiese gemeenskapstudie kan derhalwe van groot waarde wees om die aard van sodanige orga= nisasies se aktiwiteite te ontleed. Op grond van die bevindinge kan aanbevelings gemaak word omtrent die rol wat dié organisasies kan speel in die bevor= dering van die doelstellings van gemeenskapsontwikke= ling in die stedelike agterbuurt.

Die algemene beeld wat van die gemeenskap gevorm word tydens die fase van situasiebepaling en inligtinginsa= meling moet voortdurend geskied teen die agtergrond van die oorkoepelende rasionaal van gemeenskapsontwik= keling, soos reeds vroeër gemeld. Gevolgtrekkings om= trent die aard van die gemeenskap mag nie op lukraak wyse gemaak word nie. Die kriteria wat gebruik word, is soms moeilik om te spesifiseer, maar daar kan twee breë riglyne aangedui word wat van toepassing kan wees, naamlik 'n spesifisering van die totale funk= sionering van die gemeenskap om te bepaal of dit sodanig is dat dit voldoen aan die vereistes wat in die groter samelewing geld ten opsigte van

menswaardige lewensomstandighede (vgl. hoofstuk3, afdeling 6.4); en 'n spesifisering van dominante behoeftes wat by die gemeenskapslede geïdentifiseer kan word. Dit is byna voor die hand liggend dat die eerste kriterium bykans altyd 'n "negatiewe" kleur sal hê in die geval van agterbuurte. Die vraag na die eie behoeftes van die gemeenskapslede is nie so maklik om te beantwoord nie en verg deeglike bestudering. Maatskaplike behoeftebepaling is derhalwe 'n baie belangrike fase in die beplanningsproses wat nie sonder meer oor die hoof gesien mag word wanneer suksesvolle gemeenskapsontwikkeling geïmplementeer wil word nie.

## 3. MAATSKAPLIKE BEHOEFTEBEPALING

### 3.1 Omskrywing van maatskaplike behoeftes

Maatskaplike behoeftes is tradisioneel op emosioneel-negatiewe wyse beskryf met verwysing na aspekte soos alkoholisme, aliënasie, armoede en so meer. Hierdie indikasie van menslike deprivasie en frustrasie is doeltreffende wyses om reaktiewe oplossings te aktiveer. Die "League of California Cities" (1979, p328) wys egter daarop dat dit meer doeltreffend skyn te wees om maatskaplike behoeftes te omskryf vanuit 'n breër en meer omvattende raamwerk. Maatskaplike behoeftes word dan omskryf as daardie menslike benodigd=

hede" wat essensieel is vir oorlewing, groei en ver=vulling. Dit sluit in alle sogenaamde basiese be=hoeftes (soos doeltreffende huisvesting) asook alle behoeftes van 'n sogenaamde "hoër orde" (soos persoon=like selfverwesentliking). Hierdie behoeftes en die vervulling daarvan kan deur individuele gemeenskappe omskep word in konkrete doelstellings wat nagestreef moet word. Dit kan ook dien as medium-standaarde vir die evaluering van plaaslike omstandighede en die graad van vooruitgang (vgl. die "League of California Cities", 1979, p328

Maatskaplike behoeftes is altyd aanwesig in enige sa=melewing en gemeenskap. Daar kan gestel word dat maatskaplike probleme ontstaan wanneer die minimum=standaarde vir bepaalde behoeftevervullingsvereistes nie nagekom word nie. Die doel van maatskaplike be=hoeftebepaling is dan om daardie behoeftes te identi=fiseer wat nie na behore vervul word binne gemeenskaps=verband nie.

## .2 Tipes maatskaplike behoeftes

Bradshaw (1977, p290 e.v.) onderskei tussen vier tipes maatskaplike behoeftes, naamlik normatiewe, gevoelde, vereiste en vergelykende behoeftes.

### 3.2.1 Normatiewe behoeftes

Normatiewe behoeftes is die behoeftes wat deur 'n pro= fessionele persoon, akademikus, administrateur of ge= meenskapswerker definieer word in terme van enige "ge= wenste" toestand. Die gemeenskapswerker mag die om= standighede in 'n stedelike agterbuurt wel deeglik en akkuraat bepaal aan die hand van die kriterium vir maatskaplike behoeftes, maar daar is tog die gevaar van 'n paternalistiese houding of 'n ongevoeligheid vir die ware behoeftes van die gemeenskap (vgl. Bradshaw, 1977, p290 en Schoeman, 1979, p352 - 353).

In hoofstuk 3 is reeds verwys na die gevaar van 'n pa= ternalistiese benadering wanneer gemeenskapsontwikke= ling geïmplementeer word. Soos aangetoon, het die Angel-saksiese en Amerikaanse ontwikkelingshulp in Derde Wêreldlande tot 'n groot mate skipbreuk gely omdat die ware behoeftes van die mense op grondvlak nie in ag geneem is nie. Die duur les wat die Engel= se moes leer, was dat ontwikkeling nie sonder kwalifi= kasie "uitgevoer" of op mense afgedwing kon word nie, veral nie wanneer die metodologie en perspektief wat daarmee gepaard gaan 'n inbreuk maak op die norm- en waardesisteem van die mense vir wie die ontwikkelings= hulp bedoel is nie (vgl. hoofstuk 3, afdeling 2.1).

Een van die universeel-aanvaarde beginsels van gemeen=skapsontwikkeling is dan juis dat ontwikkeling geba=seer moet wees op die gevoelde behoeftes van mense - 'n beginsel wat voortspruit uit die erkenning van 'n basiese respek vir mense (vgl. hoofstuk 3, afdeling 7.2). Soos in hoofstuk 3 aangetoon, is ontwikkelings=hulp slegs eties-regverdigbaar wanneer die unieke en eiesoortige kulturele aard van ander bevolkingsgroepe in ag geneem word en dit geskoei is op die idee dat alle mense die reg tot 'n meer menswaardige bestaan het.

Normatiewe behoeftebepaling in gemeenskapsontwikkeling is dus wel regverdigbaar mits dit geskied met inag=neming van die bogenoemde voorwaardes. Dit is wel die ideaal dat die gemenskap <u>self</u> bewus sal raak van pro=bleme wat in eie geledere aanleiding gee tot stagnasie en belemmerde ontwikkeling, maar dit gebeur selde. In hoofstuk 2 (afdeling 6) is daarop gewys dat agterbuurt=inwoners selde konstruktiewe oplossings het vir probleme wat hulle binne gemeenskapsverband ervaar en dat dit gewoon=lik buite-persone of instansies is wat met hulp na vore kom. Schoeman (1979, p351) wys daarop dat probleme en behoeftes in die gemeenskap dikwels deur persone buite die gemeenskap of die gemeenskapswerker self geïdentifiseer word omdat gemeenskapslede dit nie altyd moontlik vind om dit self te doen nie of nie die bron van die strem=ming korrek kan diagnoseer nie. Dikwels sien gemeen=

skapslede nie die situasie as ŉ probleem of behoefte nie en leef saam met die gevolge en implikasies daarvan. ŉ Voorbeeld hiervan in die agterbuurt is onder meer te vind in die tendens dat gesinsonstabiliteit ŉ nadelige in= vloed het op die opvoedingsproses van kinders, maar dat ouers nietemin voortgaan met aktiwiteite wat skadelik is vir gesonde gesinsbande (vgl. hoofstuk 2, afdeling 5.1.1.) Sodanige omstandighede regverdig dus ŉ norma= tiewe behoeftebepaling wat gebaseer is op die norm van ŉ "gewenste" toestand.

.2.2 Gevoelde behoeftes

Bradshaw (1977, p291) stel gevoelde behoeftes gelyk aan "begeertes". Wanneer behoeftes bepaal word, word aan ge= meenskapslede gevra of hulle "voel" dat daar in hulle gemeenskap ŉ behoefte aan ŉ bepaalde entiteit bestaan (byvoorbeeld ŉ openbare maatskaplike diens). Gevoelde be= hoeftes mag wel ŉ duidelike beeld van die behoeftestruk= tuur van ŉ gemeenskap verskaf, maar mag nie as die ab= solute maatstaf vir "werklike" behoeftes dien nie. Soms is mense se begeertes nie ŉ realistiese weerspieëling van die objektief-evalueerde behoeftes wat ŉ meer mens= waardige lewenswyse sal verseker nie.

Daar is reeds by verskeie geleenthede in die onderhawige studie melding gemaak van die belangrike rol wat die er= kenning van gevoelde behoeftes speel in die sukses van

gemeenskapsontwikkeling. Dunham (1970, p145) beskou die gevoelde behoeftes van 'n gemeenskap as een van die vyf belangrikste elemente grondliggend aan gemeenskapsont= wikkeling. Hy meen voorts dat 'n projek so ver moontlik gebaseer moet wees op gevoelde behoeftes van 'n gemeen= skap. Die gevoelde behoeftes van 'n gemeenskap hou egter dikwels nie verband met 'n realistiese idee omtrent ontwikkeling nie en dit is soms selfs idealis= tiese begeertes wat nie op 'n bepaalde tydstip kan mate= rialiseer nie. 'n Hipotetiese voorbeeld hiervan kan van toepassing gemaak word op die stedelike agterbuurt. Voortspruitende uit die tendens dat armoede dikwels ken= merkend van agterbuurtinwoners is,word die hipotese ge= stel dat 'n groot persentasie van die inwoners bevestigend sal antwoord op die vraag of hulle beter werksgeleenthede sou wou bekom. "Beter werksomstandighede en 'n hoër be= soldiging" is dan weliswaar gevoelde behoeftes. Dit sal derhalwe vir die gemeenskapswerker nodig wees om aan die betrokke persone duidelik te maak dat beter werksgeleent= hede en 'n hoër loon normaalweg net moontlik is indien 'n persoon bv. oor hoër onderwyskwalifikasies en/of meer gespesialiseerde opleiding beskik. Vir die huidige sou lg. derhalwe 'n meer realistiese siening wees omtrent die werklike meer latente behoeftes van die betrokke agterbuurtinwoners. 'n Gemeenskapsontwikkelingsprojek wat ten doel het om die geïdentifiseerde werklike be= hoeftes te bevredig, sal derhalwe prioriteit geniet bo

bv. die vestiging van ŉ arbeidsburo in die agter=buurt om die gevoelde behoefte aan beter werksgeleenthede te bevredig - hoewel laasgenoemde nie noodwendig uitge=sluit hoef te wees nie. Daar kan bv. aandag gegee word aan geletterdheidsklasse vir volwassenes; kursus=se in sakebestuur; handwerkkursusse vir dames en selfs die aanbied van enkele tegniese vakke deur dosente van ŉ tegniese opleidingskollege (vgl. hoofstuk 1, afde=ling 5.1 vir die bydrae van die eertydse "Settlement Houses" in dié verband).

Du Preez (1981, p 60) stel dat werklike behoeftes dié is wat deur middel van wetenskaplike beplanningsmetodes, met inagneming van alle beskikbare feite, aan die lig kom. Gevoelde behoeftes van die gemeenskap moet egter altyd as uitgangspunt en as aanknopingspunt dien en geleidelik ontwikkel word in die rigting waarin ontwikkeling beplan word.

### 3.2.3 Vergelykende behoeftes

Vergelykende behoeftes veronderstel byvoorbeeld dat daar gelet word op die aard van maatskaplike diensle=wering (onder meer in die vorm van welsynsaktiwiteite) in een gebied in vergelyking met dieselfde dienslewerings=funksie in ŉ ander gebied, gemeet aan die maatskaplike funksioneringsvlak van die mense vir wie die diens be=

staan of ontbreek. Daar kan byvoorbeeld gevind word dat ŉ bepaalde diens gelewer word aan mense met sekere eienskappe in een gebied, terwyl dieselfde diens in ŉ ander gebied ontbreek, hoewel die mense dieselfde eien= skappe vertoon as in dié gebied waar die diens wel gelewer word (Bradshaw, 1977, p291 - 292). Dit kan byvoorbeeld uit ŉ gemeenskapstudie blyk dat ŉ besondere agterbuurtgemeenskap ŉ hoë infantiele mortaliteitsyfer toon as gevolg van ondoeltreffende of onvoldoende mediese dienste om ŉ sekere virus te bestry. Dit kan daneweneens vasgestel word dat die voorkoms van sodanige epidemiese virustoestande in ŉ ander stedelike woonbuurt onder bedwang gebring is deur die doeltreffende benut= ting van mediese tegnologie wat vanuit ŉ gemeenskaps= kliniek administreer word. Dit is voor die handliggend dat ŉ behoefte aan sodanige dienslewering in die agter= buurt bestaan en dat die toekomstige voorsiening van so ŉ diens geïnkorporeer moet word by die beplanning van gemeenskapsontwikkeling in die agterbuurt.

### 3.2.4 Vereiste behoeftes

Vereiste behoeftes ("expressed need" of ook "demand") word dikwels bepaal deur te let op byvoorbeeld wag= lyste wat ten opsigte van ŉ bepaalde diens in ŉ gemeen= skap bestaan (Bradshaw, 1977, p291). Waglyste van dié aard kan derhalwe ŉ nuttige bron wees om maatskaplike

behoeftes in 'n agterbuurtgemeenskap mee te bepaal. Wanneer daar, proporsioneel-gesproke, 'n groot persen= tasie inwoners van 'n bepaalde agterbuurt hulle name op 'n waglys geplaas het om byvoorbeeld in aanmerking te kom vir behuisingsvoordele wat deur die stedelike owerheid in die vooruitsig gestel word, kan daar der= halwe 'n behoefte aan beter of minstens voldoende wo= ningfasiliteite in dié agterbuurt geïdentifiseer word.

3.3 Maatskaplike behoeftekategorië

Die "United Way of America Services Identification System" (UWASIS) behels 'n uiteensetting van ses ba= siese behoeftekategorië (wat ook as doelstellings bekend staan) en die basiese dienste wat bestaan om dié behoeftes binne gemeenskaps- en ook breër same= lewingsverband. te vervul (vgl. die "League of Cali= fornia Cities", 1979, p329).

Die volgende kategorieë word onderskei:

Kategorie 1: Voldoende inkome en ekonomiese ge= leenthede wat arbeidsgeleenthede; behoud en handhawing van inkomste; en verbruikersbeskerming insluit.

Kategorie 2: Optimale omgewingsomstandighede vir voorsiening in basiese materiële be= hoeftes: voedsel; kleding; behuising;

vervoer; veiligheid; aspekte van regs=pleging.

Kategorie 3: Optimale gesondheid: openbare ge=sondheidsdienste; geestesgesondheid; rehabilitasie.

Kategorie 4: Voldoende kennis en bedrewenhede: onderwys; biblioteke; spesiale onderwysgeleenthede.

Kategorie 5: Optimale persoonlike en maatskaplike aanpassing en ontwikkeling; gesins=verrykingsaspekte soos kindersorg, gesinsbeplanning en krisisingryping ("crisis intervention"); ont=spanning en vryetydsbesteding; kul=turele en geestelike ontwikkelings=dienste.

Kategorie 6: Voldoende georganiseerde sosiale in=stellings en hulpmiddele: algemene ge=meenskapsorganisasies; politieke or=ganisasies; maatskaplike en ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede in geor=ganiseerde verband; administratiewe strukture.

Die aard van bostaande behoeftekategorieë is 'n be= langrike riglyn wanneer daar vir gemeenskapsontwik= keling beplan word. Dit is weliswaar nie universeel-omvattende kategorieë van maatskaplike behoeftes nie, maar kan tog belangrike inligting vrystel wat as raamwerk kan dien vir die beplanning van noodsaaklike gemeenskapsontwikkelingsprojekte binne die stedelike agterbuurt.

Enkele voorbeelde hiervan kan kortliks genoem word. Soos blyk uit die bespreking van die basiese eien= skappe van stedelike agterbuurtes in hoofstuk 2, is daar verskeie van die behoeftekategorieë ten opsigte waarvan daar in die stedelike agterbuurt 'n gebrek= kige vervulling bestaan. Die armoedige bestaan van baie agterbuurtinwoners is 'n probleem wat onder meer deur beter arbeidsgeleenthede verlig kan word. 'n Gemeenskapsontwikkelingsprojek wat afgestem is op die vestiging van tuisnywerhede kan bydra om die probleem te verklein (kategorie 1 hierbo). Die behuisingsproblematiek wat dikwels in stedelike ag= terbuurte aangetref word (vgl. hoofstuk 2, afdeling 4.1) kan deur middel van 'n selfbouprojek vanuit 'n gemeenskapsontwikkelingsbenadering verlig word (kate= gorie 2 hierbo). 'n Gemeenskapsontwikkelingsprojek wat die vestiging van 'n kliniek en voorligting in ba= siese gesondheidsaspekte beoog (vgl. die bylae, af=

deling 5.2.2) kan die behoefte aan beter gesondheids=toestande, wat in baie stedelike agterbuurte bestaan, vervul (kategorie 3 hierbo). Aandklasse vir vol=wassenes en/of meer dagversorgingsentra vir jong kinders kan vanuit gemeenskapsontwikkelingsprojekte geïnisieer word om te voorsien in die basiese ver=eistes aan voldoende kennis en opleiding - ŉ behoefte wat heel dikwels in stedelike agterbuurte nie na be=hore vervul word nie (kategorie 4 hierbo). Organi=sering van groepe mense in die agterbuurt om nuttige stokperdjies aan te leer en ander konstruktiewe vrye=tydsbestedingsgewoontes aan te kweek, kan meewerk aan die bereiking van die ideaal van optimale per=soonlike en maatskaplike aanpassing en ontwikkeling (kategorie 5 hierbo). ŉ Gemeenskapsontwikkelingspro=jek wat ten doel het om jeugbendes in die agterbuurt se aktiwiteite binne kreatiewe kanale te stuur deur middel van aansporing tot dienslewerende aktiwiteite binne gemeenskapsverband (vgl. afdeling 2.2.2 van hierdie hoofstuk), dra veel by om die algemene beeld van die agterbuurt as "sentrum van disorganisasie" te verander en terselfdertyd ŉ konstruktiewe sosiaal-organisatoriese instelling vir die jeug te vestig (kategorie 6 hierbo).

Uit bostaande blyk dit dat die bepaling van behoefte=kategorieë ŉ essensiële deel is van gemeenskapsontwik=

kelingsbeplanning vir die stedelike agterbuurt. Vanuit ŉ praktiese oogpunt is dit egter baie belangrik om te meld dat alle behoeftes nie tegelykertyd vervul kan word deur middel van operasionele gemeenskapsontwikkelingsprojekte nie. Sekere behoeftes is dikwels belangriker as ander om redes wat eie is aan die aard van ŉ bepaalde agterbuurtgemeenskap. Hierdie verskynsel noodsaak derhalwe die opstel van ŉ prioriteitslys waarvolgens behoeftes in ŉ bepaalde hiërargiese volgorde gerangskik word.

PRIORITEITSBEPALING

Die bepaling van prioriteite is ŉ deurlopende proses wat nie net geld vir die beplanning van gemeenskapsontwikkeling nie, maar ook tydens die fases van implementering en evaluering van projeke ŉ groot rol speel. Die behoeftes van die gemeenskap is dikwels van uiteenlopende aard en nie almal ewe belangrik ten aansien van die primêre doelstelling van gemeenskapsontwikkeling nie. Soms is die oplossing van ŉ enkele probleem daarvoor verantwoordelik dat een of meer ander probleme terselfdertyd opgelos of verlig word. Swak gesondheidstoestande in die agterbuurt is dikwels die oorsaak van swak sanitasie wat deur onhoudbare fisiese strukture en/of die inwoners self veroorsaak word (vgl. hoofstuk 2, afdeling 4.3). ŉ Duur kliniek is dikwels nie die aangewese oplossing nie - die verbetering van die sanitasiestelsel en die maatskaplike opheffing van die

gemeenskap betreffende sanitêre gewoontes, kan daartoe lei dat swak gesondheidstoestande verbeter omdat lg. 'n simptoom is van ondoeltreffende sanitêre geriewe en onhigiëniese lewenswyse. 'n Kliniekdiens sal wel nog 'n prioriteit wees, maar nie dieselfde graad van dringendheid hê as byvoorbeeld 'n projek wat ten doel het om die gemeenskap op te voed omtrent sanitasie nie (vgl. die bylae, afdeling 5.2).

Dit is derhalwe nodig dat behoeftes en probleme deeglik ontleed en in 'n prioriteitsorde gerangskik word. Spence (Henderson en Thomas, 1980, p194) skryf: "Community work is ... becoming increasingly characterized by its need to order priorities in developing its work pro=gramme, primarily because of its limited resources, staff, finance and time". Grootliks as gevolg van sulke praktiese oorwegings moet daar dus altyd keuses gemaak word. Prioriteitskeuses behoort aan die hand van bepaalde kriteria te geskied. Spence (Henderson en Thomas, 1980, p194) beskou die aard van die plaas=like probleme en die impak daarvan as 'n belangrike kri=terium, maar meld ook dat daar 'n hoër prioriteit ver=leen moet word aan probleme wat skynbaar suksesvol op=gelos sal kan word. Schoeman (1979, p364) sluit hierby aan wanneer hy drie kriteria vir prioriteitsbepaling stel, nl: die relatiewe dringendheid van behoeftes en probleme; die behoeftes en probleme wat die waar=skynlikste deur die bestaande of potensiële hulpbronne in die gemeenskap ontmoet kan word; en daardie behoef=

tes en verwagtinge waaromtrent daar ŉ toestand van ge=reedheid by die doelwitsisteem bestaan wat veranderinge ten gunste van die bereiking van die doelstelling moont=lik sal maak.

Teen die agtergrond van bogenoemde oorwegings by priori=teitsbepaling, kan daar vervolgens na twee wetenskaplike tegnieke of wyses van prioriteitsbepaling gekyk word, nl. die Delphi-tegniek en die nominale-groepproses. Hierdie tegnieke is instrumente wat die gemeenskapswer=ker kan aanwend om die proses van prioriteitsbepaling so ver moontlik op ŉ wetenskaplike basis van uitvoering te plaas.

.1 Die Delphi-tegniek

Die Delphi-tegniek is ŉ tegniek waardeur die algemene mening van ŉ geselekteerde groep kenners verkry word omtrent ŉ bepaalde saak deur die gebruikmaking van op=eenvolgende vraelyste wat op anonieme wyse deur dié persone beantwoord word. Hierdie persone staan as die Delphi-paneel bekend. Na ŉ eerste respons word die antwoorde van die paneel verwerk en op grond van ŉ ver=werking van die ooreenstemmende antwoorde, word ŉ vol=gende vraelys opgestel en aan die respondente gestuur. Die proses kan verskeie kere herhaal word totdat ŉ verfynde beredenering van die prioriteitsveld moontlik is en daar dus met sekerheid enkele prioriteitsareas ten opsigte van ŉ sekere aangeleentheid bepaal kan word

(Lauffer, 1978, p134 e.v. en Henderson en Thomas, 1980 p197 - 198).

Molnar en Kammerud (1977, p324 e.v.) het die Delphi-tegniek met groot sukses toegepas om prioriteite te bepaal vir die verbetering van die "sosiale omgewing" van 'n bepaalde stad. Die Delphi-tegniek word deur hulle beskou as 'n effektiewe manier "to cream the tops of the heads" van 'n groep kenners (Molnar en Kammerud, 1977, p326). Deur middel van die Delphi-tegniek het Molnar en Kammerud (1977, p326) twee doelwitte bereik, nl. om meetinstrumente te ontwikkel waarmee die graad van tevredenheid met die stedelike milieu bepaal kon word; en om die belangrikheid en die veranderbaarheid te meet van komponente van die stedelike omgewing wat die oorsake vir ontevredenheid was. In 'n volgende studie sou die Delphi-tegniek weer gebruik word om in die besonder te konsentreer op die belangrikste ele=mente van ontevredenheid. "We found that this Delphi helped solidify our thinking about both descriptive and normative scenarios for new city design. An extra benefit was that it helped to synthesize the thoughts of thirty people who had been working on a highly complex, ill-defined problem. It helped to integrate the knowledge of professionals with varying back=grounds" (Molnar en Kammerud, 1977, p332).

Uit die bostaande blyk dit dat die Delphi-tegniek reeds wetenskaplik op die proef gestel is met goeie resul=

tate. Dié tegniek kan derhalwe ook aangewend word om prioriteitsterreine te bepaal vir die implementering van gemeenskapsontwikkeling in die stedelike agterbuurt.

.2 Die nominale-groepproses

Die nominale-groepproses (ook bekend as die "Program Planning Model") is 'n prioriteitsbepalingstegniek wat deur Delbecq en Van de Ven (vgl. Delbecq en Van de Ven, 1977, p333 e.v.) ontwikkel is. Dié tegniek is moeilik om te administrateer, maar tog uiters geskik om priori= teitsvelde mee te bepaal. Dit kan veral toegepas word wanneer daar onsekerheid of meningsverskille bestaan omtrent die belangrikheid wat aan bepaalde prioriteite toegeken moet word (Henderson en Thomas, 1980, p195 - 197).

Die begrip "nominale groepe" dui in hierdie konteks daarop dat verskeie groepe persone in mekaar se teen= woordigheid aan 'n probleem werk sonder dat die groepe mekaar opponeer. Elkeen van die verskeie belangegroepe het 'n besondere rol te vervul gedurende die vyf stadia van die nominale-groepprosesmodel. "It deliberately and systematically structures the business of deciding upon <u>priorities</u>" (Henderson en Thomas, 1980, p197). Die vyf fases van die model behels: probleem-identifi= sering; verkenning van inligting omtrent die probleem; prioriteitsontwikkeling; programontwikkeling en pro= gramevaluasie. 'n Verdere doelwit is om vernuwing en

kreatiwiteit in beplanning te bewerkstellig. "The nominal group process provides both quantitive data in the sense of voted-upon priorities and qualititive data in terms of a rich, descriptive discussion which follows the nominal group activity, in which members often pro=vide critical incidents or personal anecdotes" (Hen=derson en Thomas, 1980, p196).

Daar bestaan wel moontlikhede om die nominale-groeppro=sesmodel aan te pas vir gemeenskapsontwikkelingsbeplan=ning in die stedelike agterbuurt, hoewel dié metode ont=werp is vir gebruik in 'n breër maatskaplike beplannings=konteks (Henderson en Thomas, 1980, p197).

Prioriteitsbepaling is 'n belangrike en noodsaaklike element van die beplanning, implementering en evaluering van gemeenskapsontwikkeling, maar dit bly 'n ingewikkelde taak waarvoor die agente vir gemeenskapsontwikkeling en die gemeenskapswerkers deeglik toegerus moet wees. Prioriteitsbepalingstegnieke behoort selfs ingesluit te wees as komponent van die totale opleidingspakket vir gemeenskapsontwikkeling.

# 5. IMPLEMENTERING



## 5.1 Diversiteit

Nadat 'n gemeenskapstudie gedoen is, behoeftes bepaal en doelwitte gestel is, en daar op bepaalde prioriteite besluit is, kan die gemeenskapsontwikkelingsplan geïmplementeer word. Dit skyn wel uit bostaande asof gemeenskapsontwikkeling noodwendig 'n aatal projekte en ingewikkelde organisasie behels. Daar moet egter onthou word dat gemeenskapsontwikkeling soms bloot rondom 'n enkele prioriteitsgebied kan sentreer, byvoorbeeld behuising of die bekamping van alkoholisme, en deur middel van 'n enkele projek van stapel gestuur word. Soms het gemeenskapsontwikkeling 'n klein beginpunt en kan dit later uitgebrei word om meer projekte van diverse aard te behels (vgl. die bylae, afdeling 5.2.2). Grootskaalse gemeenskapsontwikkelingsprogramme soos in die geval van sterk regeringsondersteunde programme vir die elimering van agterbuurte kan wel omvangryk en veelsydig wees, byvoorbeeld die sogenaamde "War on Poverty" in die VSA (Johnson, 1973, p180, e.v.) en die Chicago Area Projects (Clinard, 1966, p121 - 122). Die gemeenskapsontwikkelingsplan en operasionele projekte moet egter voortdurend aansluit by en in verband staan met die besondere vermoëns, behoeftes en probleme van die gemeenskapslede.

## 5.2 Gemeenskapsdeelname en -betrokkenheid

Die sukses wat met die implementering van die gemeenskapsontwikkelingsplan behaal word, hang nie net af

van die deeglikheid waarmee die ontwikkelingsagent vooraf beplan het nie, maar grootliks van die entoesi= astiese deelname en betrokkenheid van die gemeenskaps= lede (vgl. hoofstuk 3, afdeling 8). Deelname en be= trokkenheid van die gemeenskapslede moet ook by die beplanning van gemeenskapsontwikkelingsprojekte aan= wesig wees en nie net verwag word by die implemen= tering daarvan nie (vgl. Putterill en Bloch, 1978, p13 en p59 en Lauffer, 1978, p291). Die agent vir ge= meenskapsontwikkeling en die gemeenskapswerkers moet ook sorg dra dat daar effektiewe kanale is vir voort= durende terugvoering van die kant van die gemeenskap omtrent struikelblokke en wysigings wat aan bepaalde projekte of aspekte van ŉ projek aangebring kan word om operasionalisering meer doeltreffend te laat geskied. In hoofstuk 2 (afdeling 2.1) is daarop gewys dat ge= meenskapsontwikkeling nie sonder meer van "bo af" op gemeenskappe afgedwing kan word nie, maar dat die ge= meenskap voortdurend geken moet word in die beplanning en uitvoering van projekte. Daar word tog in die eer= ste plek gestreef na die ideaal van selfstandige besluit= name en eie opheffing van die betrokke gemeenskap - ŉ beginselbasis van gemeenskapsontwikkeling wat nie net in die teorie moet geld nie, maar ook in die praktyk moet manifesteer (vgl. hoofstuk 3, afdeling 7). Wan= neer die gemeenskapsontwikkelingsplan nie voorsie= ning maak vir proses-doelstellings (bv. leierskap= ontwikkeling en persoonlike groei) nie, maar bloot op die taakdoelstellings konsentreer (die bereiking van konkrete doelstellings binne ŉ vasgestelde tyd kan verwag

word dat die gemeenskap 'n negatiewe houding sal open= baar (vgl. hoofstuk 3, afdelings 5.1 5.2, 5.3 en die bylae, afdeling 6). Aktiewe deelname en betrokkenheid van die gemeenskap sal onder sulke omstandighede uiteraard nie realiseer nie.

### 5.3 Koördinering van gemeenskapsontwikkeling

Koördinering van gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite is in verskeie opsigte bepalend ten aansien van die doeltreffende operasionalisering van gemeenskapsontwik= keling. Koördinasie is 'n belangrike komponent ter be= reiking van eensgesindheid omtrent mikpunte, bevorde= ring van samewerking en versekering van die sinchroni= sering van groepe se aktiwiteite. Suksesvolle beplan= ning en 'n effektiewe organisatoriese struktuur kan goeie koördinasie verseker (du Preez, 1981, p127). Koördinasie kan op twee vlakke geskied, nl. die ver= tikale en horisontale vlak. Vertikale koördinasie be= teken dat beplanning voorsiening moet maak vir die ef= fektiewe skakeling tussen strukture op die gemeenskaps= vlak en strukture "hoër" op in die hiërargie. Besluit= neming, finansiering en uitvoering van beheer moet op gekoördineerde wyse plaasvind tussen byvoorbeeld die stedelike owerheid en die plaaslike bestuursliggaam (beheerkomitee; gemeenskapskomitee) wat gemeenskaps= ontwikkeling in die agterbuurt self koördineer. Hori= sontale koördinasie behels die gesinchroniseerde en doelmatige funksionering van projekte wat op plaaslike

vlak aangepak word en waarby verskeie groepe of in=stansies in die agterbuurtgemeenskap betrokke is. Hierdie groepe moet derhalwe op dieselfde "vlak" met mekaar saamwerk deur bronne uit te ruil, inligting met mekaar te deel, en so meer (vgl. du Preez, 1981, p128).

5.4 Aanpassing, herstrukturering en evaluering

Dit is nodig om voortdurend bedag te wees op die ten=dens dat die oorspronklike plan aangepas en herstruk=tureer kan word nadat dit geïmplementeer is (Ferrinho, 1980, p67). Crompton en Lamb (1980. p138 e.v.) wys daarop dat sekere projekte soms met verloop van tyd uitgedien kan raak. Dit het moontlik net as ŉ kort=termyn maatreël gedien, of die probleem is metter=tyd opgelos. Gemeenskapsdienste het in baie gevalle ŉ "lewenssiklus". Crompton en Lamb (1980, p145) stel ŉ strategie voor om uitgediende projekte mee te iden=tifiseer en te beëindig. Sodanige projekte het in meeste gevalle hulle "lewenssiklus" voltooi, d.w.s. die rasionaal wat aanvanklik die implementering daarvan genoodsaak het, het met verloop van tyd ver=val.

Evaluering is ŉ deurlopende proses en integrale deel van gemeenskapsontwikkelingsbeplanning. Gemeenskaps=ontwikkelingsprojekte behoort voortdurend evalueer te word in terme van onder andere die koste en doeltref=fendheid daarvan, asook ten opsigte van die impak wat

dit teweegbring. Projek-evaluasie kan beide leemtes en suksesse van projekte uitwys. Vervanging, wysiging of voortsetting van projekte kan op grond hiervan aandag geniet.

Daar bestaan verskeie tegnieke waarmee evaluering op wetenskaplike wyse gedoen kan word. Washington (1977, p340 e.v.) bespreek vier alternatiewe modelle vir eva= luasie, nl. die sisteem-, doelbereikings-, impak- en gedragsmodelle. Dit is uit die aard van die saak no= dig dat hierdie modelle aangepas sal moet word vir die benutting daarvan by evaluering van gemeenskaps= ontwikkelingsprojekte in die stedelike agterbuurt.

Die sogenaamde "Planning Programming Budgeting System" is ŉ verdere tegniek wat vir evaluering aangewend kan word. Hierdie stelsel is weliswaar nuttig vir algehele beplanning en nie net vir evaluering nie. PPBS is ŉ beplanningsisteem wat in toenemende mate vir maatskap= like beplanning (veral welsynsbeplanning) in die VSA gebruik word, nadat dit in 1965 vir gebruik op federale regeringsvlak deur Pres. Johnson voorgeskryf is.
Daar is met dié stelsel in die V.S.A. beoog om ŉ uniforme regeringstelsel ten opsigte van beplanning in te stel sodat departementele aktiwiteite vinniger, meer doeltreffend en teen ŉ laer koste kon geskied (Dunham, 1970, p307 - 308). Hierdie beplanning= sisteem kan ook aangepas word vir die doeleindes van gemeenskapsontwikkeling en in die besonder dan ten

opsigte van gemeenskapsontwikkeling in die stedelike agterbuurt. Die organisasie, bestuur en implemen= tering van gemeenskapsontwikkeling behoort veel te baat by só 'n beplanningstelsel.

Volgens sommige kenners is die einddoel van PPBS (veral ten opsigte van welsynsbeplanning) geleë in die toewy= sing van beperkte hulpbronne (bv. geld) tussen "kompe= terende" projekte, om sodoende die maksimum voordeel van sulke projekte aan die publiek te verseker. Die nuttigheidswaarde van PPBS is veral gesetel in die klem wat geplaas word op die monitering en evaluering van projekte.PPBS voorsien 'n formule en sistematiese wyse van meting en evaluering van die doeltreffendheid teenoor die koste van projekte. PPBS kan die beplan= ningsaktiwiteite van die agent vir gemeenskapsontwik= keling op 'n samehangende wyse met die finansiële be= groting versoen (vgl. Lauffer, 1978, p139 e.v.).
Die belangrikste eienskappe van PPBS is (Dunham, 1970, p308):

- Die identifisering en omskrywing van die fundamen= tele doelstellings van die ontwikkelingsagent. Alle gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite moet dan in verband hiermee gebring word.

- Projeksies omtrent toekomstige doelstellings, re= sultate en kostes word eksplisiet bereken.

- 'n Sistematiese analise van alternatiewe word ge=

maak. Dit behels die identifisering van spesi= fieke, situasiegebonde gemeenskapsontwikkelings= doelstellings; identifisering van alternatiewe maniere waarop dié doelstellings bereik kan word; bepaling van die koste verbonde aan elke geprojek= teerde doelstelling (dit wil sê projek); en skat= ting van die koste en voordele verbonde aan elke alternatief.

- ŉ Verdere belangrike eienskap van PPBS is dat dit ŉ sistematiese, hiërargiese uiteensetting van doelstellings, doelwitte, sub-doelwitte en de= tail-aktiwiteite vereis wat vervat word in ŉ so= genaamde <u>programstruktuur</u>. Die programstruktuur is ŉ visuele voorstelling van behoeftes en proble= me en die wyses waarop dit oorkom kan word (vgl. Eddison, 1973, p44 e.v.). ŉ <u>Programanalise</u> kan nou vanuit die programstruktuur gemaak word om die beste moontlike inligting te voorsien omtrent die koste en effektiwiteit van beplande projekte (vgl. Eddison, 1973, p66 en p72 e.v. vir ŉ meer volledige uiteensetting).

PPBS berus op die volgende aannames (vgl. Eddison, 1973, p35 e.v. en Rivlin, 1977, p380 e.v.):

- Besluitname is meer doeltreffend indien doelstellings en doelwitte duidelik gespesifiseer word.

- Besluitname is meer doeltreffend indien inligting beskikbaar is omtrent die aanwending van hulpbronne aan die hand van oorhoofse doelstellings; wyses waarop dié doelstellings bereik kan word; groepe mense wat bedien word; en so meer.

- Besluitname is meer doeltreffend indien die efek= tiwiteit van bestaande projekte; beleid; kon= krete resultate van projekte; en dies meer, aan deeglike evaluasie onderwerp word.

- Besluitname is meer doeltreffend indien alterna= tiewe wyses vir die bereiking van doelstellings bereken word.

Die sistematiek waarmee doelstellings, doelwitte en aktiwiteite deur middel van PPBS ontleed word, hou veel waarde in as hulpmiddel by gemeenskapsontwik= kelingsbeplanning. PPBS "dwing" beplanners en gemeen= skapswerkers om planne en projekte te meet aan die re= levansie en doeltreffendheidsgraad daarvan. PPBS kan 'n belangrike rol speel by keuses omtrent die voortset= ting, wysiging of verval van bestaande planne en pro= jekte, terwyl belangrike inligting verkry kan word omtrent toekomstige planne en projekte. Die admi= strasie van PPBS verg soms heelwat kundigheid en toe= paslike manipulasie om suksesvol binne die totale gemeenskapsontwikkelingsbeplanningstrategie geïnkorpo= reer te word.

## 5. SAMEVATTING

Uit die bostaande behoort dit duidelik te blyk dat be= planning ŉ onontbeerlike komponent van gemeenskapsont= wikkeling is. Beplanning is ŉ sistematies, wetenskap= like en geordende wyse waarop probleme opgelos en/of voorkom kan word. Beplanning veronderstel ŉ rasionele benadering wat, vir die doeleindes van hierdie verhan= deling, die aard, probleme en behoeftes van die agter= buurtgemeenskap binne ŉ analitiese raamwerk plaas met die oog op die sinvolle en doelmatige implementering van gemeenskapsontwikkeling. Dit impliseer minstens ŉ deeglike voorstudie van relevante aspekte wat ken= merkend van die agterbuurt is; bepaling van behoeftes en prioriteitsterreine wat tersaaklik is vir die doel= treffende implementering van die gemeenskapsont= wikkelingsbenadering; ŉ analise van ander aspekte wat die operasionele plan kan beïnvloed, soos bv. gemeenskapsdeelname, koördinering en wetenskaplike evaluering van projekte. Die sosiologie het ŉ belang= rike rol te speel in die proses van beplanning van gemeenskapsontwikkeling in die stedelike agterbuurt (vgl. hoofstuk 5, afdeling 2.1).

# HOOFSTUK 5

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 1. GEVOLGTREKKINGS

Die strekking van die onderhawige studie kan saamgevat word in enkele gevolgtrekkings, nl.

- dat agterbuurte reeds 'n kenmerk van pre-industriële stede was, maar dat pogings om die haglike lewensom= standighede van agterbuurtinwoners te verbeter, eers sedert die ontstaan van industrieel-stedelike agter= buurte posgevat het;

- dat die voorkoms van stedelike agterbuurte sedertdien as 'n ongewenste tendens beskou is wat gekenmerk word deur maatskaplik-fisies-ekonomiese probleme;

- dat verskeie benaderings reeds gevolg is om die stede= like agterbuurt as maatskaplik-fisies-ekonomiese pro= bleem te probeer oplos, maar dat weinig sukses tot op datum behaal is met hierdie pogings;

- dat die relatiewe mislukking van stedelike hernuwing as oplossingsbenadering en die min sukses wat met ver= skeie maatskaplike benaderings behaal is, daarop dui dat die oplossing klaarblyklik geleë is in 'n breër mul= ti-dimensionele benadering wat vanuit 'n gebalanseerde ontwikkelingsperspektief geïmplementeer kan word;

- dat gemeenskapsontwikkeling 'n multi-dissiplinêre pers= pektief is waardeur die agterbuurtprobleem opgelos of minstens verlig kan word deurdat die ontwikkelingsini= siatiewe van die regering, stedelike owerhede en plaas= like agterbuurtgemeenskappe geïntegreer word in 'n ge= koördineerde poging om die maatskaplik-ekonomies-fi= siese lewensomstandighede van agterbuurtbewoners te verbeter;

- dat die suksesvolle implementering van gemeenskapsont= wikkelingsprojekte in die stedelike agterbuurt groot= liks afhang van deeglike beplanning, monitering, eva= luering asook aktiewe deelname en betrokkenheid van die plaaslike agterbuurtgemeenskap in ontwikkeling;

- dat die sosiologie as vakwetenskap 'n besondere rol kan speel ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling in die algemeen en beplanning vir agterbuurtontwikkeling in die besonder.

## 2. AANBEVELINGS

### 2.1 Die sosiologie en gemeenskapsontwikkeling

Die basiese vertrekpunt van hierdie verhandeling is dat die sosiologie 'n bydrae kan lewer tot gemeenskapsontwik= keling - in die besonder dan tot die beplanning van ge= meenskapsontwikkeling vir die implementering van projekte

in stedelike agterbuurte. In hoofstuk 4 is verwys na die belangrike rol wat 'n sosiologiese gemeenskapstudie speel in die proses van inligtingversameling tydens die beplanning van gemeenskapsontwikkeling. Die sosioloog is eweneens oor die algemeen ook toegerus met die nodige kennis om deur middel van navorsingstegnieke 'n groot bydrae te lewer tot die bepaling van maatskaplike behoeftes binne die ste= delike agterbuurt. Die sosioloog kan verder ook optree as deskundige om te help met die bepaling van prioriteite vir die implementering van gemeenskapsontwikkeling - hy kan byvoorbeeld lid wees van die Delphi-paneel of 'n nominale groep. Die opleiding van die sosioloog in navorsings= metodologie behoort hom ook in staat te stel om 'n rol te speel in die proses van projek-evaluering. Die sosio= loog kan gebruik word om die lewensomstandighede van ag= terbuurtinwoners voor en na die implementering van ge= meenskapsontwikkeling na te vors. Sodoende kan die impak van projekte gemeet word aan die mate waartoe dit geslaag het in die ideaal om die lewenskwaliteit van die inwoners te verhoog.

Die kundigheid van die sosioloog kan egter veel meer be= nut word as wat so pas aangedui is. Die besondere kennis= veld van die sosioloog kan van groot waarde wees wanneer hy as lid van 'n multidissiplinêre gemeenskapsontwikkeling= span funksioneer. Verskeie spesialiteitsterreine waarin die sosioloog opgelei is, is aanvullende en noodsaaklike kennis tot die bydrae van ander lede van 'n multi-dissiplinêre ge=

meenskapsontwikkelingspan, byvoorbeeld die ekonoom en stads= beplanner. Enkele van hierdie terreine kan kortliks ge= noem word.

Betreffende die stedelike agterbuurt, kan die sosioloog vanuit die stedelike sosiologie 'n besondere bydrae maak tot 'n professioneel-wetenskaplike benadering van die stedelike agterbuurtprobleem. Die sosioloog se kennis omtrent die aard en kenmerke van gemeenskapstipes kan ook van groot waarde wees - "die gemeenskap" is tog een van die mees basiese verskynsels wat ten grondslag lê aan die sosioloog se opleiding. Biddle en Biddle (1965, p204) is van mening dat "sociologists lay much claim on community development, because 'the community' has long been a major responsibility for this discipline". Gemeenskapsontwikkeling het dan ook primêr te doen met die saamleef van mense binne gemeenskapsverband (vgl. hoof= stuk 3, afdeling 6.1). Wanneer daar gelet word op die fisiese en maatskaplike kenmerke van die agterbuurt soos dit in hoof= stuk 2 (afdeling 5) bespreek is, kan daar verskeie spesia= liseringsrigtings in die sosiologie identifiseer word wat ten opsigte hiervan kan dien as noodsaaklike kennisagter= grond. Daar kan byvoorbeeld verwys word na die mediese sosiologie (afdeling 4.3), die sosiologie van vryetyds= besteding en ontspanning (afdeling 4.4), gesinsosiologie (afdeling 5.1.1), sosiale patologie en misdaadsosiologie (afdelings 5.1.2, 5.1.3 en 5.1.4) en jeugsosiologie (af= deling 5.2.2) - afgesien van die algemene sosiologiese

teorie.

Daar word aanbeveel dat die potensiële bydrae van die so= siologie tot gemeenskapsontwikkeling in groter diepte na= gevors en in meer besonderhede uitgespel behoort te word as wat hier die geval is. Daar kan onder meer ondersoek ingestel word na die moontlikheid om sosioloë op te lei in die praktyk van gemeenskapsontwikkelingsmetodes en -tegnieke. Sosiologie op sigself kan 'n belangrike by= drae lewer tot 'n toekomstige opleidingskursus in gemeen= skapsontwikkeling.

Indien ontwikkeling in sy breër verband geneem word, lei dit geen twyfel nie dat sosioloë en sosiologie 'n groter rol moet speel in die ontwikkelingsproblematiek van Suid-Afrika. Dit beteken nie dat sosioloë hulle nie tans be= moei met aspekte rondom ontwikkeling in Suid-Afrika nie. Die kritiek teen die bydrae van die sosiologie is nie so= seer 'n gebrek aan belangstelling nie, maar 'n gebrek aan koördinasie en 'n gebrek daaraan om die probleem in sy geheel te benader. Hierdie probleem is dikwels te wyte aan die onvermoë van die sosioloog om binne inter- en multidissi= plinêre verband te werk (Piek, 1981, p66). Daar kan be= weer word dat die tyd ryp is vir die sosiologie om 'n reg= matige plek in te neem in 'n inter- en multidissiplinêre spanbenadering tot die eiesoortige ontwikkelingsproble= matiek van Suid-Afrika.

## 2.2 'n Nasionale Gemeenskapsontwikkelingstrategie

2.2.1 Daar word aanbeveel dat 'n nasionale gemeenskapsontwikke= lingstrategie ernstige oorweging in Suid-Afrika sal geniet, waardeur ontwikkelde en ontwikkelende gebiede gestimuleer en in die geleentheid gestel sal word om, in samewerking met regeringsowerhede, tot 'n hoër vlak van ontwikkeling te vorder. In dié verband behoort stedelike agterbuurte, as die speerpunt van onderontwikkelde menslike potensiaal, 'n hoë prioriteit te geniet.

2.2.2 Staatsdepartemente en stedelike owerhede (soos stadsrade, administrasierade en gemeenskapsrade) behoort aandag te gee aan personeelopleiding, navorsing en beplanning wat gegrond is op die teorie en praktyk van die gemeenskaps= ontwikkelingsbenadering. Personeelopleiding moet van so= danige aard wees dat personeel 'n ontwikkelingsgerigte hou= ding aankweek, terwyl navorsing en beplanning, met beson= dere aandag aan bestaande en potensiële stedelike agter= buurte, verband moet hou met die uiteensetting wat in hoof= stuk 4 van hierdie verhandeling gegee is.

2.2.3 Universiteite, tegnikons en ander sentra vir tersiêre op= leiding, behoort intensief aandag te gee aan gerigte ont= wikkelingstudies en praktykopleiding in dié verband. Ge= meenskapsontwikkelingsopleiding behoort 'n integrale deel van ontwikkelingsgerigte studies te vorm. Daar hoef nie net vanuit die sosiale wetenskappe insette in verband hier=

mee gelewer te word nie, maar sg. nie-sosiaal-wetenskaplike vakdissiplines (bv. huishoudkunde) kan eweneens poog om studente voor te berei om in die praktyk 'n bydrae te lewer tot ontwikkeling wat oor die algemeen met maatskaplike ontwikkeling assosieer word. 'n Gekoördineerde, geïnte= greerde, inter-dissiplinêre studierigting onder die naam van "Gemeenskapsontwikkeling" kan vanuit verskeie vakdis= siplines aangebied word.

2.3 Maatskaplike beplanning

Daar word aanbeveel dat daar meer aandag gegee behoort te word aan die eksplisiete rol wat maatskaplike beplan= ning speel in die ontwikkelingsproblematiek van Suid-Afrika. In die buiteland word maatskaplike beplanning reeds vir geruime tyd as afsonderlike vakdissipline aangebied aan instansies vir ontwikkelingspraktykopleiding. In Suid-Afrika bestaan daar vir die huidige egter min ge= leenthede vir opleiding in dié riging. Maatskaplike beplanning funksioneer onder meer in die V.S.A. en Enge= land selfstandig naas ander beplanningsterreine, soos ekonomiese en fisies-ruimtelike beplanning. Spesialiste op die terrein van maatskaplike beplanning kan veel bydra om oplossings te vind vir die toenemende kompleksiteit van Suid-Afrika se bevolkings- en ontwikkelingsproblema- tiek.

## 2.4 ŉ Verstedelikingstrategie

2.4.1 In die lig van toenemende verstedeliking in Suid-Afrika, word aanbeveel dat onder andere die regering, stedelike owerhede, navorsingsinstansies, universiteite, asook in= dividuele persone, ŉ hoë prioriteit sal verleen aan na= vorsing, beplanning en die uitwerk van praktiese riglyne om so ver moontlik ŉ gekoördineerde, gereguleerde proses van stedelike groei te bewerkstellig waardeur stedelike agterbuurtvorming en deteriorasie van bestaande agter- buurte tot ŉ minimum beperk kan word. Daar behoort onder meer aandag geskenk te word aan wyses waarop ŉ ordelike en gebalanseerde verhouding tussen landelike en stedelike bevolkingsgetalle gehandhaaf kan word om ŉ versteuring van maatskaplike, ekonomiese, fisies-ruimtelike en poli= tieke realiteite, eie aan die Suid-Afrikaanse omstandig= hede, te probeer voorkom.

2.4.2 Die aktiewe implementering en popularisering van die doelstellings wat beoog word met die nasionale streekont= wikkelingsbeleid (nywerheidsontwikkelings- en desentra= lisasieprogram), kan daartoe bydra dat ŉ meer gebalan= seerde verspreiding van die bevolking en ekonomiese akti= witeite verseker kan word. Op dié wyse kan ŉ onbeheerste en nie-akkommodeerbare toestroming van mense na bestaande metropolitaanse gebiede tot ŉ groot mate voorkom word - ŉ tendens wat in sigself die potensiaal inhou dat "onno= dige" agterbuurtdeteriorasie en -vorming in metropole beperk kan word.

2.4.3 Daar behoort gedink te word aan 'n prakties-uitvoerbare strategie om landelike ontwikkeling te stimuleer. So= doende kan probeer word om die probleem van ontvolking van die platteland en gevolglike verstedeliking van groot getalle mense te verlig.

2.4.4 Alternatiewe oplossings is nodig om voorsiening te maak vir die ernstige tekort aan voldoende en geskikte behui= sing, nie net in stedelike agterbuurte nie, maar ook in ander stedelike residensiële areas in Suid-Afrika. Daar kan o.a. ernstige oorweging geskenk word aan selfbouske= mas wat aan gemeenskapsontwikkelingsprojekte gekoppel kan word, met besondere verwysing na die Swart, Kleurling-, en Asiërbevolking (vgl. Jackson, 1981).

## GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN TAIWAN

### 1. INLEIDING

Taiwan, ofte wel die Republiek van China, kan gereken word as een van die ontwikkelende lande in die Derde Wêreld. Vinnige industriële ontwikkeling en verstedeliking ná die Tweede Wêreldoorlog het daartoe aanleiding gegee dat Tai=wan hand oor hand ontwikkel het as 'n industriële land, in teenstelling met die vroeëre landboukundige aard van dié land se ekonomiese struktuur. Hierdie klemverskuiwing ten opsigte van die ekonomiese bedrywighede in Taiwan het verskeie maatskaplike probleme tot gevolg gehad. Werkloos=heid, armoede, behuisingstekorte, 'n vinnige bevolkingsaan=was wat deur 'n hoë fertiliteitsyfer veroorsaak is en die groot voorkoms van stedelike agterbuurte, is enkele van die probleme waarmee Taiwan sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog te kampe gehad het. Die hoë bevolkingsgroei is vererger deur 'n buitegewone hoë bevolkingsdigtheid. In 1980 het die bevolking van Taiwan byna 18 miljoen mense getel. Die land-oppervlakte van Taiwan is slegs sowat 35 900 km² ('n gebied effens groter as Lesotho).

Een van die strategieë waarmee die regering van Taiwan probeer het om oplossings te vind vir die sosio-ekonomie=se probleme van die land, was die implementering van 'n nasionale gemeenskapsontwikkelingsprogram. Hierdie pro=gram maak voorsiening vir die operasionalisering van die

gemeenskapsontwikkelingsbenadering in stedelike gebiede asook op die platteland. Die hoë verstedelikingskoers en die wye voorkoms van stedelike agterbuurttoestande het daartoe bygedra dat die Taiwanese oor die jare heen baie ondervinding opgedoen het met die implementering van ge= meenskapsontwikkeling as benadering tot die verhoging van mense se lewenskwaliteit. Nieteenstaande die verskille wat bestaan betreffende die bevolkingsamestelling en -aard van Taiwan in vergelyking met Westerse lande, is daar grootliks gefokus op die eliminering van agterbuurttoestan= de. Juis dit maak van die Taiwanese gemeenskapsontwikke= lingsbenadering in stede 'n goeie voorbeeld wat binne die raamwerk van hierdie verhandeling inkorporeer kan word.

Om die gemeenskapsontwikkelingsbenadering in Taiwan binne breër perspektief te plaas, is dit nodig om vervolgens 'n kort uiteensetting te gee van die historiese agtergrond van gemeenskapsontwikkeling in dié land.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

In 1955 het die regering van Taiwan die "Basic People's Livelihood Construction Movement" van stapel gestuur (So= cial Welfare Services, 1981, p51)*. Hierdie beweging was nog nie formeel gereken as gemeenskapsontwikkeling in die

---

* Bronne waarna in hierdie bylae verwys word, is opgeneem in 'n afsonderlike bibliografie.

streng sin van die woord nie, maar reeds 'n groot stap vo= rentoe in dié rigting. Die begrip "gemeenskapsontwikke= ling" het gedurende hierdie periode nog nie in regerings= dokumente verskyn nie. Genoemde beweging het verbetering in produktiwiteit, onderwys, ontspanningsgeriewe, gesond= heid en algemene maatskaplike welsyn ten doel gehad.

Verskeie akademici van binne en buite Taiwan het sedert die begin van die sestiger jare 'n beroep op die regering gedoen om doelgerigte aandag te verleen aan 'n gemeenskaps= ontwikkelingsbenadering. Een van die persone wat hom ver= al hiervoor beywer het, was 'n vroeëre raadgewer van die V.V.O. se Komitee insake Gemeenskapsontwikkeling vir Asië, dr Chang Hung-chung. Dr Chang het as ontwikkelingspesialis verskeie lande in Asië bygestaan in hulle ontwikkelingspro= jekte, waaronder Indië, die Fillipyne en Thailand.

In 1963 het dr Chang 'n sterk vertoë tot die Chinese re= gering gerig om 'n gemeenskapsontwikkelingsbenadering as deel van sy beleidsrigting te aanvaar. Dr Chang het toe= sprake gehou en probeer om die begrip gemeenskapsontwik= keling deur middel van die massamedia by beleidmakers en die breë publiek tuis te bring. Benewens hierdie verwik= kelinge het sosioloë, maatskaplike werkers en ander na= vorsers verskeie gemeenskapstudies uitgevoer. Gemeenskaps= verbetering is reeds op informele grondslag deur plaaslike leiers onderneem (Li, 1979, p9).

In 1965 aanvaar die regering van Taiwan die sogenaamde "Present Social Policy of the Principle of the People's Livelihood". Dit was die eerste keer dat gemeenskapsontwik=keling amptelik deel van die regeringsbeleid geword het. Op grond van hierdie beleid moes gemeenskapsontwikkeling uit=gevoer word met behulp van regeringsbystand sodat ŉ gees van "self-help" onder die bevolking kon posvat. Die daar=stel van gemeenskapsdienssentra oor die hele land is in die vooruitsig gestel. Mediese dienste moes verbeter word en tesame daarmee sou algehele omgewingsverbetering voorrang geniet. Verder is die algemene publiek aangemoedig om by te dra tot "sideline production, marketing, public uti=lities and welfare co-operative enterprises" (Social Wel=fare Services, 1981, p51).

Die ideologiese basis van die gemeenskapsontwikkelingsbe=nadering in Taiwan was gedurende hierdie tyd (en is nog steeds) die sogenaamde "Three Principles of the People" - opgestel deur die "vader" van Nasionalistiese China, dr Sun Yat-Sen. Daar bestaan verskeie variasies van die Drie Be=gingsels, maar in hoofsaak kom dit neer op die volgende: "The people are to have. The people are to control. The people are to enjoy". ("This month in Taiwan", November 1981). Dit kan ook verwys na nasionalisme, demokrasie en maatskaplike welsyn. Hierdie beginsels is ŉ vermenging van die idees van Confucius, Locke en Jefferson.

In 1968 formuleer die Departement van Binnelandse Sake van

Taiwan die "Work Outlines on Community Development". Die regering se aanvaarding van hierdie riglyne lei tot die saamstel van 'n "Eight Year Community Development Program of Taiwan Province". Die kerndoelstellings van hierdie program was die volgende: "Manpower, material and finan= cial power in the communities will be mobilized .... to enchance the standard of living of community people, pro= mote their productive efficiency, improve their living environments and establish a new society based on the "Principles of the People's Livelihood" (Social Welfare Services, 1981, p51 - 52). Hoewel die sogenaamde Agtjaar-Program later verander is na die Tienjaar-Program, het die basiese uitgangspunte dieselfde gebly.

Verskeie ander verwikkelinge ten opsigte van gemeenskaps= ontwikkeling het gedurende 1965-1971 ontplooi. Die Nasio= nale Instituut vir Navorsing en Opleiding in Gemeenskaps= ontwikkeling word met behulp van die V.V.O. in 1970 tot stand gebring. Gemeenskapsgerigte opleiding vir maatskap= like werkers word ook aan universiteite van stapel gestuur (Li, 1979, p10). In November 1971 verloor Nasionalistiese China (Taiwan) sy posisie in die Algemene Vergadering van die V.V.O. Tesame hiermee verdwyn 'n groot deel van die finansiële steun wat deur die V.V.O. aan ontwikkelingspro= jekte in Taiwan bestee is. In 1972 verlaat verskeie kun= diges van die V.V.O. die Nasionale Instituut vir Gemeen= skapsontwikkeling in Taiwan (Li, 1979, p10).

Die groei van die gemeenskapsontwikkelingsbenadering in Taiwan is nie sonder probleme nie. Die stelling word dik= wels gemaak dat die uitvoering van gemeenskapsontwikkeling nie altyd ooreenstem met die teoretiese doelstellings wat deur beplanners en gemeenskapswerkers voorgehou word nie. Li (1979, p5) beweer dat gemeenskapsontwikkeling 'n nuwe begrip en idee vir mense van Taiwan is. Selfs beleidma= kers verskil in terme van die betekenis hiervan. "Gene= rally speaking, most of the administrators and ruling po= litical party leaders are task-oriented, and their inte= rest lies in physical construction or community improve= ments, such as building roads and improving environmental sanitation and increasing living standards of the people. On the other hand, experts and scholars define community development as a process of working with people and hel= ping them achieve their own collective goals. These per= sons are process-oriented, and their interest lies in trai= ning, educating and organising people to change their at= titudes and behaviour, and to increase resident partici= pation in the programs" (Li, 1979, p5).

Nog 'n struikelblok in die weg van die aanvaarding van die gemeenskapsontwikkelingsbenadering, was die feit dat som= mige regeringslui 'n "sosiale beweging" of "gemeenskaps= mag" teengestaan het uit vrees dat dit "sosialisties" of selfs "kommunisties" van aard kan wees. Hierdie vrees is glad nie verregaande nie indien in ag geneem word dat die gemeenskapsontwikkelingsbenadering tog sterk klem plaas

op die hegte integrasie en solidariteit van gemeenskaps= lede - iets wat wel negatief aangewend kan word indien so= danige gemeenskapsolidariteit vanuit die kommunistiese ideologie misbruik word. Die rede is natuurlik dat Tai= wan in uiterste opposisie staan teenoor die kommunistiese ideologie. Daarom ook dat die meeste beleidmakers in Tai= wan die klem plaas op regeringsbystand en -regulering van gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Coertze is van mening dat gemeenskapsontwikkeling hom tot radikale toepassing leen en in die hande van die kommunistiese ideologie speel wanneer die klem geplaas word op reaksionêre aktiwi= teite deur sogenaamde "verontregtes" in die gemeenskap (vgl. Coertze, 1982, p27). Die nadeel van oorsensiti= witeit aan die kant van die regering in terme van boge= noemde, is natuurlik dat die regering oormatig regule= rend optree betreffende die uitvoering van ontwikkelings= projekte en derhalwe inisiatief van die plaaslike gemeen= skaplede kan smoor.

In Taiwan was die aanvaarding van die gemeenskapsont= wikkelingsbenadering 'n positiewe stap in die rigting van 'n gebalanseerde sosio-ekonomiese orde in die aangesig van 'n oorgangsproses van 'n landbouland na 'n indus= triële samelewingsorde. Die indruk moet egter nie geskep word dat gemeenskapsontwikkeling in Taiwan bloot 'n strategie was om die maatskaplike probleme van industria=

lisasie te probeer teengaan nie - dit was ook 'n strategie om industrialisasie te stimuleer (vgl. hoofstuk 3, afdeling 6.3.2).

## 3. ORGANISASIE VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN TAIWAN

Die organisatoriese opset en struktuur van gemeenskapsontwikkeling is 'n belangrike aspek van die beplanning en praktiese implementering daarvan. Dit is op sigself 'n instrument om die primêre doelstellings van gemeenskapsontwikkeling te bereik. Doelstellings soos betrokkenheid, deelname en samewerking kan bevorder word deur 'n effektiewe organisatoriese struktuur wat voorsiening maak vir die desentralisering van verantwoordelikhede en pligte na die plaaslike gemeenskap (vgl. du Preez, 1981, p109). Gemeenskapsorganisasie kan dan beskryf word as 'n metode van inmenging, tussenkoms of ingryping waardeur individue, groepe en organisasies deur middel van beplanning en organisasie betrek word by beplande aksie met betrekking tot ontwikkelingsprobleme (du Preez, 1981, p110).

Die liggame wat verantwoordelik is vir die administrasie en organisasie van gemeenskapsontwikkeling in Taiwan, funksioneer op vier vlakke, nl. die nasionale, provinsiale, streeks- en gemeenskapsvlak. Daar sal kortliks by elk hiervan stilgestaan word.

## 3.1 Die nasionale vlak

Die sentrale regering is die koördineerder van gemeenskaps= ontwikkeling op die nasionale vlak. Die Nasionale Gemeen= skapsontwikkelingskomitee is die verantwoordelike liggaam op hierdie vlak. Die Minister van Binnelandse Sake tree op as Voorsitter van hierdie Komitee, terwyl die Direkteur van die Departement van Maatskaplike Aangeleenthede as Sekretaris-Generaal optree. Die lede van die Komitee is plaaslike spesialiste op die gebied van gemeenskapsontwik= keling en ook ander verteenwoordigers uit staatsdeparte= mente gemoeid met gemeenskapsontwikkeling. Die funksies van hierdie Komitee is enersyds hoofsaaklik die formule= ring van beginsels en metodes vir implementering van gemeen= skapsontwikkeling en andersyds ook om skakeling te bewerk= stellig met relevante internasionale organisasies wat be= trokke is by gemeenskapsontwikkeling.

Daar is nog twee ander organisasies wat op nasionale vlak betrokke is by gemeenskapsontwikkeling in Taiwan, naamlik die Chinese Vereniging vir Gemeenskapsontwikkeling en die Nasionale Instituut vir Navorsing en Opleiding in Gemeen= skapsontwikkeling (laasgenoemde organisasie is die belang= rikste en sal later in meer besonderhede bespreek word). Die Chinese Vereniging vir Gemeenskapsontwikkeling is 'n sogenaamde burgerlike organisasie met plaaslike gemeen= skapsontwikkelingspesialiste, -administrateurs en gemeen= skapswerkers as lede. Die belangrikste taak van hierdie

Vereniging is om die aard, beginsels en metodes van gemeen= skapsontwikkeling aan die breë publiek bekend te stel. Vlugskrifte en seminare word onder andere gebruik om dié doelstellings te verwesenlik.

3.2 Die provinsiale vlak

Die Provinsiale Raad van Taiwan se Departement vir Maat= skaplike Aangeleenthede (Afdeling vir Gemeenskapsontwik= keling) en die Stadsrade van Taipei en Kaohsiung se Buro's vir Maatskaplike Aangeleenthede funksioneer op die pro= vinsiale vlak as koördineerders van gemeenskapsontwikke= ling. Elkeen van hierdie liggame het 'n komitee wat aktief betrokke is by die koördinasie, regulering en promosie van gemeenskapsontwikkelingsprojekte in die onderskeie jurisdieke gebiede. Die praktiese implementering van ge= meenskapsontwikkeling geskied onder toesig van bogenoemde liggame wat met reg as die vernaamste koördineerders van gemeenskapsontwikkeling beskou word, hoewel hulle verant= woording moet doen aan die Sentrale Regering (Departement Binnelandse Sake). Die grootste deel van die beplanning, organisasie en uitvoering van projekte berus by genoemde liggame.

3.3 Die streekvlak

Die Distriksraad (Afdeling Maatskaplike Aangeleenthede), die Distrikskantoor (Sosio-ekonomiese Afdeling) en die

Plattelandse Dorpskantoor (Afdeling Maatskaplike Welsyn) asook die plaaslike gemeenskapsontwikkelingsliggame, met onderskeie komitees gemoeid met gemeenskapsontwikkeling, vorm die streekbasis. Hierdie liggame is ten nouste betrokke by die uitvoering van gemeenskapsontwikkelingspro=jekte; is direk verantwoordelik aan die provinsiale lig=game binne wie se jurisdieke gebied hulle funksioneer; en is inderwaarheid verlengstukke van dié liggame. Hulle moet uitvoering gee aan besluite wat op provinsiale vlak geneem word en hoewel dié liggame eie inisiatief mag neem betref=fende projekte binne hulle onderskeie gebiede, moet dit nogtans geskied binne die kader van die provinsiale rege=ringsliggame se beleidsbepaling.

## 3.4 Die gemeenskapsvlak

Die Dorpskantoor ("Village Office") op die platteland en die Wykskantoor ("Sub-Ward Office") in die stede funksio=neer op die gemeenskapsvlak. Na aanleiding van die "Work=ing Guideline for Community Development" moet elke gemeen=skap wat betrokke is by gemeenskapsontwikkelingsprojekte 'n gemeenskapsraad op die been bring. Dié raad bestaan uit 9 tot 17 lede wat op demokratiese wyse deur die ge=meenskap self verkies word. 'n Gemeenskapsdienssentrum funksioneer onder die gesag van die gemeenskapsraad. Die raad is verantwoordelik vir die gladde funksionering van gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Projekte word imple=menteer na gelang van elke gemeenskap se eie besondere be=

hoeftes, maar dis nog steeds deel van die groter ontwikkelingsprojekte van die provinsiale regeringsliggame.

## 3.5 Die Instituut vir Navorsing en Opleiding in Gemeenskapsontwikkeling

Afgesien van die bogenoemde vier vlakke, is die Instituut vir Navorsing en Opleiding ook 'n belangrike komponent van die organisatoriese opset betreffende gemeenskapsontwikkeling in Taiwan. Dié Instituut is in Junie 1970 tot stand gebring met behulp van finansiële steun wat van die V.V.O. en die Sino-Amerikaanse Fonds verkry is. Die Taiwanese regering het ook onderneem om geldelike bystand te verleen. Nadat die V.V.O. se ontwikkelingsprogram in 1972 tot 'n einde gekom het, is tegniese bystand aan die Instituut ook beëindig. Die volgende jaar is die Instituut finansieel deur ander buitelandse organisasies en regeringsbydraes gesteun.

Die oppergesag van die Instituut bestaan uit 'n Raad van Direkteure, waarvan daar 23 is, met die Minister van Binnelandse Sake as Voorsitter. Verder is daar ook 'n Komitee vir Onderwys en Opleiding, wat uit 13 lede bestaan. Drie ander komitees is belas met die verantwoordelikheid van navorsing, opleiding en bestuur onderskeidelik.

Die primêre funksies van die Instituut is drieërlei van aard, nl.

- om navorsingsprojekte aangaande die gemeenskapslewe

in die algemene en gemeenskapsontwikkeling in die besonder te stimuleer en self van stapel te stuur;

- om <u>oriëntasie- en opleidingsprogramme</u> in gemeenskaps= ontwikkeling aan gemeenskapswerkers en vrywillige wer= kers aan te bied;

- om <u>toeligtingsprojekte</u> in gemeenskapsontwikkeling in geselekteerde gebiede uit te voer.

Die Instituut het oor die jare 'n indrukwekkende databank opgebou betreffende navorsingstudies wat spesifiek op ge= meenskapsontwikkeling gerig was. Teen die helfte van 1980 was 60 studieprojekte reeds gefinaliseer. Studies is ge= doen omtrent gemeenskapsprobleme, sosio-ekonomiese en so= siaal-demografiese aspekte van gemeenskappe in Taiwan.

Korttermyn oriëntasieprogramme (van enkele dae tot onge= veer ses weke lank) word gereeld deur die Instituut aan= gebied. Die Instituut funksioneer in noue kontak met uni= versiteite en help met die opleiding van gemeenskapswer= kers. Vrywilligers en lede van gemeenskapsrade kan ook kursusse bywoon waar basiese opleiding en oriëntering in gemeenskapsontwikkeling verskaf word. Teen die einde van 1980 was 'n totaal van 167 seminare en spesiale studieklas= se reeds aangebied en deur ongeveer 10 300 mense bygewoon (klasse van hierdie aard word "know-how instruction" ge= noem). Die doelstellings, aard en implementering van ge=

meenskapsontwikkeling word tydens hierdie seminare bespreek. Aspekte wat ook aandag geniet, is onder andere die aard van gemeenskappe; leierskap in die uitvoering van gemeenskaps=ontwikkelingsprojekte en ander relevante temas rondom die groepsdinamika; asook die aard van menseverhoudinge in die algemeen.

Die Instituut stel hom ten doel om soveel moontlik lede van die breë publiek bekend te stel met die idee en inhoud van die gemeenskapsontwikkelingsbenadering. Die massamedia word onder andere ingespan om hierdie doelstelling te be=reik.

Die Instituut publiseer 22 verskillende soorte handlei=dings rakende gemeenskapsontwikkeling en aspekte van ge=meenskapsontwikkeling. Verder word navorsingsverslae ook gepubliseer. Die "Community Development Quarterly" is 'n belangrike publikasie van die Instituut. Hierdie litera=tuur word gebruik vir die opleiding en oriëntering van ge=meenskapswerkers en ander betrokkenes, maar dien ook om die gemeenskapsontwikkelingsbenadering op 'n wetenskaplike grond=slag te plaas.

## 4. UITGANGSPUNTE BY DIE IMPLEMENTERING VAN GEMEENSKAPSONTWIK=KELING

In die "Social Welfare Services" (1981, p52) van Taiwan se Departement van Binnelandse Sake, word gemeenskapsontwik=

keling soos volg beskryf: "Community development is a multi-purposed, multi-orientated, and multipolarized so= cial welfare work. Being extensive in scope, it includes materialistic and spiritual .... welfare. It is designed not only to solve people's need in food, clothing, housing, transportation and recreation, but also to give expression to the traditional virtue of morality .... of the inhabi= tants within the community. The voluntary self-governing spirit of the community inhabitants is also required to make contributions in co-ordination with the government .... to improve their living, to enhance their welfare and promote social progress." Tot 'n groot mate is dié uitgangspunte 'n neutedopbeskrywing van alles wat tot hier= toe omtrent gemeenskapsontwikkeling gesê is. Hierdie oor= hoofse doelstellings van gemeenskapsontwikkeling hang saam met die rasionaal vir gemeenskapsontwikkeling soos vroeër (hoofstuk 3, afdeling 6) bespreek is. Daar is egter ook doelstellings wat vir operasionele doeleindes aangewend word en gespesifiseer is vir die besondere rasionaal van gemeenskapsontwikkeling in Taiwan.

### 4.1 Operasionele doelstellings

Die implementering van gemeenskapsontwikkeling in Taiwan geskied aan die hand van die volgende operasionele doel= stellings:

4.1.1 <u>Omgewingsverbetering</u>

Dit behels 'n algehele opknapping van fisiese strukture. In stedelike agterbuurte word daar grootliks gekonsentreer op die gemeenskap se pogings om,in samewerking met stede= like owerhede, 'n verbeterde sanitasiestelsel daar te stel, paaie en ander verbindingsweë eiehandig op te knap, bome en ander plante en struike aan te plant, parke aan te lê vir stedelike versiering en kinderparke te vestig waar kin= ders veilig is van stadsverkeer.

4.1.2 <u>Sosio-ekonomiese ofheffing</u>

Die maatskaplike en ekonomiese verhoging van die stedelike agterbuurtbevolking word deur middel van verskeie projekte gestimuleer. Daar word baie aandag gegee aan die verhoging van die produktiwiteit van inwoners deur bv. tuisnywerheid= skemas van stapel te stuur en tegniese opleiding aan te moedig (die sg. "vocational training"). Op die terrein van gesondheid word 'n hoë prioriteit verleen aan die ves= tiging van klinieke, terwyl gesinsbeplanning en kursusse betreffende gesonde eetgewoontes en algemene fisieke wel= syn ook voorrang geniet.

4.1.3 <u>Die moreel-etiese komponent</u>

Die herlewing en versterking van die tradisionele kultuur= besit, patriotisme en nasionalisme word hoog aangeslaan,

veral in stedelike agterbuurte waar die moreel-etiese wel= syn van inwoners soms nie baie sterk figureer nie. Groot bedrae geld word deur die gemeenskap self en die stedelike owerheid bestee, terwyl ewe veel mannekrag-insette gelewer word om 'n gemeenskapsentrum in byna elke stedelike agter= buurt op te rig waar die gemeenskap saam kan ontspan, ge= sellig kan verkeer en georganiseerde byeenkomste kan reël. Sportbeoefening en konstruktiewe vryetydsbesteding word so ver moontlik op georganiseerde wyse aangemoedig en gereël, terwyl daar gepoog word om kultuurorganisasies se prestige en lidmaatskap te verhoog. Die belangrikheid van jeugor= ganisasies word veral beklemtoon.

## 4.2 Beginsels

Die volgende beginsels word as onontbeerlik beskou vir die implementering van gemeenskapsontwikkeling:

- Die gemeenskapslede moet aktief betrokke wees by die implementering van gemeenskapsontwikkeling. Hulle moet prakties betrokke raak by en gemotiveer wees vir die verbetering van hulle eie lewensomstandighede. Rege= ringsinstellings voorsien tegniese, ekonomiese en selfs morele ondersteuning deur middel van amptenare wat be= trokke is by gemeenskapsontwikkeling.

- Voorkeur word gegee aan gebiede waar armoede en ge= meenskapsdisorganisasie hoogty vier.

- Die drie basiese doelstellings (vgl. 4.1 van hierdie bylae) word as ewe belangrik beskou en moet ewe veel aandag geniet om gebalanseerde ontwikkeling te laat slaag.

- Die implementering van gemeenskapsontwikkeling word voorafgegaan deur deeglike wetenskaplike navorsing, organisasie en personeelopleiding.

- Amptenare wat betrokke is by die implementering van ge=meenskapsontwikkeling moet ná opleiding die gemeenskaps=lede deur middel van seminare, lesings en ander hulpmid=dels op hoogte bring met die werkwyses en beginsels van gemeenskapsontwikkeling. 'n Handboek, wat gedetailleer=de instruksies omtrent gemeenskapsontwikkeling bevat, word bv. ook onder die lede van die gemeenskap ver=sprei om hulle by wyse van 'n eenvoudige medium te on=derrig omtrent die aard van gemeenskapsontwikkeling.

- Gemeenskapsontwikkelingsprojekte word in terme van 'n kompetisiebasis uitgevoer. Spesiale komitees word daargestel om die resultate van gemeenskapsontwikke=ling in die individuele gemeenskappe te evalueer. Daar word geglo dat onderlinge kompetisie tussen ge=meenskappe die moraal van gemeenskapslede sal versterk, wat tot 'n hegte solidariteitsgevoel sal lei en betrok=kenheid by projekte sal aanmoedig.

## 5. GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN TAIPEI

Teen die agtergrond van voorafgaande uiteensetting be= treffende die gemeenskapsontwikkelingsbenadering in Tai= wan, sal daar vervolgens 'n uiteensetting gegee word van die belangrikste kenmerke van die operasionalisering van ge= meenskapsontwikkeling in twee agterbuurtgemeenskappe in Taipei, die hoofstad van Taiwan.

### 5.1 Die An-Kang-agterbuurt

Die An-Kang-gemeenskap bestaan uit meer as 500 sub-ekono= miese behuisingseenhede wat gedurende 1972-76 opgerig is. Hierdie eenhede moet voorsien in die behuisingsnood van mense met 'n lae inkomste. In 1976 is die An-Kang gebied amptelik as 'n gemeenskap verklaar en is 'n gemeenskapsraad verkies. Daar is dadelik met gemeenskapsontwikkeling be= gin, omdat dié woonbuurt die probleme van 'n "tipiese" ag= terbuurt vertoon het, veral ten opsigte van maatskaplike omstandighede.

Teen die einde van 1981 is die volgende reeds bereik: 'n gemeenskapspark is te midde van 'n omringende "beton-oer= woud" gevestig en 'n gemeenskapsentrum is opgerig wat voor= siening maak vir 'n gemeenskapsbiblioteek en geriewe vir handwerkopleiding vir vroue. 'n Mediese en psigiatriese kliniek; 'n laerskool; 'n varsproduktemark en 'n polisie= stasie is ook in samewerking met die Stadsraad van Taipei

gevestig. Afgesien van die opleiding wat aan vroue ver=skaf word ("vocational training"), word die jeug ook ge=organiseer in jeugbewegings.

Daar was teen die einde van 1981 twee gemeenskapswerkers wat permanent werksaam is in dié gemeenskap van ongeveer 8 000 inwoners. Die getal professionele werkers is wel onvoldoende, maar van tyd tot tyd word studente van uni=versiteite gebruik om te help met die verskaffing van maat=skaplike hulpdienste. Sommige van die take wat deur die gemeenskapswerkers en die gemeenskapsraad verrig word, is bv. om reëlings te tref vir gratis mediese dienste aan ge=meenskapslede; verskaffing van mediese voorligting deur medici; die verspreiding van inligting omtrent gesinsbe=planning; om te help met die totstandkoming en groei van jeugorganisasies; die organisering van bejaardes in ver=skeie klubs; en te help om werksgeleenthede te bekom vir uiters behoeftige lede van die gemeenskap.

Tydens my besoek aan die gemeenskap in November 1981, het die gemeenskapswerkers my meegedeel dat die inwoners van die An-Kang-gemeenskap effens passief is en hoewel baie reeds bereik is, is daar tog 'n gebrek aan motivering by die gemeenskapslede om werklik selfstandig inisiatief aan die dag te lê betreffende eie opheffing. Die gemeenskapswer=kers meet die sukses wat tot dusver wel bereik is aan die verskynsel dat meer mense die gebied verlaat en na beter woonbuurte trek as die getal wat immigreer. Die gemeen=

skapswerkers se slagspreuk is: "With love and endu= rence we have confidence to help them to their self-reli= ance; to earn their own living; to get rid of poverty, and live in harmonious surroundings. It is so that a combi= nation of experience and knowledge of social work and support from society is necessary to strengthen our service to the needy people" (persoonlike mededeling deur 'n gemeenskaps= werker).

'n Volgende voorbeeld van gemeenskapsontwikkeling in Tai= pei, is die Linshi-gemeenskapsontwikkelingsprojek. Die Linshi-gemeenskap geniet die intensiewe betrokkenheid van die Soochow Universiteit by gemeenskapsontwikkelingspro= jekte.

5.2 Die Linshi-ontwikkelingsprojek

Die "Social Service Experiment Station of Soochow Univer= sity" (SSES) is in 1974 deur die Soochow Universiteit in die Linshi-gemeenskap begin. Die doel van SSES was tweeledig: om nouer bande tussen die nabygeleë Universi= teit en die gemeenskap te smee; en om die gemeenskap te steun in ontwikkelingspogings. Die Universiteit het verskeie gemeenskapsontwikkelingprojekte in die gemeenskap gesteun en geïnisieer, waarvan die "Family life-art classes" en die

"Health Station Extension Service Project" hier bespreek sal word.

## 5.2.1 Die "Family life-art classes"-projek

Die kern van hierdie projek sentreer rondom volwasse onder= wys. Voordat die projek in 1976 begin is, het die Sosio= logie Departement van die Soochow Universiteit deur middel van 'n gemeenskapsanalise vasgestel dat daar nog nooit 'n poging aangewend is om projekte te loods wat gerig is op die verbetering van die algemene lewenskwaliteit van vol= wassenes in die Linshi-gemeenskap nie. Daar is ook gevind dat die gemeenskapslede 'n duidelike behoefte gehad het aan verbetering van mediese fasiliteite en georganiseerde vry= willige organisasies. SSES se "Family life-art classes" was die eerste stap in dié rigting.

Die projek het ten doel om geleenthede te skep waardeur die gemeenskapslede te midde van 'n aangename atmosfeer met mekaar kan kommunikeer en terselfdertyd ook hulle bele= wenis van en probleme betreffende die algemene gesinslewe met mekaar kan deel. Nadat 'n deeglike voorstudie van die gemeenskapslede se behoeftes gemaak is, is besluit dat do= sente klasse sal aanbied wat die volgende terreine sal dek:

- aspekte rondom die gesinslewe en geestesgesondheid;

- fisiese skoonheid- en gesondheidsaspekte;

- tuisteskepping;
- kookkuns;
- sanitasie en siektetoestande.

Elkeen van hierdie afdelings word in die vorm van vier weeklange kursusse aangebied deur deskundiges op elke ter= tein.

Die inhoud van hierdie kursusse sien min of meer soos volg daar uit:

a) Die gesinslewe en geestesgesondheid:

(i) Die huwelik

Die lesings vir hierdie kursus fokus op die man-vrou-verhouding met aandag aan onderwerpe soos die liefdesverhouding en probleme rondom arbeids- en gesagsverdeling in die huwelik.

(ii) Gesinsverhoudinge

Probleme wat algemeen in die gesinslewe opduik, asook die moontlike oorsake en oplossings wat daarvoor gevind kan word, word bespreek.

(iii) Geestesgesondheid

Die betekenis van geestesgesondheid en geestesver= steuring word bespreek, met besondere aandag aan die aard van 'n geestesgesonde gesinslewe.

(iv) Ontspanning en vryetydsbesteding

Daar word veral gelet op die verskillende maniere waar= op die gesin as hegte sosiale eenheid saamgesnoer kan word deur die beoefening van gemeenskaplike sport= soorte, stokperdjies en ander wyses van ontspanning en vryetydsbesteding.

b) Fisiese skoonheid en gesondheid

Dames word ingelig en onderrig omtrent die fynere kunsies rondom aspekte wat verband hou met fisiese skoonheid, lig= gaamsoefeninge en vroue-siektes.

c) Tuisteskepping

Onderwerpe word behandel wat verband hou met die verfraai= ing van die huis, huishoudelike bestuur (finansieel), blom= merangskikking en stokperdjies wat beoefen kan word om goed= koop gebruiksartikels tuis te skep.

d) Kookkuns

Verskeie aspekte van meer ekonomiese en gesonder voedsel=voorbereidingsmetodes word behandel.

e) Sanitasie en siektetoestande

(i) Gesinsbeplanning

Klem word geplaas op gesinsbeplanning as sosio-ekonomiese noodsaaklikheid, terwyl geboortebeper=kingsmetodes in groot besonderhede bespreek word teen die agtergrond van bevolkingsontploffing as wêreldwye probleem in ontwikkelende lande.

(ii) Kanker

Identifisering en behandeling van dié siekte ge=niet intensiewe aandag.

(iii) Gesinsgesondheid

Klem word geplaas op die belangrikheid van gesonde sanitasie as vereiste vir 'n fisies-gesonde gesin en verder word besondere aandag verleen aan die jeug en oumense ten opsigte van dieet, fisiese oefening deur middel van noodsaaklike fisiese ontspanning,

en onderrig in algemene gesondheidsaspekte.

Die inwoners se reaksie op die klasse was besonder bevre=digend. Byna al die deelnemers aan die eerste reeks kur=susse het aangedui dat hulle graag wou aangaan daar=mee en dat die kursusse hulle kennis en vaardigheid in en rondom die algemene huishouding en gesinslewe verbreed het. Interessante gegewens het ook aan die lig gekom, byvoor=beeld dat die laer sosio-ekonomiese klas nie so geïnteres=seerd was in hierdie kursusse nie, hoewel dit juis húlle was wat baie baat daarby kon vind. In die toekoms sal die kursusse op die laer sosio-ekonomiese groep toegespits wees en sal die plaaslike leiers (soos onderwysers) se invloed gebruik word om hulle te motiveer om van dié diens gebruik te maak. Aktiewe deelnemers aan die programme sal in die toekoms as leiers identifiseer word en ingespan word om op eie stoom gemeenskapsprojekte te organiseer.

5.2.2 <u>Die "Health Station Extention Service"-projek</u>

Hierdie projek is ook deur die Soochow Universiteit geïni=sieer in die Linshi-gemeenskap. Die uitgangspunt was dat die "Health Station" 'n belangrike rol kon speel in die gemeen=skap se totale "gesondheidsisteem". Die kliniek het die taak om om te sien na die vervulling van die gesondheidsbe=hoeftes wat in die gemeenskap bestaan, bv. aspekte rakende

die oorsake van siektes (soos omgewingsanitasie), bekamping van siektes en ander mediese versorgingsaktiwiteite, maar ook aspekte rakende gesinsbeplanning.

Mannekragtekorte is gewoonlik een van die probleme wat die dienste van so 'n kliniek in die wiele kan ry. Nie-profes= sionele, maar tog opgeleide mediese personeel, dikwels uit die gemeenskap self, word aangewend as mannekraghulpbron. Daar is ook vir die funksionering van die Linshi-gemeenskaps= kliniek gebruik gemaak van gemeenskapswerkers en gemeenskaps= leiers. Hierdie mense moes nie net die kliniek op deeltydse basis beman nie, maar ook die gemeenskap aanmoedig om ener= syds van die kliniek se dienste gebruik te maak en ander= syds te help om dié fasiliteit se personeeltekorte aan te vul.

Die Soochow Universiteit het deur middel van konsultasie= dienste gehelp om die personeel van die kliniek in te lig omtrent die mees algemene probleme wat ten opsigte van ge= sondheidsaspekte in die gemeenskap bestaan, om sodoende doeltreffende voorligting in die verband aan gemeenskaps= lede beskikbaar te stel. Dosente en studente het in die gemeenskap inbeweeg om sulke aspekte te ondersoek, mense van raad te bedien en die belangrikheid van fisiese en geestelike gesondheid te propageer.

Die Soochow Universiteit het die gesondheidsproblematiek van die Linshi-gemeenskap op wetenskaplike wyse hanteer.

ŉ "Gesondheidsdiensspan", bestaande uit enkele studente en dosente van die Soochow Universiteit, het as projek=leiers opgetree. ŉ Intensiewe ondersoek is geloods om ŉ breë profiel te verkry van die gesondheidstoestand in die gemeenskap. ŉ Verteenwoordigende steekproef is saamgestel en persoonlike onderhoude is met dié mense gevoer. Nood=saaklike gegewens is ingesamel wat later vir beplannings=doeleindes benut kan word. Daar is bv. vasgestel dat on=geveer 67% van die sowat 150 bejaarde persone wat ouer was as 65 jaar een of meer relatief ernstige siekte ge=had het, terwyl 26% aan een of meer chroniese siekte ge=ly het. Slegs 14% van hulle het die kliniek om dié re=des besoek. Daar is ook gevind dat sommige van die ouer mense geen ontspanningsaktiwiteite of intieme persoonlike vriende gehad het nie. Die oumense was sosiaal geïsoleer en het ŉ onverskillige houding jeens hulle siektetoestan=de getoon.

Die ander lede van die gemeenskap was, in vergelyking met die ouer mense, baie gesonder en het ook meer vryetydsbeste=dingsaktiwiteite en beskikbare fasiliteite vir dié akti=witeite gehad. Daar was egter ŉ kleiner persentasie wat die kliniek gebruik het om hulle siektes te verlig.

Die universitêre gesondheidsdiensspan het dadelik ŉ plan van aksie geloods. Teen die agtergrond van bostaande inlig=ting, is ŉ paar gevallestudies van siek persone gedoen; hulle is aangemoedig om die kliniek vir hulp te nader; dié

persone is persoonlik besoek om hulle van raad en mediese hulp te bedien en gemeenskapseminare is gehou met be=trekking tot gesondheids- en siektetoestande. Die oumense is in groepe georganiseer om aan 'n verskeidenheid vrye=tydsbestedingsaktiwiteite deel te neem binne groepsverband. 'n Klub vir Senior Burgers het gou tot stand gekom en 'n ge=kose komitee het programme begin reël waaraan nie net die ouer mense nie, maar ook ander lede van die gemeenskap be=gin deelneem het. Meer seminare is ook vir die gemeenskap gereël met kenners as sprekers omtrent aspekte rakende fi=siese en geestesgesondheid. Daar is gefokus op die aktiewe deelname van die gemeenskap in besprekingsgroepe wat die besondere probleme van die Linshi-gemeenskap onder oë ge=neem het.

Die entoesiasme en betrokkenheid van die gemeenskap het uit=geloop op die vestiging van 'n gemeenskapskoerant wat bygedra het tot 'n verhoogde gemeenskapsbewussyn onder die inwoners van die Linshi-gemeenskap.

Die "Health Station Extention Service Project" is derhalwe met groot welslae deurgevoer, veral omdat daar met sekerheid beweer kan word dat baie siektes bekamp is en 'n gesondheids=bewussyn onder die lede van die gemeenskap gekweek is.
Soos daar vroeër gemeld is (vgl. hoofstuk 4, afdeling 5.1), is gemeenskapsontwikkeling nie altyd afhanklik van 'n om=vangryke beplanningstrategie wat uit verskeie projekte saamgestel is nie, maar 'n enkele projek kan sodanig vertak

dat veel meer bereik word as wat bloot deur 'n enkele ter= reindekking beoog is. Die bogenoemde projek het bv. die lewenskwaliteit van mense verhoog deurdat oumense se pro= bleem van sosiale isolasie geïdentifiseer en hanteer is en 'n gemeenskapskoerant die lig gesien het - iets wat aan= vanklik nie voorsien is nie. Bogenoemde resultate is 'n bewys dat gemeenskapsontwikkelingsprojekte konkrete re= sultate in stedelike agterbuurte teweeg kan bring indien dit wetenskaplik en in samewerking met die gemeenskap aan= gepak word.

## 6. SAMEVATTING

Wanneer gemeenskapsontwikkeling aangepak word op dié skaal waarmee dit in Taiwan gedoen word, beteken dit noodwendig dat dit groot mannekrag- en finansiële implikasies inhou. Daar kan derhalwe met reg gevra word of die beplande doel= stellings konkreet gerealiseer is. Daar kan gevra word of gemeenskapsontwikkeling bygedra het tot die verbetering van die omgewing; verhoging van die ekonomiese produksie= vermoë van mense; hulle maatskaplike welsyn; en die ver= sterking van gesonde moreel-etiese waardebeskouings.

Dit het uit die skrywer se studiebesoek aan Taiwan geblyk dat die implementering van gemeenskapsontwikkeling byge= dra het tot onder andere 'n fisiese verbetering van stede= like agterbuurtgemeenskappe. Die inwoners het veel verrig om byvoorbeeld self die infrastruktuur van hulle woon=

buurte op te knap. Paaie is meer toeganklik gemaak, parke is aangelê en sanitasiegeriewe verbeter. In feitlik al die stedelike agterbuurtgemeenskappe is gemeenskapsentra deur die inwoners self gebou met die tegniese en soms finansiële on= dersteuning van stedelike en regeringsowerhede. Die gemeen= skapsentra maak in meeste gevalle voorsiening vir kleuter= skool- en naskoolse onderrigfasiliteite, 'n kliniek en ook 'n gemeenskapsbiblioteek. Sportgronde en ander ontspannings= fasiliteite is ook met owerheidsteun tot stand gebring.

Gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat die verbetering van mense se ekonomiese produksievermoë en opvoedingspeil ten doel gehad het, was tot 'n hoë mate suksesvol. Tegniese op= leidingsgeleenthede ("vocational training") het tot dus= ver 'n groot deel van die jeugdige bevolking se opleidings= vlak verhoog en die moontlikheid van beter werksgeleenthede het sodoende vir dié jongmense 'n groter realiteit geword as wat vroeër die geval was. Verskeie jeugprojekte het die be= trokkenheid van jongmense by hulle gemeenskappe verhoog. Jeugklubs wat tot stand gebring is, lewer 'n groot bydrae tot die verbetering van die lewensomstandighede in stedelike agterbuurte, veral omdat jongmense konstruktiewe vryetydsbe= stedingsaktiwiteite aangeleer word.

Die algemene lewensomstandighede van volwasse agterbuurtin= woners is verbeter deur die vestiging van ontspanningsklubs; die indusering van gesinsbeplanningstegnieke; die aanbie= ding van bestuurskursusse wat afgespits is op kleinsake-

ondernemings; die stimulering van tuisnywerheidskemas; oprigting van enkele tehuise vir die versorging van bejaar=des, en 'n verskeidenheid ander aktiwiteite wat voorsien in algemene gemeenskapsbehoeftes.

Die kwantifisering van bogenoemde resultate is nie maklik nie, veral nie wanneer dit in monetêre terme uitgedruk moet word nie. Daar kan nietemin met 'n redelike mate van seker=heid gestel word dat die stedelike agterbuurtinwoners van Taiwan 'n verbetering in terme van algemene lewenskwaliteit ervaar het a.g.v. hulle deelname aan gemeenskapsontwikke=lingsprojekte.

Struikelblokke op die weg van meer gunstige resultate is o.m. die tendens dat die regering 'n effens rigiede beheer=georiënteerde invloed uitoefen op gemeenskapsontwikkeling wat beide die beplanning en implementering daarvan aan=betref (vgl. Bai, 1976, p18 en Li, 1979, p65 e.v.). Hier=die tendens het daartoe aanleiding gegee dat plaaslike ge=meenskapsinisiatief in baie gevalle gesmoor is. Die groot klem wat die regering plaas op uniforme beplanning, lei ver=der daartoe dat individuele gemeenskapsbehoeftes dikwels nie bevredig word nie. Sulke probleme is soms kenmerkend van gemeenskapsontwikkeling vanuit 'n program-benadering (vgl. hoofstuk 3, afdeling 5.4). Grootliks as gevolg van die re=gering en stedelike owerhede se beklemtoning van taakdoel=witte (wat impliseer dat fisiese, meetbare resultate binne 'n kort tydsbestek bereik moet word), is baie mense nie geneë

om hulle volle steun aan gemeenskapsontwikkelingsprojekte toe te sê nie en word die deelname en betrokkenheid van inwoners grootliks benadeel. Li (1979, p66) skryf: "Most of the political leaders in Taiwan prefer short-run, visi= ble change over long-run, lasting change". Daar word dus groot klem geplaas op die bereiking van taakdoelwitte, ter= wyl daar tot 'n mindere mate gekonsentreer word op prosesdoel= stellings wat oor 'n langer termyn verwesenlik word (vgl. hoofstuk 3, afdeling 5).

Onbevredigende koördinasie van gemeenskapsontwikkelingspro= jekte op plaaslike vlak strem die effektiwiteit van gemeen= skapsontwikkeling in stedelike agterbuurte. Sommige in= stansies skyn soms nie bereid te wees, of, om bepaalde re= des, nie in die vermoë te wees om met ander gemeenskaps= ontwikkelingsagente saam te werk nie (vgl. Bai, 1976, p18 en hoofstuk 4, afdeling 5.2).

Die apatie van sommige inwoners van stedelike agterbuurte bly 'n probleem wat nie net in Taiwan nie, maar universeel 'n struikelblok is in die weg van suksesvolle gemeenskapsont= wikkeling. Opvoeding en voortdurende aanmoediging is nodig om die inwoners te beweeg tot die aanvaarding van waardes en norme wat daartoe sal lei dat hulle aktief meewerk om hulle eie lewenskwaliteit te verhoog.

# BIBLIOGRAFIE


ABRAHAMSON, M. 1980 — Urban sociology. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.

ALDRED, N. 1976 — Some contradictions in community development : the need for a stronger community approach. _Community development journal_, 11:2.

ALINSKY, S.D. 1970 — Rules for radicals. New York, Random House.

ANDERSON, N. 1971 — The industrial community. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.

ARMSTRONG, R. 1971 — Community development and community organization - allies or rivals? _Community development journal_, 6:2.

ARONSON, S.H. 1972 — The city : illusion, nostalgia, and rality. (_In_ Wrong, D.H. en Gracey, H.L. eds. Readings in introductory sociology. New York, Macmillan.)

BECKER, P. 1974 — Tribe to township. Frogmore, Panther.

BELL, C. en NEWBY, H. 1972 — Community studies. New York, Preager.

BELL, C. en NEWBY, H. 1978 — Community, communion, class and commu= nity action : the social sources of the urban politics. (_In_ Herbert, D.T. en Johnston, R.J. eds. Social areas in cities. Chichester, John Wiley.)

BERGEL, E.E. 1955 — Urban sociology. New York, McGraw-Hill.

BERGER, A.S. 1978 — The city. Urban communities and their problems. Dubuque, Wm. C. Brown.

BERGER, P.L. en BERGER, B. 1979 — Sociology: a biographical approach. Harmondsworth, Penguin.

BIDDLE, W.W. en BIDDLE, L.J. 1965 — The community development process. New York, Holt, Rinehart and Winston.

BOPAPE, M. 1980 — Community involvement in community development. Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie, 11:21

BRADSHAW, J. 1977 — The concept of social need. (In Gilbert, N. en Specht, H. eds. Plan= ning for social welfare : issues, models and tasks. Englewood Cliffs. N.J., Prentice-Hall.)

BRINDLEY, M. 1976 — Western Coloured Township. Johannes= burg, Ravan Press.

BURKE, E.M. 1975 — Citizen participation strategies. (In Kramer, R.M. en Specht, H. eds. Readings in community organization practice. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.)

CARY, L.J. 1970 — The role of the citizens in the commu= nity development process. Columbia, University of Missouri Press.

CILLIERS, S.P. 1978 — Die aanpassing van die mens en die ont= wikkeling van lewenskragtige gemeenskap= pe. Referaat gelewer tydens die Simpo= sium : "Op pad na lewenskragtige gemeen= skappe". Pretoria, Nasionale Bounavorsings= instituut van die WNNR, 14-16 November 1978.

CLINARD, M.B. 1966 — Slums and community development. New York, The Free Press.

CLINARD, M.B. en MEIER, R.F. 1979 — Sociology of deviant behavior. New York, Holt, Reinhart and Winston.

COERTZE, R.D. 1982 — Teorie en praktyk van gemeenskapsont= wikkeling in die R.S.A. (_In_ Prinsloo, K.P. red. Enkele aspekte van gemeen= skapsontwikkeling in Suid-Afrika. Pretoria, Academica.)

CRAUSE, H.L. 1980 — Die sosiologie, navorsing in die Ciskei en gemeenskapsontwikkeling. _Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie_, 11:21)

CROMPTON, J.L. en LAMB, C.W. 1980 — Eliminating community services. _Com= munity development journal_, 15:2.

CRONJÉ, G. 1968 — Mens tot medemens. Kaapstad, H.A.U.M.

CURRENT ISSUES IN COMMUNITY WORK. 1973 — A study by the community work group. London, Routledge and Kegan Paul.

DELBECQ, A. en VAN DE VEN, A. 1977 — A group process model for problem identification and program planning. (_In_ Gilbert, N. en Specht, H eds. Planning for social welfare : issues, models and tasks. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.)

DONOHEW, L en SPRINGER, E.R. 1980 — Information seeking versus information diffusion : implications for the change agent of an alternative paradigm. _Community development journal_, 15:3.

DORE, R en MARS, Z. 1981 — Community development. London, Croom Helm.

DUNHAM, A. 1970 — The new community organization. New York, Thomas Y. Crowell

DUNHAM, A. 1972 — Community development in North America. Community development journal, 7:1

DU PREEZ, P.H. 1981 — Inleiding tot die teorie van gemeen=skapsontwikkeling. Pretoria, Buro vir Ekonomiese Navorsing : Samewer=king en Ontwikkeling.

DU TOIT, J.B. 1980 — Gemeenskapsontwikkeling en die eise van vernuwing en aanpassing. Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie, 11:21.

DUVENAGE, B. 1981 — Wetenskap en norme. Potchefstroom, Departement Wetenskapsleer, Potchef-stroomse Universiteit vir C.H.O

ECONOMIC COMMISSION FOR LATIN AMERICA 1973 — Popular participation in development. Community development journal, 8:2.

EDDISON, T. 1973 — Local government : management and corpo-rate planning. Atlesbury, Leonard Hill.

FERRINHO, H. 1980 — Towards a theory of community develop=ment. Kaapstad, Juta.

FITZGERALD, M. 1980 — Urban community development in South Africa. Johannesburg, McGraw-Hill.

FOSTER, G.M. 1973 — Traditional societies and technological change. New York, Harper and Row.

FRIED, M. en LEVIN, J. 1968 — Some social functions of the urban slum. (*In* Frieden, B.J. en Morris, R. eds. Urban planning and social policy. New York, Basic Books.)

GANN, L.H. en DUIGNAN, P. 1981 — Why South Africa will survive. Kaapstad, Tafelberg.

GANS, H.J. 1968 — People and plans. New York, Basic Books.

GANS, H.J. 1972 — People and plans. Harmondsworth, Penguin.

GANS, H.J. 1980 — Urbanism and suburbanism as ways of life. (In Bocock, R., Hamilton, P., Thompson, K. en Waton, A. eds. An introduction to sociology. Glasgow, Fontana.)

GIST, N.P. en FAVA, S.F. 1974 — Urban society. New York, Thomas Y. Crowell.

GRIFFITHS, H. 1974 — The aims and objectives of community development. *Community development journal*, 9:2.

GROBBELAAR, S.W.P. 1976 — Die geskiedkundige ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk. (*In* Pieterse, J.E. red. Maat=skaplike werk - 'n algemene inleiding. Pretoria, Academica.)

HENDERSON, P en THOMAS, D.N. 1980 — Skills in neighbourhood work. London, George Allen and Unwin.

HOULT, T.F. 1977 — Dictionary of modern sociology. Totowa, Littlefield, Adams.

HOWTON, F.W. 1976 — Cities, slums and acculturative process in the developing countries. (<u>In</u> Meadows, P. en Misruchi, E.H. eds. Urbanism, urbanization, and change : comparitive perspectives. Reading, Addison-Wesley.)

HUGO, E.A.K. 1980(a) — Die geskiedkundige ontwikkeling van gemeenskapswerk as metode in maatskap= like werk. (<u>In</u> Hugo, E.A.K., Schoeman, J.H. en Engelbrecht, J.F.P. Gemeen= skapswerk. Pretoria, Heer Drukkers.)

HUGO, E.A.K. 1980(b) — Gemeenskapsontwikkeling. (<u>In</u> Hugo, E.A.K., Schoeman, J.H. en Engelbrecht J.F.P. Gemeenskapswerk. Pretoria, Heer Drukkers.)

HUNTER, D.R. 1964 — The slums : challenge and response. London, The Free Press of Glencoe.

JACKSON, A.O. 1981 — Behuising : 'n uitdaging en enkele op= lossings. Pretoria, Departement van Samewerking en Ontwikkeling : Geleent= heidsmededelinge oor Gemeenskapsont= wikkeling.

JACOBS, Jane 1972 — The death and life of great American cities : the failure of town planning. Harmondsworth, Penguin.

JOHNSON, E.H. 1973 — Social problems of urban man. Home- wood, The Dorsey Press.

JOHNSON, J. en MAGUBANE, P. 1981 — Soweto speaks. Johannesburg, Ad. Donker.

KARUNARATNE, G. 1976. — The failure of the community develop= ment programme in India. <u>Community development journal</u>, 11:2.

KHINDUKA, S.K. 1979 — Community development : potentials and limitations. (In Cox, F.M., Ehrlich, J.L., Rothman, J. en Trop= man, J.E. eds. Strategies of commu= nity organization. Itasca, F.E. Peacock.)

KING, C. 1965 — Working with people in community action. New York, New York Associa= tion Press.

KINLOCH, G.C. 1977 — Sociological theory. New York, McGraw= Hill.

KIRBY, D.A. 1979 — Slum housing and residential renewal. London, Longman.

KOMITEE INSAKE GEMEENSKAPSONT= WIKKELING : FINALE VERSLAG. 1980. — Pretoria, Departement van Samewerking en Ontwikkeling. (Voorsitter : R.D. Coertze.)

LATEGAN, E. 1981 — Die bydrae van die maatskaplike werk tot gemeenskapsontwikkeling met verwy= sing na gemeenskapswerk in die Kaapse Skiereiland. Stellenbosch, ongepubli= seerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

LAUFFER, A. 1978 — Social planning at the community level. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.

LEAGUE OF CALI= FORNIA CITIES. 1979 — Social needs assessment : a scientific or political process? (In Cox, F.M., Ehrlich, J.L., Rothman, J. en Tropman, J.E. eds. Strategies of community organi= zation. Itasca, F.E. Peacock.)

LE ROUX, P. 1978(a) — The poor white problem - an economist's perspective. Maatskaplike werk, 14:1.

LE ROUX, P. 1978(b) — The poor white problem - an economist's perspective. Maatskaplike werk, 14:2

LEWIS, O. 1976 — Privacy and crowding in poverty. (In Proshansky, H.M., Ittelson, W.A. en Rivlin, L.G. eds. Environmental psycho=logy. New York, Holt, Rinehart and Winston.)

LONG, N en WINDER, D. 1981 — The limitation of directive change for rural development in the third world. Community development journal, 16:2.

MABOGUNJE, A.L. 1980 — The development process. London, Hutchin=son.

MARAIS, W.J. 1978 — Behuising - die pad vorentoe. Referaat gelewer tydens die Simposium : "Op pad na lewenskragtige gemeenskappe". Pretoria, Nasionale Bounavorsingsin=stituut van die WNNR, 14-16 November 1978.

McVEIGH, F. en SHOSTAK, A. 1978 — Modern social problems. New York, Holt, Rinehart and Winston.

MEHANA, C. 1980 — The Peninsula Youth Association. (In Van der Merwe, H.W. ed. Towards an open society in South Africa. Kaapstad, David Philip.)

MILSON, F. 1974 — An introduction to community work. London, Routledge and Kegan Paul.

MOLNAR, D. en KAMMERUD, M. 1977
Developing priorities for improving the urban social environment. (In Gilbert, N. en Specht, H. eds. Planning for social welfare : issues, models, and tasks. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.)

MOODY, E. 1980
Gemeenskapsontwikkeling in landelike gebiede. Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie, 11:21.

MUMFORD, L. 1946
The culture of cities. London, Secker and Warburg.

NISBET, R.A. 1976
The sociological tradition. London, Heinemann.

OAKLEY, P. 1980
Participation in development in N.E. Brazil. Community development journal, 15:1.

PIEK, B.J. 1981
Die bydrae van die sosioloog in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingskonteks - leemtes en voorstelle vir 'n meer betekenisvolle partisipasie. Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie, 12:1.

PIETERSE, J.E. 1976
Die ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk in Suid-Afrika (In Pieterse, J.E. red. Maatskaplike werk - 'n algemene inleiding. Kaapstad, Academica.)

PLANT, J.S. 1964
The personality and an urban area. (In Hatt, P.K. en Reiss, A.J. eds. Cities and society. New York, The Free Press of Glencoe.)

POPENOE, D. 1980 — Sociology. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall.

POPLIN, D.E. 1979 — Communities. New York, Macmillan.

PUTTERILL, M.S. en BLOCH, C. 1978 — Ontspanningsbehoeftes vir stedelinge. Kaapstad, David Phillip.

REGIONAL AND COM= MUNITY DEVELOP= MENT SECTION, UNITED NATIONS. 1971 — Methods of community development. Community development journal, 6:3.

RIBBENS, G.F. 1979 — Patterns of behaviour. London, Edward Arnold.

RIEMER, S. 1952 — The modern city. New York, Prentice-Hall.

RIVLIN, A.M. 1977 — The planning, programming, and budgeting system in the Department of Health, Edu= cation and Welfare : some lessons from experience. (In Gilbert, N. en Specht, H. eds. Planning for social welfare : issues, models and tasks. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.)

ROBERTS, H. 1979 — Community development. Toronto, University of Toronto Press.

ROSS, M.G. 1976 — Community organization. New York, Harper and Row.

ROTHMAN, J., EHRLICH, J.L. en TERESA, J.G. 1979 — Fostering participation. (In Cox, F.M. Ehrlich, J.L., Rothman, J. en Tropman, J.E. eds. Strategies of community organization. Itasca, F.E. Peacock.)

RUBINGTON, E. en WEINBERG, M.S. 1977 — The study of social problems. New York, Oxford University Press.

SANDERS, I.T. 1970 — The concept of community development. (In Cary, L.J. ed. Community development as a process. Columbia, University of Missouri Press.)

SCHERER, J. 1972 — Contemporary community : sociological illusion or reality? London, Tavistock.

SCHOEMAN, J.H. 1979 — Die taak van gemeenskapswerk in 'n swart=stedelike gebied. Pretoria, ongepubli=seerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

SCHOEMAN, J.H. 1980 — 'n Gemeenskapsontwikkelingsmodel. (In Hugo, E.A.K., Schoeman, J.H. en Engel=brecht, J.F.P. Gemeenskapswerk. Preto=ria, Heer Drukkers.)

SCHOEMAN, J.H. 1981 — Gemeenskapsontwikkeling as metode om lewenskwaliteit te bevorder. Onge=publiseerde referaat gelewer tydens die Seminaar oor Gemeenskapsontwikke=ling op 11 November 1981 te Pretoria, Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene.

SEELEY, J.R. 1970 — The slum : its nature, use and users. (In Gutman, R. en Popenoe, D. eds. Neigh=bourhood, city, and metropolis. New York, Random House.)

SIMMEL, G. 1964 — The metropolis and mental life. (In Hatt, P.K. en Reiss, A.J. eds. Cities and society. New York, The Free Press of Glencoe.)

SOCIAL WELFARE SERVICES. 1981 — Brief report on social welfare in Taiwan. Taipei, Ministry of the Interior, Re=public of China.

SPEED, P.F. 1980 — Social problems of the industrial revolution. Oxford, Wheaton.

SUTTLES, G.D. 1970 — The social order of the slum. Chicago, University of Chicago Press.

SUTTLES, G.D. 1972 — The social construction of communities. Chicago, The University of Chicago Press.

SWART, C.F. en LAMONT, A.M. 1972 — Die stad : sosiologie en beplanning. Johannesburg, McGraw-Hill.

TAK : MAATSKAPLIKE BEPLANNING 1982 — Ongepubliseerde dokument insake verste=deliking. Pretoria, Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

THABE, G.A.L. 1978 — The implementation of urban development programmes. Referaat gelewer tydens die Simposium : "Op pad na lewenskragtige gemeenskappe". Pretoria, Nasionale Bounavorsingsinstituut van die WNNR, 14-16 November 1978.

TÖNNIES, F. 1976 — The contrast between Gemeinschaft and Gesellschaft. (<u>In</u> Worsley, P. ed. Modern sociology. Harmondsworth, Penguin.)

VAN DEN BERG, J.H. 1963 — Leven in meervoud. Nijkerk, G.F. Callen=bach.

WARREN, R.L. 1970 — The context of community development. (<u>In</u> Cary , L.J. ed. The community de=velopment process. Columbia, Univer=sity of Missouri Press.)

WARREN, R.L. 1978 — The community in America. Chicago, Rand McNally.

WASHINGTON, R. 1977 — Alternative frameworks for program eva= luation. (In Cox, F.M., Ehrlich, J.L. Rothman, J. en Tropman, J.E. eds. Tac= tics and techniques of community prac= tice. Itasca, F.E. Peacock.)

WIRTH, L. 1976 — Towards a definition of the local community. (In Worsley, P. ed. Modern sociology. Harmondsworth, Penguin.)

WIRTH, L. 1964 — Urbanism as a way of life. (In Hatt, P.K. en Reiss, A.J. eds. Cities and society. New York, The Free Press of Glencoe.)

WORSLEY, P. ed. 1978 — Introducing sociology. Harmondsworth. Penguin.

YOUNG, P.V. 1966 — Scientific social surveys and research. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.

## BIBLIOGRAFIE : BYLAE

BAI, H. 1976. — Community development in rural areas of the Republic of China. Taipei, National Institute for Research and Training in Community Development.

COERTZE. R.D. 1982 — Teorie en praktyk van gemeenskapsont= wikkeling in die R.S.A. (In Prinsloo, K.P. red. Enkele aspekte van gemeen= skapsontwikkeling in Suid-Afrika. Pre= toria, Academica.)

DU PREEZ, P.H. 1981 — Inleiding tot die teorie van gemeenskaps=ontwikkeling. Pretoria, Buro vir Eko=nomiese Navorsing : Samewerking en Ont=wikkeling.

LI, T.J. 1979 — A study of resident participation in community development programs in Taiwan. Taipei, The International Commercial Bank of China.

SOCIAL WELFARE SERVICES. 1981 — Brief report on social welfare in Taiwan. Taipei, Ministry of the Interior, Repu=blic of China.

THIS MONTH IN TAIWAN 1981 — Taipei, China Commercial Service System and the Taiwan Visitors Association.